’n PRAKTIES-TEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE KONFLIK IN DIE TRANSFORMASIEPROSES IN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE GEMEENTE OP-DIE-BERG

deur

Willem H. B. Muller

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleiers: Prof. H. Jurgens Hendriks

Dr J. Frederick Marais

Maart 2013

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursreg-eienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Gevorderde Grade

Datum: 1 Desember 2012"

Kopiereg © 2013 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die doel van die studie is om helderheid te verkry oor die konflik wat in die gemeente rondom die persoon van die leraar ontstaan het. Wat het daartoe aanleiding gegee en hoe is dit ontlont? As die faktore wat daartoe aanleiding gegee het, beter verstaan kan word, kan dit ook in die toekoms beter hanteer word. Die volgende navorsingsvraag is geformuleer: Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasieproses in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg en hoe is dit ontsluit? Lidmate se kerkbegrip en die rolverwagting van die leraar speel ŉ wesentlike rol in ŉ veranderende konteks waarin die gemeente strewe om sy missie nie net te ontdek nie maar ook uit te leef.

Dit is ŉ prakties teologiese studie aan die hand van Richard Osmer (2008) se model waarin vier vrae gevra word. Osmer het vier vrae ontwikkel wat ons interpretasie en reaksie op die situasie begelei. Die vier vrae is: Wat is aan die gebeur? Hoekom gebeur dit? Wat behoort te gebeur? Hoe behoort ons daarop te reageer? Om hierdie vier vrae te beantwoord, is die basis van prakties teologiese interpretasie. Die take wat voortvloei uit die vrae kan as volg beskryf word. Die deskriptief-empiriese taak: Hierdie taak behels die insameling van inligting sodat patrone en dinamika in gegewe situasies en kontekste geëvalueer kan word. Die interpretasie-taak: Die taak behels om deur middel van wetenskaplike metodes en teorieë beter te verstaan en te kan verduidelik waarom die spesifieke patrone en dinamika na vore kom. Die normatiewe taak is om met die hulp van teologiese konsepte die praktiese situasie te interpreteer. Etiese norme word daar gestel om die respons te begelei. Die pragmatiese taak ontwikkel strategieë wat die situasie positief sal beïnvloed en om oop reflekterende gesprek moontlik te maak. Die dinamiese interaksie en invloed van bogenoemde take op mekaar, (vergelyk dit met die werking van ŉ spiraal in teestelling met die van ŉ sirkel), onderskei praktiese teologie van ander wetenskaplike navorsing. Veral die normatiewe en pragmatiese take is tot die wese van praktiese teologie. Die vier vrae en take word in hoofstuk twee tot ses bespreek.

Die hermeneutiese lens van die navorsing, is die vraag na die *missio Dei* en die rol wat ŉ Trinitariese Godsbegrip in ŉ transformasieproses speel. Die studie wil lidmate help om die vraag te beantwoord: Hoe behoort ons te reageer op die situasie? Lidmate kry nie net in die studie ŉ verstaan van die vrae van Osmer nie, maar veral hoe om geloofonderskeidend in ŉ klein gemeente te lewe.

Die studie beskryf die paradigmaskuif waardeur die gemeente van Op-die-Berg die afgelope twintig jaar beweeg het. Die invloed of houvas van die Christendom paradigma asook die uitwerking van die besigheidsmodel waarbinne meeste lidmate opereer, is uitgedaag deur ŉ nuwe verstaan van die *missio Dei* en die Triniteit. Die studie beskyf die proses en stryd wat ŉ klein plattelandse gemeente deurloop het tydens die skuif in identiteit en kultuur. Die invloed van die konteks word ook deeglik bespreek. Mens kan ook sê dat die postmoderne samelewing implikasies het vir patriargale sisteme.

Die studie toon aan hoe sodanige verskuiwings baie van die predikant vra en dat dit net kan gebeur as die geestelike leiers van die gemeente leer om geloofonderskeidend te leef, veral deur die beoefening van geloofsgewoontes. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskap en die onderlinge verhoudinge (koinonia) is die hele tyd op die spel. Die verandering wat gebeur het, is nie deur ’n geïmplementeerde program bewerk nie, maar is op ’n geloofsonderskeidende reis ontdek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

The purpose of the study is to gain clarity on the conflict that occurs around the minister in the congregation. The following questions will be asked: Why did the conflict occur, what caused it and how was this conflict handled? If there was a better understanding of the cause of the conflict, it can be better managed in the future. The following research question is formulated: What were the biggest hurdles in the missional transformation process in the Dutch Reformed Congregation Op-die-Berg en how was this unlocked? The notion of members of what the essence of the essence and being of the church is and what they expect of the minister play a very important part in the changing context in which the congregation try to discover her missional vocation and actually live missionally.

For the purpose of the study the work was done within the field of practical theology on the basis of Richard Osmer's (2008) model of practical theology. He explored four questions that guided our interpretation and our response to the situation. The four questions are: What is going on? Why is this going on? What ought to be going on? How might we respond? Answering these questions is the four tasks of practical theological interpretation. These tasks are: The descriptive-empirical task; gathering information that help us discern patterns and dynamics in particular situations and contexts. The interpretive task; drawing on theories of the arts and sciences to have a better understanding of and explain why these patterns and dynamics are occurring. The normative task; using theological concepts to interpret particular situations and constructing ethical norms to guide our responses. The pragmatic task: determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation. Together, these four tasks constitute the basic structure of practical theological interpretation. A metaphor to describe this process will be that of a spiral and not a circle. Chapters two to six is a discussion of these questions en tasks.

The hermeneutical lens of the research is the question of the *missio Dei* and the role of the Trinitarian God in the transformation process. The research want to help members to answer the question: How might we respond? Thus, they will be able to understand the four questions of Osmer, but will also be able to live with spiritual discernment.

The study describes a paradigm shift which the congregation experienced during the past twenty years. The influence of the Christendom paradigm as well as the influence of the business model of running an organization, in which most of the members operate, is challenged by the theology that developed from the *missio Dei* and the Trinity concepts. The study described the process in a rural community which changed its identity and culture. The influence of the ever-changing context was discussed. Postmodern society challenged the influence of patriarchy. The community and its relationships form the backdrop in the research.

This study shows that transformation can't happen if the minister is not willing to be transformed. The practice of faith-forming habits played an important role. Leadership had to lead through spiritual discernment. The changes that happened doesn't happen because of a program, but is discovered on a journey of spiritual discernment.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BEDANKINGS

Aan die einde van die studie kyk jy terug en word jy bewus van die geweldige impak wat die studie op jou eie denkraamwerk uitgeoefen het. Die persoonlike groei wat plaasgevind het. Die groei wat ek tydens die studie ervaar het, kan seker nie in geld waarde bereken word nie. Veeleerder het dit Koninkryk waarde. Om hierdie punt te kon bereik, was inderdaad nie alleen moontlik nie, daarom my opregte dank aan:

- My vrou, Antoinette vir haar getroue ondersteuning, hulp en aanmoediging. So ook my drie kinders: Boshoff, Annine en Rulandi.
- Aan die gemeente Op-die-Berg vir hulle positiewe gesindheid om aan my die geleentheid te bied vir die studie. My opregte dank aan die kerkraad wat dit vir my finansieel moontlik gemaak het.
- Die dosente wat my met groot entoesiasme begelei het tydens die studie. In die besonder vir Prof. Hendriks vir sy besondere leiding wat hy gegee het, vir al sy harde werk, insette en geduld.

Aan my Hemelse Vader wat opnuut Sy hand op my gelê het. My opregte dank.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING ii

SUMMARY iv

BEDANKINGS v

HOOFSTUK 1 INLEIDING 1

1.1 PROBLEEMSTELLING 1

1.2 DIE DOEL VAN DIE STUDIE EN HIPOTESE 3

1.3 METODOLOGIE 3

1.4 POPULASIE. 5

1.5 PERSOONLIKE TRANSFORMASIE 5

1.6 TERMINOLOGIE 8

1.7 ETIESE OORWEGINGS 9

1.8 DIE STRUKTUUR VAN DIE STUDIE 10

HOOFSTUK 2 DIE GEMEENTE SE IDENTITEIT EN KULTUUR 11

2.1 INLEIDING 11

2.2 DIE TEORIE VAN IDENTITEITSANALISE 11

2.3 VERHAAL VAN DIE GEMEENTE 13

2.3.1 INLEIDING 13

2.3.2 DIE EERSTE 25 JAAR (1961 tot 1986) 13

2.3.3 KULTUUR EN IDENTITEIT OOR DIE EERSTE 25 JAAR. 17

2.3.4 DIE VOLGENDE 20 JAAR (1990- 2010) 23

2.4 SAMEVATTEND: GEMEENTEKULTUUR EN IDENTITEIT 54

HOOFSTUK 3 ETNOGRAFIESE NAVORSING 60

3.1 INLEIDING 60

3.2 METODOLOGIE 60

3.3 TERUGVOER EN BESPREKING 63

3.3.1 Vraag 1 63

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.2 Vraag 2 66
3.3.3 Vraag 3 67
3.3.4 Vraag 4 69
3.3.5 Vraag 5 70
3.3.6 Vraag 6 72
3.3.7 Vraag 7 74
3.3.8 Vraag 8 75
3.4 SAMEVATTING 76
HOOFSTUK 4 SPELER IN DIE GLOBALE WÊRELD 79
4.1 INLEIDING 79
4.2 TERMINOLOGIE 79
4.3 DIE MAKROVLAK 80
4.3.1 GLOBALISERING 81
4.3.2 ŉ KULTUUR VAN VIRTUELE WERKLIKHEID 83
4.3.3 TRANSFORMASIE VAN RUIMTE EN TYD 86
4.3.4 DIE VORMING VAN IDENTITEIT 88
4.3.5 IDENTITEITSVORMING IN DIE KOUE BOKKEVELD 94
4.4 MESOVLAK 96
4.4.1 INLEIDENDE BESKRYWING 96
4.4.2 SAMESTELLING VAN DIE WERKERSKORPS 97
4.4.3 SAMESTELLING VAN GEMEENTE 98
4.4.4 GEMEENTE ANTWOORD OP UITDAGINGS 99
4.4.5 BYBELSKOOL 99
4.4.6 AMOSBEDIENING 99
4.4.7 AKSIE BRAAMBOS: ALKOHOLPROJEK 100
4.5 SAMEVATTING VAN MESOVLAK ANALISE 100
4.6 GEVOLGTREKKING: MAKROVLAK EN MESOVLAK HEKKIES 101

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5 DIE IDENTITEIT VAN DIE KERK 102

5.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK 102

5.2 GEMEENTELIKE DEELNAME AAN DIE TRINITEIT 102

5.3 HOE WORD ONS IN GEMEENSKAP MET DIE TRINITEIT GEBRING? 104

5.4 DIE IMPLIKASIE VIR ONS AMPSBESKOUING 106

5.5 OPSOMMENDE OPMERKING 107

6.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK 108

6.2 WAT IS GELOOFSONDERSKEIDING 109

6.3 DIE PROBLEEM VAN ’Ń GELOOFSGEMEENSKAP 109

6.4 HOE LEEF ONS SAAM AS GELOOFSGEMEENSKAP 112

6.5 DIE BEOEFENING VAN DIE GELOOFSGEWOONTES 115

6.6 OPSOMMENDE OPMERKINGS 117

HOOFSTUK 7 SAMEVATTING EN AANBEVELINGS 118

BIBLIOGRAFIE 121

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1 INLEIDING

1.1 PROBLEEMSTELLING

Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg is in die Koue Bokkeveld geleë. Dit is een van die vrugbaarste landboustreke in die land waar die mense, veral grondeienaars, finansieel baie welvarend is. Die streek is bekend vir sy vrugte. Vir die landbou om in ŉ wêreld van globalisasie en kompetiese te oorleef, het verandering deel van die landbou-kultuur geword.

Die navorser is die afgelope 22 jaar in die gemeente werksaam en het ŉ leraar opgevolg wat 20 jaar in die gemeente was. Dit was dus maklik om in 1990, toe die navorser in die gemeente bevestig is, met die Kerkraad te praat oor verandering. Onder leiding van BUVTON (Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing) aan die Universiteit van Stellenbosch, is daar twee-en-twintig jaar gelede begin met ŉ Strategies-Teologiese Beplanningsproses. Die doel van die proses was om meer mense betrokke te kry by die gemeente. Die proses kon met reg as oop, deelnemend en deursigtig beskryf word. Die huidige Missie van die gemeente is destyds as deel van die proses geformuleer:

> Met ons oog gevestig op ons onveranderlike Leidsman, aanvaar ons die verantwoordelikheid om Jesus te laat leef in die harte van alle mense (Gemeente-Missie Mei 1993).

ŉ Nuwe organigram vir die gemeente is saamgestel. Die destydse kommissies het aangesluit by die Missie en belydenis punte. Die lidmate is uit genooi om spontaan met hulle gawes betrokke te raak by die gemeente aksies. Aanvanklik was die resultate goed. ŉ Aantal lidmate het hulle aangemeld.

Die gemeente het oor jare bekend gestaan as een wat haar “vrugte oor die draad dra” (wat finansiële ondersteuning aan instansies buite die gemeente verleen). Om die Missie finansieel uit te leef, was nie ŉ probleem nie. Tydens die strategiese proses se implementeringsfase is ŉ mate van weerstand, selfs konflik ervaar toe gemeentelede oor grense moes beweeg en gekonfronteer is met situasies wat buite hul gemaksones was, waar hulle nie “in beheer” verkeer het nie. Die entoesiasme het getaan en die uitleef van die implikasies van die Missie is al hoe meer na die leraar verplaas. Die weerstand is geprojekteer teen die destydse fasiliteerder, en die Kerkraad wou ŉ ander fasiliteerder aanstel.

Die destydse proses is in die afgelope tyd herhaal toe in 2007 begin is met ŉ proses bekend as Aksie Braambos onder leiding van Communitas: Netwerk vir Gemeentebegeleiding (www.communitas.co.za) van die Ned Geref Kerk (Wes-en-Suid-Kaapland). Dié transformasie-proses is ook met groot ywer begin. Vernuwing in die erediens het spontaan hieruit ontwikkel. Sommige lidmate het geestelik gegroei en eienaarskap aanvaar vir die gemeente se Missie.

Tydens Pinkster 2009 het die navorser die Agt Patrone met die gemeente behandel, soos beskryf in *Treasure in Clay Jars* (Barrett et al 2004). In 1998 het *The Gospel*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

and our culture network[1] begin om modelle van missionale kerke te ondersoek. Hulle het Agt patrone ontdek. Dit is egter nie ŉ resep vir hoe om ŉ suksesvolle kerk te wees nie. Die doel van die Agt patrone is om te onderskei watter van die patrone aanwesig is in die gemeente, en hoe dit verder uitgebou kan word. Ons moet altyd onthou dat gemeentes erdekruike is en dat nie een ŉ perfekte voorbeeld van ŉ missionale kerk is nie, maar elkeen dra in sy getuienis ŉ skat wat wys na God se krag en na God se doel met die lewe (Barrett 2004: xii) Die Agt patrone word kortliks genoem:

Pattern 1. Missional Vocation

Pattern 2. Biblical Formation and Discipleship

Pattern 3. Taking Risks as a Contrast Community

Pattern 4. Practices that Demonstrate God's Intent for the World

Pattern 5. Worship as Public Witness

Pattern 6. Dependence on the Holy Spirit

Pattern 7. Pointing Towards. the Reign of God

Pattern 8. Missional Authority (Barrett et al. 2004: xii-xiv)

Hoewel daar volgehoue geestelike groei by sommige lidmate was, het ander lidmate toenemend weerstand teen die proses ontwikkel. In die beskrywende studie sal die spanning in meer detail uitgespel word, maar waarop dit neergekom het, was ŉ ongemak en onvermoë om oor kultuur-of gewoontegrense te beweeg en ŉ weerstand teen situasies waar jy nie volle beheer het nie en jy eintlik weerloos of blootgestel is in die teenwoordigheid van "die ander." Die ander verwys na lidmate wat geestelike groei beleef het, asook ander mense in die gemeenskap.

Die vorige patroon van weerstand het weer herhaal: wanneer lidmate hulself moes verbind aan die koninkryk en spreekwoordelik, soos die 72 van Lukas 10 moes uitbeweeg "sonder ŉ beurs of ŉ reissak" en hulle afhanklik stel van ander se gasvryheid, ontstaan weerstand en konflik. Die weerstand word o.a. op die leraar (die navorser) geprojekteer. Die volgende gerugte word dan in die gemeente versprei. Hierdie gerugte is bevestig tydens fokus gesprekke wat die Dagbestuur en navorser met lidmate gevoer het.

- die leraar is nie sigbaar genoeg tussen sy eie gemeentelede nie;
- die eredienste is nie wat dit moet wees nie;
- die gemeente val uitmekaar.

---

[1] Die *Gospel and Our Culture* beweging het in in Noord Amerika ontstaan en het later uitgebrei na die ander kontinente. Dit werk met die teologiese en filosofiese interaksie tussen die evangelie, die kerk en kultuur. Hier is perspektiewe oopgemaak deur die werke van o.a. Hunsberger (1996), Guder (1998), Bosch (1991) en Newbigin (1982)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie keer word daar deur ŉ paar van die grondeienaars so ver gegaan dat ŉ aksie geloods word, om aan die navorser ŉ pakket te bied, sonder die medewete van die Kerkraad. Dit word natuurlik rugbaar en lei tot baie spanning in die gemeente. Deur volgehoue fasilitering is die spanning egter positief ontlont en het die betrokkenes hulle verbind aan die proses in die gemeente.

In die lig van hierdie verhaal wil die navorser die volgende vra:

Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasieproses in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg en hoe is dit ontsluit?

1.2 DIE DOEL VAN DIE STUDIE EN HIPOTESE

Dit is vir die navorser duidelik dat daar hekkies in die missionale transformasieproses van die gemeente was. Dit is ook duidelik dat groot uitdagings aan die leierskap gestel was en dat dit nog steeds bestaan. Wat behels dit?

Die studie sal verduidelik wat met "transformasie" en "Gestuurde gemeente" verstaan word. Dit kom egter daarop neer dat die gemeente uitgedaag word om nie institusioneel en selfgerig te bly fokus nie, maar om as gemeente ŉ onderskeidingsproses te inisieer wat vra na God se wil (*missio Dei*)[2] vir die gemeente in die gemeenskap. Dit impliseer ŉ kultuurskuif in die gemeente wat individue en die gemeente in situasies van weerloosheid laat, in ongewone situasies, in situasies waar mag anders hanteer word, of anders manifesteer as in die daaglikse sekulêre lewe.

Dié navorsing wil vir lidmate vra hoe hulle dit beleef, en wil luister hoe hulle dit formuleer. Vanuit bogenoemde probleemstelling word die volgende **hipotese** gestel:

Groter begrip en insig ten opsigte van die uitdagings wat missionale transformasie stel, het tot gevolg dat die weerstand en konflik beter bestuur kan word.

1.3 METODOLOGIE

Dit is ŉ prakties-teologiese studie wat werk met Osmer (2008: 4) se vier take van Praktiese Teologiese Interpretasie. Dit sluit die volgende vier take in: Deskriptief-empiriese taak (Wat is aan die gebeur?). Interpretasie taak (Hoekom gebeur dit?). Normatiewe taak. (Wat behoort te gebeur?). Pragmatiese taak. (Hoe behoort ons daarop te reageer). Hierdie vier take sê Osmer konstitueer die basiese struktuur van prakties teologiese interpretasie. Die vier vrae kan ons interpretasie en reaksie op die situasie begelei.

Hy sê dit is nuttig om hierdie vier take te sien as: "It is helpful to conceptualize these four tasks with the image of a hermeneutical circle, which portrays interpretation as composed of distinct but interrelated moments" (Osmer 2008: 10). Osmer sê dat die vier take mekaar onderling deurdring. Om die rede sien Osmer praktiese teologiese interpretasie as ŉ spiraal eerder as ŉ sirkel. Die ondersoek gaan voordurend terug

---

[2] *Missio Dei : In die vorige eeue is sending verstaan in soterologiese terme, om siele te red uit veroordeling. Dit is ook verstaan in kulturele terme, om die voordele en voorregte van die Westerse beskawing te neem na die mense in die Ooste en Suide. Tydens die Brandenburg Sendingkonferensie in 1932 het Karl Barth een van die eerste teoloë geword wat sending beskryf het as ŉ aktiwiteit van God self (Bosch 1991 : 389)*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na take wat alreeds ondersoek is. Dit waarom Osmer sê " Practical theological interpretation often circles back like a spiral as insights emerge" (Osmer 2008:11). Die interaksie en wedersydse invloed van al vier take onderskei praktiese teologie van ander dissiplines.

'n Sterk missionaal gefokusde hermeneutiese lens word in die studie gebruik soos Bosch (1991) en Guder (2000) dit verwoord. In die hart van die studie vind ons die gemeente se onderskeidingsproses (interpretasie taak) waar tydens daar na die implikasies van die *missio Dei* gesoek word. Die uitdaging wat die navorser egter met die studie vir homself stel, is wat Osmer (2008: 4) die pragmatiese taak noem: die verstaan van die diepste skuiwe wat in gemeentelede se hart en kultuur moet plaasvind. Leierskap moet die hekkies ken en verstaan.

Die navorsing is dus grotendeels 'n beskrywende studie aan die hand van die vier take van Osmer, om die gemeente in haar eie konteks, asook haar reaksie op die veranderde konteks te verstaan. Die vier vrae sal gebruik word om die gemeente op verskillende vlakke te beskryf en hoe dit mekaar wedersyds beïnvloed het. In die proses sal gebruik gemaak word van 'n kontekstuele analise en die gemeente se huidige profiel, die gemeente se verhaal (identiteitsanalise), asook die kultuur van die gemeente.

In die beskrywing van die gemeente sal die navorser gebruik maak van literatuur-studies, primêre dokumente en sy eie waarneming. Dit sal getrianguleer word met onderhoude wat gebaseer is op etnografiese navorsing.

Die etnografiese navorsing waarvan gebruik gemaak word is gegrond op die ongepubliseerde artikel van Marais en Taylor-Ellison (2007). In die navorsing gaan die volgende agt sake ondersoek word:

1. 'n Beskrywing van die gemeente.
2. Die manier waarop gemeentelede leer wat dit beteken om volgelinge van Christus te wees.
3. Die manier waarop God se teenwoordigheid in die gemeente ervaar word en hoe Hy in die gemeente aan die werk is.
4. Die manier waarop betekenisvolle aanbidding van God ervaar word binne die gemeente.
5. Die vlakke van konflik in die gemeente en hoe dit hanteer word.
6. Die oorsake van sowel angstigheid as hoop oor die toekoms van die gemeente.
7. Vertel hoe jy en ander voel oor die veranderinge wat in die afgelope drie tot vyf jaar in die gemeente plaasgevind het.
8. Hoe voel jy en ander oor die verandering wat in die afgelope drie tot vyf jaar in die samelewing rondom jou plaasgevind het?

Die versamelde data sal die gemeente help om die volgende beter te verstaan:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. Wat haar gestuurde roeping behels
2. Wat die hekkies(uitdagings) in die proses is
3. Hoe die hekkies ontsluit is.

1.4 POPULASIE.

Die populasie van die studie bestaan uit alle gemeentelede van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg.

1.5 PERSOONLIKE TRANSFORMASIE

Wanneer ek as navorser oor my eie persoonlike transformasie praat is dit met groot dankbaarheid teenoor my Hemelse Vader wat my geroep het as matriekseun. Hy was oor jare getrou om nie net my roeping telkens te bevestig nie, maar ook te verdiep deur die werking van die Gees. Ek maak eers drie algemene opmerkings, wat my gehelp het om koers te hou in die konfliksituasie en dan deel ek my persoonlike transformasie wat deur verskillende fases gegaan het.

Dit was vir my uitputtend om ʼn profetiese afstand te handhaaf teenoor die gemeente maar ook om sover moontlik objektiwiteit te handhaaf, ten einde die teenswoordige realiteit te verstaan in die lig van die kerk se missionale roeping. My dank aan my kollegas by Communitas, enkele lidmate in die gemeente en in die besonder, my vrou en kinders, wat my gehelp het om perspektief te behou.

Die deelnemende aksie navorsing het my in staat gestel om nie mense en probleme op ʼn afstand te hou nie. Dit het my bemagtig om mense uit te nooi om deel te neem aan die proses en om ʼn bydrae te lewer vir die oplossings van die probleme. Die teologiese antropologie wat dit ondersteun is dat mense geskape is na die beeld van God. Hul opinies moet eerbiedig word. Dit was nie altyd maklik nie. Ek het deur alles myself herinner dat God deur Sy Gees in mense woon en dat Hy hulle kan verander. Om ʼn gestuurde kultuur in die gemeente te vestig, is in die eerste plek om as leraar die uitdaging te aanvaar om dit eers self te modelleer en om nie terug te val in die ou patroon van doen nie. Dit is inderdaad ʼn uitdaging.

Vervolgens deel ek my eie reis. Die Here het my in 1976 as ʼn matriekseun geroep om predikant te word. Ek was op daardie stadium reeds ingeskryf vir B.Sc. Plantnavorsing. Ek het my roeping baie intens beleef. Ek is deur al die jare gedring deur ʼn diepe besef dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk moet vernuwe, min wetende wat dit beteken. Hierdie besef het deur die jare net dieper gegroei. Dit was nie altyd moontlik om dit duidelik onder woorde te bring nie maar ek is gedring om my roeping uit te leef. Ek het myself voortdurend probeer bekwaam vir die bediening. Na kweekskool het ek gevolglik die M.Th. Kliniese Pastorale program voltooi wat my goed afgerond het vir die bediening.

My studiejare was ʼn tyd van geweldige politieke spanning en alhoewel daar druk van die Kweekskool dosente was dat ons as studente ons vir al die kerke: Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa beroepbaar moet stel, het ek my geroepe gevoel vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ek is in Desember 1984 in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Aggeneys bevestig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit was die tyd van die Gemeentebou-programme. Ek het die programme met groot ywer in die gemeente aangepak maar gou agtergekom dat energie oor die algemeen ontbreek. Die positiewe gevolge wat ek van die program beleef het was dat enkele lidmate in wyksgroepe geestelik gegroei het. Die volgende fase in die kerk was dié van Strategies Beplanning in die Gemeentes, wat sterk gebruik gemaak het van die bestuursmodelle van die 1980's en 1990's.

Ek is in 1990 bevestig in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg. Weereens na die aanvanklike suksesvolle toepassing van die modelle was die aanvoeling dat die energie versand. Algaande het ek besef dat ons van ŉ sekere voorveronderstelling uitgaan wat nie bestaan nie. In my nadenke hieroor het dit al duideliker geblyk dat dit die einde van ŉ fase was, wat ek sal beskryf as: energie verlies.

Dit het oorgegaan in ŉ volgende fase: Die soeke na identiteit. Wat is ŉ Gereformeerde identiteit? Die worsteling met die vraag het mettertyd groter helderheid gebring, maar die aanvoeling (onderskeiding) het diep in my bly groei dat ek nog opsoek is. Ek het bly worstel met die vrae: Wat is daar wat ek nie raaksien nie? Waarna soek ek? Die versoeking om ŉ charismatiese oplossing aan te bied was ook daar. Hierdie oplossing was ook in van die gemeentelede se denke teenwoordig. Dit was egter nie vir my ŉ oplossing nie, aangesien ek intuïtief aangevoel het dat hier ander dinge in die gemeente teenwoordig was, wat ek nie altyd duidelik kon beskryf nie.

Die volgende fase sal ek beskryf as: blootstelling. Al gaande het ek deur blootstelling op verskeie vlakke besef: niks kan verander as ek, as leier, nie verander nie. Waar het dit begin? Dit het ŉ lang aanloop gehad. Al die kursusse wat ek bevoorreg was om by te woon asook die voorreg wat ek het om deel van die Communitas span te wees wat gemeentes begelei op ŉ Geloofsonderskeidende Reis, het my baie gehelp. Dit was egter hierdie studie wat my gehelp om taal te gee aan wat besig is om met my te gebeur. Waar het dit begin? My Godsbegrip het verander. Nie net my "verstaan" van die Triniteit nie, maar die "leef " binne die Triniteit. Ek kan met reg sê, dat die Triniteit [3] (Barry 2004: 44) my lewe verander het. My verhouding met die Drie-enige God het verdiep. As die Vader my dan so lief het dat ek in genooi word in die Triniteit, kan ek nie anders as om die liefde wat ek persoonlik ervaar het aan ander te moduleer nie. Toe ek hierdie liefde opnuut beleef het, het daar nuwe perspektiewe vir my na vore gekom. Verhoudings was, en is nog altyd, problematies in die gemeente. Vir my as geestelike leier was dit belangrik om nie ongeduldig te wees nie, om nie vooroordele te hê teenoor mense nie, om nie mense te etiketteer nie. Ek het opnuut besef dat ek as leraar kan nie aan dié versoeking toegee veral as jy so lank in ŉ gemeente is nie. Dit was juis my uitdaging om na my Sabbatsjaar terug te kom en vir die gemeente te sê dat ek hulle opreg lief het.

Die voorafgaande het tot gevolg gehad dat my kerkbegrip verander het. Ek het nie net ontdek dat God reeds aan die werk is nie, maar Sy kerk is in diens van die *missio Dei*. Hy wil sy kerk deel maak van Sy *missio Dei*. Ons as lidmate is deel van hierdie roeping. Die taal wat ek begin praat het was die van: Ek moet onderskei wat God besig was om te doen in my persoonlike lewe.? Waar is God in die gemeente

[3] Die saak word duidelik in hoofstuk 5 bespreek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die werk? Waar is God in die gemeenskap aan die werk? Die gemeente moet begelei word om te onderskei waar God besig opnuut by Hom aan te sluit. Dit was persoonlik ŉ verligting om opnuut te besef die gemeente behoort aan die Here en dat Hy deur Sy Gees daar werk. Hy gee die energie. Ek moet net gehoorsaam wees om by Hom aan te sluit. Wat ŉ verligting!

Behalwe die *missio Dei* het dit ook vir my duidelik geword dat daar gelykwaardige verhoudings in die Triniteit is - as Vader, Seun en Gees - en dat hierdie aspek nie in ons ampsbeskouing reflekteer nie [4] (Volf 1998: 217). Dit het my opnuut sensitief gemaak om nie toe te gee aan die versoekinge van sommige lidmate om die leraar uit te sonder en te beskou as die enigste gesalfde van die Here nie. Sommige lidmate sal vir die leraar bid, net om eintlik te sê dat hy die een is wat die werk moet doen en ons sal kyk hoe hy sy werk doen. Dit het my opnuut onder die indruk gebring dat ons almal voor die Here gelyk is, ongeag die "dikte" van ons tjekboek en dat ek almal so moet hanteer. Dit is wat ek deur die jare probeer doen het.

Ek is dankbaar vir die teologiese opleiding wat ek ontvang het asook die kursusse wat ek oor jare kon bywoon. Daar was egter ook leemtes. Die beoefening van geloofsdissiplines was vir my ŉ verdere skuif, nie net in my denke nie, maar ook in die beoefening van my geloof. Geloofsdissiplines beteken niks op sigself nie. Die dissiplines is daar om in die ruimte te kom waar die Gees ons kan verander. Dit is slegs deur die Gees dat ons in ritme kan kom met die Vader, Seun en Gees. Dit was nie deel van enige opleiding wat ek ontvang het nie en was vir my ŉ verrassende skuif in my eie denke.

My styl het ook verander. Ek het myself nooit as ŉ tradisionele predikant gesien nie. Diep in my was daar ŉ opstand teenoor ŉ tradisionele siening van die predikant. Ek wou net eg mens wees, ŉ persoon wat deur God geroep is. Ek het algaande besef dat ek ŉ goeie bestuurder is. Ek kan mense en sake goed organiseer en bestuur. My rol het egter algaande verander van ŉ bestuurder na ŉ leier. Terugskouend besef ek dat ek die konflik in die gemeente veroorsaak het aangesien die patriarge hulleself onbewustelik beskou het as die leiers (geestelike leiers) terwyl die leraar die bestuurder moet wees, die betaalde amptenaar (besturende direkteur) wat die werk moet doen. Ek het egter begin besef dat God my roep om ŉ missionale leier te wees; om die lidmate te begelei op ŉ geloofsonderskeidende reis. Hy roep my om ŉ voorbeeld te wees van iemand wat mag afgee en om te bly wag op wat Hy deur Sy Gees aan ons wil openbaar. Die beheer behoort aan God en op ŉ manier moet dit tot sy reg kom.

Ek het al hoe meer op God begin fokus deur die Godsvrae te vra. Ek het begin leef met die drie Gods-vrae: Waar sien ek is God aan die werk in my eie lewe? Waar sien ek is God aan die werk in die gemeente? Waar is God aan die werk in die gemeenskap? Ek het hierdie vrae oral in die gemeente begin vra en het ook ŉ tydgleuf in die erediens begin om aan gemeentelede die geleentheid te bied om hul Godstories te vertel. Tesame met die vernuwing in die sangbediening het die eredienste langer as ŉ uur geduur.

---

[4] Die saak word in hoofstuk 5 bespreek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gedurende Pinkster 2009 het ek met die gemeente gedeel dat die Pinkster anders gaan wees en dat hulle my anders gaan hoor. My missionale identiteit was in ŉ groot mate gevorm. Die Pinkster is aan die hand van die Agt Patrone aangebied. Met die Pinkster fees het ek aangetoon, dat die Gestuurde kerk die Christendom paradigma uitdaag. Dit het taal begin gee aan wat in die gemeente gebeur het.

Konflik het begin opbou, veral die teenstand van die patriarge.[5] Ek is voordurend met die volgende vraag gekonfronteer: Aan wie is ek gehoorsaam? Aan die patriarge wat my verdag gemaak het, of aan God? Ek het besef ek gaan nie terug nie na die ou bedeling nie, onder geen omstandighede kan ek dit doen nie!. Die Dagbestuur het tydens sy dinkskrum van 2010 bevestig dat ek in die opsig ŉ profeet was. Wat ek gedurig besef het, is hoe waar dit is wat A.B. Robinson (2008:17) sê: "It's Not About You." Ek het besef hier is groter skuiwe aan die gebeur. Die vraag is: Hoe gaan ek dit hanteer? Dit het natuurlik ŉ baie ontstellende effek op sy gesin gehad, veral die teleurstelling in die ouer mense voor wie my kinders grootgeword het. Hulle het gevra: Maak grootmense dan so met mekaar?

Deur die genade kon ek my ontworstel van ŉ Christendom leraar na ŉ missionale leier, maar nie sonder pyn en konflik nie. Terugskouend gesien: God is getrou. Hy gee ons krag, Hy dra en vorm mens in so ŉ tyd. Ek voel dat ek nou gereed is om my eintlike roeping met nuwe energie uit te leef.

1.6 TERMINOLOGIE

Die volgende verduidelikings word gegee.

- **Hekkies:** Die metafoor van ŉ hek verwys na die struikelblokke en weerstande wat die gemeente in ŉ bepaalde paradigma (kamp) vasgehou het waaruit hulle nie kon of wou uitbreek nie.

- **Missio Dei:** Die "missie" is nie in die eerste instansie die kerk se roeping of taak nie, maar ŉ eienskap van God. God is die sturende God (Keifert 2007: 150). Bosch sê (2007:390): "Mission was understood as being derived from the very nature of God. It was thus put in the context of the doctrine of the Trinity, not of ecclesiology or soteriology."

- **"Missionaal." (Gestuurde Teologie)** Die Vader het Jesus gestuur en hulle het die Gees gestuur. God se karakter is om te stuur. Wat is die gelowige se reaksie hierop en hoe word die gemeentelike lewe hiervolgens ingerig? Om gestuur te wees beteken dat alle programme, funksies en aktiwiteite ontwerp word rondom God se sending van verlossing, herstel en versoening. Dit fokus op die wêreld.

  Andrew Walls (soos aangehaal in Guder) sê dat missiologie vanaf twee oorvleuelende perspektiewe beskryf kan word as die "systematic consideration of the nature of Christian mission" and as "the whole range of

[5] "Patriarchalism is a founding structure of all contemporary societies. It is characterized by the institutionally enforced authority of males over females and their children in the family unit. For this authority to be exercised, Patriarchalism must permeate the entire organization of society, from production and consumption to politics, law, and culture" (Castells 2004:192).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

studies appropriate to the understanding of mission, its context and practical application" (Guder 2000:22).

- **Christendom:**

Robinson maak ŉ belangrike onderskeid in die hele gesprek, wanneer hy sê:

> It is important to remind ourselves that Christianity existed before Christendom: that is, Christianity was not always linked to the governing powers, to those who reigned, or to the establishment (Robinson 2008:19).

Nadat die Christelike geloof aan die begin van die vierde eeu gewettig is deur Konstantyn het die geloof deel geword van die samelewing. Die bekende Romeinse gebiede (Europa) is ingedeel in geografiese gebiede. Elke gebied het oor ŉ gemeente, ŉ kerkgebou en oor ŉ priester beskik. Die priesters het omgesien na die geestelike behoeftes van die lede. Die lede se verantwoordelikheid was om die plaaslike kerk en priester te ondersteun, asook die hiërargie van die kerk, wat weer verbind was met die hiërargie van die staat. Sending is gesien as die stuur van priesters en soldate buite die grense van die staat sodat hulle nuwe gebiede en mense kan verower vir Christus en die koning.

> Deur hierdie gebeure het die Christelike godsdiens van ŉ gemarginaliseerde minderheidsposisie van onderdrukking en vervolging beweeg na ŉ sentrale meerderheid met ŉ posisie van mag en rykdom. So het die kerk een van die "magte" van die kerk geword (Niemandt 2007:13)

Daar bestaan ŉ algemene persepsie sê Robinson (2008:21) dat die kerk in die Westerse samelewing die koninkryk van God verteenwoordig en dat Christus dit bedoel het om so te wees. So gesien konstitueer ons tradisie en institute die normatiewe Christendom.

1.7 ETIESE OORWEGINGS

Alle navorsing wat aan die Universiteit van Stellenbosch gedoen word, word aan etiese vereistes onderwerp, soos toegepas deur die toepaslike komitees op hoër onderrig vlak. Die studie is egter die beskrywend van aard. Die navorser beskryf hoofsaaklik wat gebeur het voordat hy vir sy navorsing daaroor besin het. Die volgende vorm nogtans deel van die navorser se ondersoek:

- Konfidensialiteit: Die navorser het onderneem om hoogs vertroulik met alle data om te gaan.
- Vrywillige deelname en die reg tot onttrekking: Deelname van alle partye was te alle tye vrywillig van aard wees.
- Ingeligte toestemming: Die Kerkraad het toestemming tot die navorsing verleen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Geen te nakoming: Die deelnemende partye is onder geen omstandighede te nagekom word nie. Konfidensialiteit is te alle tye gehandhaaf.
- Bekendstelling van resultate: Die voltooide studie sal in die gemeente en vir gemeentes beskikbaar gestel word.

1.8 DIE STRUKTUUR VAN DIE STUDIE

Hoofstuk 1. Inleiding: Navorsingsontwerp

Hoofstuk 2. Die gemeente-identiteit en kultuur

Hoofstuk 3. Etnografiese navorsing

Hoofstuk 4. Op-die-Berg as speler in die globale wêreld.

Hoofstuk 5. Identiteit van die kerk.

Hoofstuk 6. Die pad vorentoe.

Hoofstuk 7. Samevatting en aanbevelings

Bibliografie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2 DIE GEMEENTE SE IDENTITEIT EN KULTUUR

2.1 INLEIDING

Die navorsingvraag is: Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasieproses in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg, en hoe is dit ontsluit? Die hekkies word hier as ŉ metafoor gebruik vir sake wat die transformasie geblokkeer het. Die vraag wat in dié hoofstuk beantwoord word, is: "Hoe is die hekkies ontsluit ten einde die transformasie te laat ontwikkel?" Die navorser sal poog om die hekkies duidelik te beskryf.

Die klem word dus in hierdie hoofstuk geplaas op wat in die gemeente gebeur het in terme van Osmer: Wat is aan die gebeur? Inligting word ingewin wat ons in staat stel om sekere patrone en dinamika in die gemeente te verstaan. Dit is die deskriptief-empiriese taak. Dit sal gedoen word aan die hand van die beskrywing van die gemeente se identiteit en kultuur. ŉ Identiteitsanalise is die mees persoonlike deel daarvan: jy ondersoek jou eie persoonlikheid as gemeente noukeurig asook jou eie gemeentelike kultuur. Dit gee aanleiding tot ŉ onderskeidingsproses om seker te maak of die gemeente aan haar bestaansdoel beantwoord.

2.2 DIE TEORIE VAN IDENTITEITSANALISE

Ek gaan beide die woorde kultuur en identiteit gebruik aangesien dit die gemeente op aanvullende maniere beskryf. Eerstens word aandag gegee aan die verstaan van kultuur en tweedens aan die verstaan van identiteit en hoe hulle mekaar aanvul. Daarna sal die gemeente se kultuur en identiteit beskryf word aan die hand van haar historiese ontwikkeling.

James Hopewell (1987:5) begin sy boek met die volgende stelling: "A group of people cannot regularly gather for what they feel to be a religious purpose without developing a complex network of signals and symbols and conventions – in short, a subculture – that gains its own logic and then functions in a way peculiar to that group." Robinson (2003:12) beskryf die kultuur van die gemeente soos volg: "... to mean the thick network of symbols, language, and behaviours that characterize and define a human community." Nancy Ammerman *et al.* (1998:78) sê van gemeentes die volgende: "They have distinct identities that can be seen in what they make and do together". Sy gaan voort deur te sê:

> Unlike our usual notions about identity, a culture is neither who we always will be nor who we ought to be. It is who we are and all the ways in which we reinforce and recreate who we are. It includes its symbols, rituals, and worldview. It shapes by the cultures in which its members live, but it takes on its own unique identity and character when those members come together (Ammerman *et al 1998:78)*.

Die verhoudings wat tussen gemeentelede en die drie-enige God bestaan vorm die groep op ŉ spesifieke manier. Hulle ontwikkel gevolglik ŉ subkultuur binne die wyer kultuur waarbinne hulle leef. Kultuur beskryf dus die wêreld, die waardes en die manier van doen wat ons vir onsself geskep het. Kultuur wat ontwikkel sal algaande

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ʼn spesifieke beeld van God vertoon en die Koninkryk uitbeeld wat God beoog het. Dit moet in gedagte gehou word dat die sekulêre kultuur nie God erken nie en ook nie die waardes van die Koninkryk nie.

Die vraag wat tweedens beantwoord word, is: Wat word bedoel met gemeente-identiteit? Coenie Burger wil dit ten nouste in verband bring met die vraag: Wie is ons? Hy sê in sy boek die volgende:

> Dit gaan hier oor die vraag na ons diepste wese en wortels, oor die vraag wie of wat ons werklik is. Dit is die vraag na die grond van ons bestaan, na ons diepste lojaliteite en ons diepste verbintenisse. Ons sou in Bybelse taal kon sê dat dit gaan oor die vraag na ons hart (Burger 1999:53).

Dit is nie ʼn nuwe vraag in die kerk nie, sê Burger. Hy sê, hoewel die term "identiteit" nie altyd gebruik is nie, was daar deur die eeue ʼn besef dat die vraag na die hart van die kerk ʼn belangrike saak is. Wanneer dogmatiekboeke hieroor handel, praat hulle oor "die wese van die kerk" of "die oorsprong van die kerk."

Burger gaan voort deur te sê dat dit gaan oor die vraag na die *mees deurslaggewende verhouding* in die lewe van die gemeente. Die vraag is dan: Watter een van die verhoudings is die wesentlike een waaruit die kerk leef en wat haar besluite en optrede bepaal? As ons dit so formuleer in terme van verhoudings, kan ons ook die vraag: Wie is ons? effens anders stel. Ons sou ook kon vra: Wie s'n is ons? of: Aan wie behoort ons hart? Dit is daarom nie belangrik wat die gemeente in die eerste plek doen nie, maar hoe die gemeente is. Hoe sy haar persoonlikheid leef. Identiteit is van belang, sê Burger, omdat die *geloofwaardigheid van die kerk* ten nouste daarmee saamhang (Burger 1999: 53).

As ons fokus op die oorsprong van gebeure, op mense en gemeenskap en wat in hulle lewens gebeur, hoe hulle dink, hulle lewens-en wêreldbeskouing, dan verwys ons na identiteit. Die verdere vraag is hoe kan ons identiteit omskryf. Burger sê die tese van sy boek is dat identiteit nie in die eerste plek lê in die geskiedenis van ʼn gemeente, in sy konfessionele band, in sy naam of in sy geboue nie, maar in die gemeente se verhouding met die lewende God.

> As gemeentes ontvang ons identiteit van die lewende God. In onsself weet ons, is ons niks; ons ontvang ons naam van die Here wat sy magtige teenwoordigheid in ons midde wil laat leef, of soos ons as Nuwe-Testamentiese gemeentes die boodskap gehoor het: dat die opgestane Christus by ons sal wees tot aan die einde van die tyd (Matt 28:20) en deur sy Gees ons wil help en bystaan in alles wat ons doen. Ons identiteit kry uiteindelik sy beslag deur die manier waarop ons as gemeente hierdie beloftes van God ernstig neem (of nie ernstig neem nie), daarop vertrou (of nie vertrou nie), en ons persoonlike en geestelike lewe daar rondom inrig (of kies om dit nie so in te rig nie) (Burger 1999:72).

Om die gemeente-identiteit verder te verstaan, is daar nog drie faktore wat ʼn sterk vormende invloed op die identiteit van die gemeente het. Burger (1999: 71) verwys na Hopewell (1987) se boek, *Congregations: Their stories and structures,* wat aan die navorser beter perspektief gegee het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die ontstaansgeskiedenis van ŉ gemeente.
- Die pioniersleiers wat ŉ sentrale rol gespeel het by die stigting van die gemeente.
- Belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van die gemeente.

Wat is dan die verband tussen identiteit en kultuur? Dit is eintlik twee kante van dieselfde munt. "... "culture" describes the world, values and ways of doing things we created for ourselves" (Hendriks 2004:105). Kultuur is dus die gesigspunt van wat gedoen word en gebeur. Identiteit is iets wat op ŉ manier uitstraal deur alles wat die gemeente doen, sê en is. Ons sou ook kon sê, "... "identity" describes the personality" (Hendriks 2004:105).

Gevolglik sal die gemeente se kultuur en identiteit beskryf word aan die hand van haar historiese ontwikkeling.

2.3 VERHAAL VAN DIE GEMEENTE

2.3.1 INLEIDING

Die navorsingvraag is: Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasieproses in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg, en hoe is dit ontsluit? Die verhaal van die gemeente word nou vertel. Die hekkies sal geïdentifiseer word soos hulle uit die verhaal na vore kom.

Die gemeente het op 25 November 1961 van Ceres Moedergemeente afgestig. Drie leraars was sedert afstigting werksaam in die gemeente waarvan die navorser die derde een is. Die gemeente verhaal word in twee tydperke verdeel. Die eerste 25 jaar (1961-1986) en die tyd daarna (1990-2010). Na elke tydperk word ŉ samevattende beskrywing van die identiteit en-kultuur gegee.

Vir die eerste 25 jaar maak die navorser gebruik van twee uitgawes: *Op-die-Berg N.G. Gemeente 10 jaar oud (*skrywer onbekend 1971) en *Op-die-Berg Kwarteeu-Fees* (Van der Merwe 1986). Die tydsindelings van die feesbundels word gebruik.

2.3.2 DIE EERSTE 25 JAAR (1961 tot 1986)

2.3.2.1 DIE JARE VOOR AFSTIGTING

Die behoefte aan ŉ selfstandige gemeente in die Koue Bokkeveld het reeds in 1954 ontstaan toe welmenende lidmate van Ceres Moedergemeente, woonagtig in die Koue Bokkeveld, op 18 Mei van daardie jaar byeengekom het om die moontlikheid van afstigting te ondersoek. By dié geleentheid word die komitee versoek om "handelend op te tree" met betrekking tot afstigting.

Hierdie komitee soek toe, onder andere, na ŉ geskikte terrein vir die aanlê van ŉ "Gemeenskapsentrum" iewers tussen Fonteintjie en Rocklands. Later word daar begin met die hou van "gemeenskaps-vergaderings" om die gevoel van lidmate te toets. Deurentyd word gepoog om die verskille van die verlede te vergeet en saam te bou aan ŉ eie huis, met "harmonie" die wagwoord.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Daar word vasgestel dat 81,5% van die lidmate in die Koue Bokkeveld ten gunste van afstigting is.
>
> Daar word aandag gegee aan ʼn paar moontlikhede, maar aan die einde van 1961 word besluit om die gemeente Op-die-Berg te stig (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees 1968).[6]
>
> Sommige Koue Bokkeveldse lidmate, wat beswaar gehad het oor die lewensvatbaarheid van ʼn eie gemeente, het vir ʼn herstemming gevra. Op 28 Julie 1961 is deur ʼn spesiale Kerkraadsvergadering besluit dat lidmate hulle keuse op 31 Julie en 3 Augustus by die kerkkantoor kon wysig onder toesig van ouderling I.W. van der Merwe en die skriba. Die gewysigde versoekskrif het nog steeds oorwegend vir afstigting gevra (Van der Merwe 2011:21-22).

Tydens die eerste Kerkraadsvergadering word soos volg berig:

> Na die opening het Tippie du Toit ʼn spreekbeurt gevra en ʼn beroep op die Kerkraad gedoen om enige verskille opsy te skuif en heelhartig saam te werk om van die onderneming ʼn sukses te maak (Van der Merwe 2011:25–26).

2.3.2.2 DIE EERSTE JARE

> Ds. J.A. Hurter van Tulbagh het op 11 Junie 1962 die beroep hierheen aanvaar, ʼn grootse mylpaal ... Die gemeente sing “Prys die Heer” uit volle bors in die motorhuis op De Keur. Oom Leipoldt van Zyl stel ʼn woonhuis beskikbaar op Disselfontein as pastorie vir die eerste leraar sodat ook hierdie hekkie nie toebly nie. Mev.Chellé van der Merwe se koor sing “Ryp is die lande” toe die Hurters ontvang word op 22 Julie 1962 (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1986).

2.3.2.3 BOU VAN KERK- EN DORP

> Daar word ʼn stuk grond van oom Pagel du Toit aangekoop en die dorp Op-die-Berg word opgemeet en in erwe verdeel. Die bou van ʼn kerk is een van die dringendste behoeftes op hierdie stadium en mnr. A.P.S. Conradie word aangestel as argitek. Hy moet ʼn kerkgebou ontwerp met ʼn “moderne styl,” maar met behoud van wesentlike dinge wat die kerkgebou waarlik kerk maak.
>
> Op 3 September 1962 lei ds. Hurter die Kerkraadsvergadering waar die bouprogram bespreek word. Die gemeente staan op “die drumpel van groot ontwikkeling en ondernemings.” Ds. Hurter lees uit Nehemia 2:18: “Ons, Sy diensknegte sal klaarmaak en bou, en Hy sal ons hande sterk maak vir die goeie werk.” Die Kerkraad besluit staande om oor te gaan tot die bou van ʼn kerk en pastorie, waarna die voorsitter ʼn gebed doen ... Voorwaar ʼn stap in die geloof in die algoeie God wat sal voorsien Op-die-Berg.
>
> Mnr. Jan Brand word aangestel as bouer met mnr. Chris Swanepoel as die orreladviseur en mnr. Williams as dresseerder van klippe uit die Heiveld.

---

[6] Alle aanhalings wat volg word direk uit die bundels oorgeneem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Die nuwe kerkgebou word op 31 Julie 1966 ingewy. Dr. J.D. Vorster lewer die wydingsrede. Prof. E. H. Holzapfel stel nuwe lidmate voor, en dr. Kalie Heese hou ʼn jeugdiens, met ds. Gerjo van der Merwe as die prediker by die dankseggingsdiens (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1968).

Wat die bou van die dorp betref, word die volgende vermeld:

> Omdat die plek vir die kerkgebou noodwendig die plek van toekomstige sentralisasie moes wees, was dit die kerkraad se eerste taak om grond vir die doel te soek en aan te koop. Nadat verskeie terreine ondersoek is, koop die kerkraad ʼn stuk grond van Mnr. J.G. Du Toit vir ʼn bedrag van R6000. Mnr. Theron, landmeter van Ceres, kry opdrag om ʼn dorp uit te lê (Op- Die-Berg 10 Jaar Oud).

2.3.2.4 DIE GEMEENTE OP KOERS

> Die Gemeente Op-die-Berg kry nou werklik koers en werk ywerig om die kerkgebou te betaal. Onder die vasberade leiding van ds. en mev. Hurter leef die Bokvelders kerkgebonde en probeer om “soos ʼn stad wat bo-op ʼn berg lê” sy deel te doen (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1968).

Tydens die tender vir die bou van die pastorie het ʼn Rooms-Katolieke persoon vir die bou van die pastorie getender. In die notule word soos volg berig:

> Hierdie Kerkraad van Op-die-Berg, erken en handhaaf die beginsel dat ons kerk Protestants is en sal ons kerklidmate en volksgenote hierin voorkeur gee wanneer volksvreemde elemente kompeterend op die spel is (Van der Merwe 2011:31).
>
> Die jong gemeente, Op-die-Berg, voel egter wees toe ds. en mev. Hurter in Februarie 1970 vertrek na die Paarl. Die Here bewys die volmaaktheid van Sy weg toe ds. en mev. J.J.W. Greeff op 21 Maart 1970 hier ontvang word (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1968).

Met die tienjarige herdenking van die gemeente (1971) skryf die voorsitter van die Moderatuur, Dr. J.S. Gericke, soos volg in die feesblad:

> Die afgelope tien jaar het dramatiese gebeurtenisse mekaar so vinnig op die wêreldtoneel opgevolg dat banier-opskrifte en flitsberigte as ʼt ware aan die orde van die dag was. Selde in die geskiedenis van die wêreld het daar in so ʼn kort tyd soveel gebeur waaroor mense skrywe en praat en treur en twis.
>
> Maar, in hierdie tien jaar het daar ook baie dinge van ontsaglike betekenis gebeur – veel belangriker as maanlandinge, ens. – wat selde of ooit in die nuusberigte van die pers en radio vermeld word. In die kerk van die Here Jesus is, deur die krag van die Evangelie, het mense en lewens verander, wonders van gebedsverhoring het plaasgevind, onsterflike siele is vir Sy Koninkryk ingesamel, nuwe gemeentes is gebore, ens. Wanneer God eendag dade, gebeurtenisse en prestasies op Sy foutlose skaal sal weeg, dan sal die “nie-nuuswaardige” gebeurtenisse in Sy Kerk veel swaarder weeg as die “nuuswaardige” dramas op die wêreldtoneel. So, kan dit dan blyk dat in die Laaste Oordeel die pretensielose arbeid van ʼn klein gemeentetjie Op-die-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Berg meer sal beteken as al die tegnologiese wonders van die afgelope tien jaar (Op-die-Berg: 10 Jaar Oud: 1971).

In dieselfde feesblad skryf die destydse leraar ds. J.W.W. Greeff:

> Nou na tien jaar is hierdie boord, onder die seënende hand van die Here, mooi gevestig en dra dit waardevolle vrugte. Ook in dieselfde feesblad: ʼn Dankbare gemeente kyk terug oor tien jare waardeur die voorsiening van die goeie Gewer soos ʼn goue draad loop. ʼn Gelowige gemeente wil graag vorentoe kyk in die vertroue dat daar altyd "Op-die-Berg van die Here voorsien sal word." (Op-die-Berg: 10 Jaar Oud: 1971)

In die 25-jarige feesblad word die volgende oor ds. Greeff genoem:

> Ds. Greeff leer die lidmate om, terwyl die aktiwiteite binne die gemeente sterk op dreef gehou moet word, meer aandag te gee aan projekte van die Kerk buite ons gemeente se grense. Gedagtig hieraan, ondersteun die gemeente ʼn brilhuisie-fabriek te Dimbaza, asook ʼn kerk in Malawi en dra ruim by vir die Woordverkondiging in die Tygerberg-hospitaal.
>
> ʼn Swart evangelis word aangestel om die groot getalle swart mense met die Evangelie te bedien. Die plaaslike sending word ook nie agterweë gelaat nie en ook hier word gehelp. ʼn Stuk grond word aan die Sendinggemeente beskikbaar gestel vir die bou van hul kerk en pastorie, terwyl hulle ook op dreef gebring en ondersteun word met hul Boufonds.
>
> Die gemeente word ook groter met die aansny van nog ʼn wyk aan die noordekant en die gevolglike vergroting van die Kerkraad. Op-die-Berg is sterk op koers (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1986).

2.3.2.5 MEER BOUWERK

> ʼn Dankbare gemeente neem op 12 Junie 1976 die Saalgebou in gebruik en die Kerkraad vergader met beskeie trots op 17 November 1976 vir die eerste maal in die nuwe komiteekamer (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1968).

2.3.2.6 AKSIES IN DIE GEMEENTE

ʼn Aantal aanhalings word uit die feesbundel gemaak, wat deur die onderskeie kommissie lede geskryf is om daarmee ʼn bepaalde gees en identiteit te probeer aantoon.

Kategese: N.S.L. Steenkamp: Onderhoof van Kategese skryf:

> Ons is oortuig daarvan dat werk van hoogstaande gehalte deur ons Kategese gedoen word. Daarvan getuig die goeie uitslae gedurende Bybelkennis-eksamens. Ons gesamentlike bede vir die hede en die toekoms is dat elke dooplidmaat die geleentheid te baat sal neem om te ontwikkel tot ʼn groot aanwins vir die Koninkryk van Hom wie ons dien (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1968)

***Vroue-aksie*:** Mev. J. Greeff skryf oor die Vroue-aksie:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Ons dank die Here vir toegewyde vroue wat met oorgawe leiding neem en werk in komitees en in wyke (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1968).

Kerk-Jeugaksie: Thinus Van der Merwe skryf soos volg:

> Die KJA in ons gemeente is op 24 Augustus 1976 te Disselfontein gestig met ŉ moontlike ledetal van 33. Die eerste fondsinsameling was die verkoop van kaartjies vir die optrede van die Lugmagkoor, waarmee R192.00 byeengebring is. Getalle het sedertdien nie veel verander nie, vandaar die feit dat gemiddeld 25 lede die huidige maandelikse vergaderings bywoon.
>
> Ten spyte van die lede se druk programme, asook lang afstande wat die verenigingslewe in die algemeen kortwiek, beweeg die KJA steeds van krag tot krag en word gepoog om Jesus as Koning uit te lewe op elke terrein van die lewens van ons jongmense (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1968).

In dieselfde bundel skryf die destydse leraar, ds. J.W.W. Greef:

> Dit was voorwaar ŉ geloofsdaad toe hierdie gemeente 25 jaar gelede afgestig het. Die Here het wonderlik voorsien. Nie alleen het Hy hier in die skilderagtige omgewing met besondere sorg geskape nie, maar Hy het soveel genade gegee dat voorspoed ons deel was en ons Hom alleen daarvoor kan loof, eer en dien (Op- die- Berg 10 Jaar Oud: 1971).
>
> Ons het nie ŉ groot gemeente met opspraakwekkende getalle nie, maar in alle beskeidenheid glo ons dat kwaliteit nie ontbreek nie … Deur ŉ pragtige gees van hartlike samewerking is hier sierlike en doelmatige geboue opgerig. Die kerk, pastorie, kerksaal, en kategese-sentrum het ŉ gesamentlike vervangingswaarde van R1.6 miljoen. Met die daarstelling van doelmatige geboue vir die N.G. Sending Gemeente word finansiële bydraes gelewer.
>
> Die Kerkraad het die infrastruktuur van die dorp as geheel daargestel en onderneem steeds die administrasie.
>
> Die take van die vrugteboord wat 25 jaar gelede onder die leiding van die Heilige Gees hier aangelê is, het, deur Gods voorsiening, so gegroei dat die gemeente die gawes van die Evangelieboodskap nie net vir homself kon hou nie, maar dit ook met ander buite die grense van ons gemeente moes deel. So is daar, benewens verpligte bydraes, elke jaar duisende rande vir spesiale projekte bygedra.
>
> Ons moet getuig dat oorvloedige genade van Bo oor die afgelope kwarteeu ons deel was. As ons vorentoe kyk, bou ons steeds op die belofte van Genesis 22:14: “Op die berg van die Here word voorsien (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1968).

2.3.3 KULTUUR EN IDENTITEIT OOR DIE EERSTE 25 JAAR.

As ons in die lig van bogenoemde sou vra na die identiteit van die gemeente, is dit baie duidelik dat die afstigting van die gemeente in geloof aangepak is. Tydens die vergadering waarop toestemming vir afstigting verkry is by Ceres Moedergemeente, word die volgende gemeld. “Die voorsitter het die betrokke kerkraadslede seën

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toegewens op hierdie geloofsdaad." (Van der Merwe 2011: 22) Die gemeente getuig ook van God se voorsiening. Vandaar ook die aanhaling van Gen. 22: 14, in die gemeente se voorportaal. " Op die berg van die Here word voorsien. " Die volgende is ook gesê "… sommige het gesê dis ʼn gewaagde eksperiment. Goddank, dit was nie die geval nie" (Op- die-Berg Kwarteeu-Fees: 1986). Op-die-Berg is ʼn verhaal van gelowiges wat met afstigting en met die bou van die kerk, hulle totale afhanklikheid van God besef het. Die diepste intensie was, dat God die belangrikste in hulle lewe moes wees en dat hulle op Hom alleen sou vertrou. In terme van Coenie Burger, soos aangetoon in die vorige afdeling, wou die gemeente sê dat hulle aan die Here behoort. Dit is wie hulle ten diepste wou wees.

Ek gaan nou die kultuur omskryf en die hekkies identifiseer soos hulle navore kom. Wonderlike dinge het in die tyd tot stand gekom. Hier het letterlik uit die stof ʼn gemeente en gemeenskap tot stand gekom. "Nou kom die gemeente werklik in rat en mettertyd word in al die behoeftes voorsien" (Op-die-Berg 10 Jaar Oud:1971). Hierdie voorsiening verwys van ʼn tydelike kerkgebou op die plaas De Keur, ʼn tydelike pastorie word voorsien op die plaas Disselfontein. Die eerste leraar word in die gemeente verwelkom. ʼn Preekstoel word aangeskaf. ʼn Klein pyporrel word in gebruik geneem. Daar word ook besluit om ʼn pastorie en kerk te bou. Die gemeente kom op dreef, word gesê. (Op-Die- Berg 10 Jaar Oud 1971) Die energie word op sigbare dinge gebruik, op wat hulle saam bou en doen.

Die kerkgebou en orrel was belangrik. Soos in die verhaal van die gemeente vertel is, moes die kerkgebou waarlik kerk wees. Vir die tyd, was dit ʼn uiters moderne kerkgebou. Die gebou is deur die argitek, A.P.S. Conradie ontwerp met baie simboliek. Dit was so ironies toe ek in 1990 in die gemeente bevestig is het feitlik niemand meer onthou wat die simboliek beteken nie. Geld is nie ontsien om geboue op te rig nie.

> Deur ʼn pragtige gees van hartlike samewerking is hier sierlike en doelmatige geboue opgerig. Die kerk, pastorie, kerksaal en kategese-sentrum het ʼn gesamentlike vervangingswaarde van R 1,6 miljoen (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1968).

Met die goedkeuring van die kerkgebou, word berig dat:

> Die gemeente staan op "die drumpel van groot ontwikkeling en ondernemings" (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees:1986).

Die orrel het ook nie agterweë gebly nie.

> Chris Swanepoel, dosent in orrel en kerkmusiek aan die Konservatorium van die Universiteit van Stellenbosch, is gevra om spesifikasies vir ʼn pyporrel op te stel (Van der Merwe 2011: 31).

Die kerkraad was ook instrumenteel in die totstandkoming van die dorp en die verdere ontwikkeling van die gemeenskap. Die kerkraad het vir ongeveer 30 jaar die administrasie van die dorp gedoen.

> Op 15 Januarie 1955 is by ʼn volgende vergadering ʼn komitee benoem om die moontlikheid van afstigting as ʼn eie gemeente, asook ʼn geskikte terrein vir dorpstigting te ondersoek (Van der Merwe 2011: 21).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Die kerkraad het die infrastruktuur van die dorp as geheel daargestel en onderneem nog steeds die administrasie daarvan (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1986).

> Met die ingebruikneming van die kerkgebou is ʼn belangrike mylpaal bereik, maar dit moet in gedagte gehou word dat die Kerkraad se funksie ook die bestuur van dorpsaangeleenthede ingesluit het (Van der Merwe 2011: 32)

Die kerkraad het dus voor, tydens en na, afstigting ʼn belangrike bydrae gelewer. Die gemeente was die samebindende faktor in die gemeenskap. Die indruk word verkry dat die gemeente en die gemeenskap een is. Hierdie is ʼn voorbeeld van die kerk-staat verhouding op plaaslike vlak. Walls noem die volgende: Waar die Christelike kerk in die destydse Europa tot stand gekom het, is grenslose moeite gedoen om die beginsels van die Christendom in stand te hou. Die moeite is gedoen om die een belangrike beginsel te handhaaf: "... a state ruled according to Christian norms expressed through a single recognized channel" (Walls 2007: 37).

Die feit dat die uitbreiding van die gemeente slegs plaasgevind het, deur nuwe wyke by te voeg, verteenwoordig institusionele denke asook die geografiese verwysingsraamwerk van die Christendom paradigma. Walls beskryf dit deur aan te toon hoe die verspreiding van die evangelie in Noord-Europa plaasgevind het deur slegs die gebied te vergroot. "To be Christian was also to belong to specific territory-.." (Walls 2007: 36).

Die eerste *hekkie* is dus duidelik. Die gemeente is gebore in die *Christendom tyd*.

Die gemeente voel "wees" nadat die eerste leraar vertrek. Die leraar is die herder van sy kudde. Dit word bevestig uit die volgende.

> Die Kerkraad het ʼn voorstel van Tippie du Toit aanvaar dat daar gewag moes word met die besluit oor die bou van ʼn saal of ʼn kerk tot na die koms van ʼn leraar (Van der Merwe 2011: 29).

En ook

> Vervolgens het die vergadering gekonstitueer en is Gert van der Merwe gevra om as skriba/kassier op te tree tot tyd en wyl daar oor die dienste van ʼn voltydse leraar beskik word (Van der Merwe 2011: 26).

Die gemeente het meer as ses beroepe uitgebring voordat die eerste leraar aanvaar het. Dit was tipies van die tyd aangesien daar ʼn tekort aan predikante was. Daar het egter ook ʼn vrees bestaan dat die gemeente nie ʼn leraar sou kry nie. Die leraar speel ʼn belangrike rol in die opbou van die gemeente. Die leraar word in beheer van alles geplaas. Ds. Greeff was die skriba tot vyf jaar voor sy aftrede. Die eerste skriba is in 1987 aangestel. Sy het eers na ds. Greeff in 1990 afgetree het, die pos van kassier ook vervul. Dit is baie duidelik dat die leraar en sy vrou ʼn belangrike rol in die gemeente vervul. Die *hekkie* is dus duidelik: *Die tradisionele rol van die leraar* is belangrik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is ʼn klein gemeentetjie, maar die kwaliteit aan mensemateriaal is uitsonderlik hoog. Met die afstigting word verwys, soos reeds aangetoon in die vorige afdeling, na "welmenende lidmate" Ds. J.J.W. Greeff verwys daarna soos volg:

> Ons het nie ʼn groot gemeente met opspraakwekkende getalle nie, maar in alle beskeidenheid glo ons dat kwaliteit ontbreek nie (Op-die-Berg Kwarteeufees:1986).

Ds. J.A. Hurter (eerste Leraar) skryf soos volg:

> Onwillekeurig is daar ook gedink aan mense wat toe nie meer daar was nie ... mense met ʼn eie stempel en ʼn innerlike sterkte wat ook in hul tyd die gemeente gedien het en hul ideale gekoester het. By die stigting is gewonder ... wat sou hulle sê? (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1986).

Gert Van der Merwe (Van der Merwe 2011:17) noem in sy boek, dat met die totstandkoming van die Sagtevrugteraad in 1939, die koms van elektrisiteit in die sestigerjare asook die koms van grootmaathantering, ʼn stimulus was vir die boerdery. Die modernisering van die Koue Bokkeveld en sy toetrede tot die uitvoermark, het gewys wat die kwaliteit van leierskap was. Die gemeente is geseën met *sterk leierskap.*

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat sterk leierskap geopenbaar word voor en tydens die afstigtings proses, asook vir die ontwikkeling van die gemeenskap. Dit was beslis visionêre leiers. Hulle was rolmodelle vir die volgende geslag, of dit patriargale leierskap was, sal ons moet sien soos die verhaal ontvou.

Die feesbundels meld niks van die families, wat oor geslagte hier woon en dat hier onderlinge sterk familiebande bestaan nie. Dit is ʼn bekende feit dat die oudste familiebesigheid in die land hier in die gemeente is. Die vraag is: Word dit vanselfsprekend aanvaar, of is dit te sensitief om te noem? Wat wel waar is, is dat hier ongelooflike sterk leiers en families is wat oor geslagte kom.

Dit is ʼn gemeente wat *finansieel baie voorspoedig is*.

> Tussen 1963 en 1966 het die bouproses vir groot opgewondenheid gesorg en die gemeente se geesdrif was hoog. Hiervan getuig die rekord dankofferinsameling van R27 550 vir die jaar 1963 (Van der Merwe 2011:31).

Ek haal ook vir Ds. J.W.W. Greeff aan:

> ... maar Hy het soveel genade gegee dat voorspoed ons deel was en ons Hom alleen daarvoor kan loof, eer en dien (Op-die Berg Kwarteeu-Fees:1986).

Wat uniek is aan die gemeente is dat sy oor baie geld beskik het. Daarom is daar begin met ʼn uitwaartse beleid:

> ... dat die gemeente die gawes en die Evangelie-boodskap nie net vir homself kon hou nie, maar dit ook met ander buite die grense van die gemeente moes deel. So is daar benewens verpligte bydraes elke jaar duisende rande vir spesiale projekte bygedra (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees:1986).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die skrywer, Ds. J.W.W. Greeff, verwys na die spesiale projekte van ŉ brilhuisfabriek te Dimbaza, asook ŉ kerk in Malawi en hulle dra ruim by vir die Woordverkondiging in die Tygerberg-hospitaal. Die *hekkie* is duidelik, finansiële voorspoed. Dit het met die gemeente op materiële vlak goed gegaan. Dit is nie ŉ negatiewe eienskap nie, want die gemeente wou help waar daar nood is, maar dit het ŉ hekkie geword omdat die uitwaartse beleid net bestaan het uit die gee van geld. So is byvoorbeeld is ŉ swart evangelis aangestel om die groot getalle swart mense met die Evangelie te bedien. Mense van buite het altyd aan ons, as pastoriepaar (die navorser en sy gade), vertel hoe ŉ wonderlike gemeente dit is. Aan die begin van die navorser se bediening in 1990 was dit opmerklik hoe geldelike bydraes aan instansies uitgedeel is.

Die volgende *hekkie* was die verstaan van haar *uitwaartse beleid.* Die gemeente is na buite gerig deur betrokkenheid by projekte. Fondse word "oor die draad" gedra. Dit is hoe "sendingwerk" verstaan is. Nêrens word gelees van lidmate wat persoonlik betrokke is nie. Die uitwaartse beleid na die Sending Kerk, sluit ook fondse in.

> Getrou aan haar uitwaartse beleid voltooi die gemeente ook in Mei 1977 in samewerking met die Sending-gemeente ŉ pastorie vir ŉ bruin leraar, waarna dieselfde gesamentlike kommissie wat die pastorie beplan en laat oprig het, ook begin met die beplanning van ŉ Kerk-en Saalkompleks vir bruin mense. ŉ Stuk grond word ook tot beskikking van die Administrasie van Kleurlingsake gestel vir die oprigting van ŉ skool vir bruin kinders (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1986).

Goeie verhoudings tussen die rassegroepe het bestaan. Was dit as gevolg van die geld wat plaaslik deur die gemeente, met sy uitwaartse beleid, geskenk is? Geen nadere kontak buiten finansiële hulp het plaasgevind nie. Daar het wel ŉ Skakelkommissie bestaan wat ook weer later ontbind is.

Die *verstaan van lidmaatskap* blyk ŉ volgende *hekkie* wees. Ons lees nêrens van die bemagtiging van lidmate nie. As die gemeente op dreef kom soos reeds gemeld, word net gemeld van die uiterlike sake wat belangrik is. Lidmaatskap is ook gesien in die gee van dankoffer, so getuig die rekord dankoffer wat in 1963 in gebring is.

> Die kerkraad het ook kennis geneem dat daar onder lidmate groot entoesiasme vir die nuwe projek bestaan het en besluit om voorsiening op die dankofferkoeverte te maak vir dankoffers, asook vir bydraes tot ŉ boufonds. Daar is ook met dank kennis geneem dat sommige lidmate reeds bousand na die kerkperseel aangery het (Van der Merwe 2011: 29).

Net drie aksies word genoem waar lidmate betrokke is, naamlik die Kategese, Kerkjeugaksie en Vrouediens. Hierdie aksies is ook hoofsaaklik na binne gerig. Die Vrouediens is voorafgegaan deur die Vroue Sending Bond, wat baie aktief was in die gemeente. Uit hulle notules (April 1972-September 1981) is dit duidelik dat hulle baie aktief was om die gemeente in te lig oor verskillende sending aksies. Die indruk is dat baie gedoen is vir Sending, maar dat lidmate nie self betrokke was nie. Baie sprekers is genooi en fondse is genereer. Die plaaslike Sending Kerk het ook aandag ontvang. Die vroue het tydens hulle maand vergaderings onderwerpe bespreek en vir mekaar en die Sending gebid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Met reg kan gevra word na die resultaat van die bedienings. Dit blyk dat die resultaat van 25 jaar se bediening, die volgende tot gevolg gehad het:

> Die gemeente en samelewing word gekenmerk deur hartlike samewerking, onderlinge begrip en liefde. Daar heers mooi gesindhede tussen die verskillende rassegroepe (Op-die-Berg Kwarteeu-Fees: 1968).

Het die bedieninge op een of ander manier daarin geslaag om die gemeenskap by mekaar te hou? Dit blyk uit die aanhaling dat die bedieninge dalk tog die belange van die gemeenskap bevorder het en die gemeenskap bymekaar gehou het. Uit die geskiedenis met die totstandkoming van die dorp was die kerk ʼn sterk samebindende faktor. Die indruk is dat die Kerk en gemeenskap een is. Dit is nie verkeerd nie, inteendeel, dis self missionaal! Nogtans, die tipiese *Christendom kerk-staat verhouding* word hierdeur versterk.

Met die volgende twee insidente word die volgende *hekkie: Afrikaner Nasionalisme* mooi uitgespel. Tydens die tender vir die pastorie, word die laagste tender nie aanvaar nie, aangesien die bouer ʼn Rooms-Katoliek is. Daar word soos volg besluit:

> Hierdie Kerkraad van Op-die-Berg, erken en handhaaf die beginsel dat ons kerk Protestants is en sal ons kerklidmate en volksgenote hierin voorkeur gee wanneer volksvreemde elemente kompeterend op die spel is (Van der Merwe 2011:31).

Die Sending Pastorie wat in die sogenaamde blanke deel van die dorp gebou is en deur blanke leraars bedien is, het ʼn dilemma geskep vir die gemeente toe ʼn kleurlingleraar ʼn blanke opvolg. Daar word soos volg besluit:

> In 1971 het ds. Day van Niekerk vertrek en is hy deur ds. D. Bantom opgevolg. Aangesien die Groepsgebiedewet toe van krag was, kon ds. Bantom nie die bestaande pastorie op die dorp betrek nie (blanke woongebied) en is ʼn woning op Remhoogte vir sy gebruik beskikbaar gestel. Die sendingpastorie op die dorp is toe verkoop (Van der Merwe 2011:43).

Die hantering van verskille is ʼn ander *hekkie.* Verskille is skynbaar nooit deurgepraat nie. Wanneer daar verskil is, is daar weer gestem of as die leiers gepraat het, moes die ander volg. Ons lees dat sommige lidmate teen afstigting beswaar gemaak het. Oor die gemeente en dorp se naam word die volgende berig: “Reeds met die stigtingsvergadering was daar verskil van opinie oor ʼn naam vir die gemeente. Daar is met ʼn meerderheid van stemme beslis dat die gemeente as Op-die-Berg bekend sou staan” (Van der Merwe 2011:X). Nêrens in die geraadpleegde werke word die verdeeldheid tussen die destydse bestaande wyke Skotland en Friesland genoem nie. Hoekom nie?

Die volgende vrae ontstaan: Hoe is konflik hanteer voor, tydens, en na afstigting? Het die huis van die Here met “harmonie” as wagwoord, gerealiseer? Was harmonie ʼn doel opsigself? Dis sterk mense en elkeen is “baas” op sy plaas en word deur die ekonomiese werklikhede van ʼn globaliserende en uiters kompeterende tydsgees gedwing om ter wille van oorlewing die hele tyd pro-aktief op te tree. As twee plaaseienaars of families dus oor ʼn saak verskil, is daar konflik. Dis dan baie moeilik om die konflik anders te hanteer as wat dit gewoonlik op die plase hanteer word, van bo na onder. Gewoonlik vanuit ʼn posisie van mag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Samevattend kan gesê word dat die gemeente deel was van die Christendom tyd. Dit was, vir daardie tyd, ʼn goed georganiseerde gemeente wat sake in styl gedoen het. Die herder-kuddemodel is vervolmaak en lidmate is bedien. Die vooruitstrewende gemeente het uitgestyg bo ander in die manier hoe dinge gedoen is, veral hoe projekte finansieel ondersteun is.

2.3.4 DIE VOLGENDE 20 JAAR (1990- 2010)

2.3.4.1 Inleiding

Die navorsingvraag is: Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasieproses in die Nederduits Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg en hoe is dit ontsluit? Om dit aan te toon sal die ontwikkeling van die kultuur en identiteit vir die tydperk 1990 tot 2010 beskryf word. Dit sal ter wille van die omvangrykheid, opgebreek word in sekere tydgleuwe. Daar word hoofsaaklik gebruik gemaak van Dagbestuur- en Kerkraadsnotules, asook die navorser se eie notas. Ek sal die hekkies en hekkie-oopmakers aantoon soos hulle na vore kom.

Die navorser is in Januarie 1990 in die gemeente bevestig. Hy het ds. J.J.W. Greeff opgevolg, wat na ʼn bediening van 20 jaar in die gemeente afgetree het.

2.3.4.2 ʼn Nuwe seisoen: Ds. W.H.B. Muller

Die gemeente was gereed vir ʼn nuwe seisoen in haar geskiedenis. Tydens die eerste Kerkraadsvergadering het die navorser genoem dat daar drie verskillende Kerkraadslede is:

1. Diegene wat dinge laat gebeur?
2. Diegene wat kyk hoe dinge gebeur?
3. Diegene wat wonder wat gebeur?

Die uitkoms hiervan was die samestelling van ʼn Doelwitbestuurskommissie. Hulle opdrag was om die saak verder te bespreek en aanbevelings aan die Kerkraad voor te lê. Op Sondag 22 April 1990 word ʼn spesiale vergadering gehou waartydens die Kommissie verslag doen aan die Kerkraad. Die Kommissie motiveer soos volg:

> Nadat die Kommissie indringend besin het oor die prosedure t.o.v. doelwitbestuur en die toepassing daarvan in die Kerk, is bevind dat een aand nie voldoende sal wees nie, en dat ons, as Kerkraad, om werklik doelwitbestuur in die Kerk toe te pas, as ʼn span moet kan saamwerk. Hierdie is vir die Kommissie ʼn belangrike aangeleentheid, daarom beveel die Kommissie met groot vrymoedigheid die volgende aan:
>
> A. Dat die Kerkraad vir twee volle dae sal gaan kamp met die oog op:
>
> 1. Spanbou.
> 2. Doelwitbestuur.
>
> Sake wat, onder andere, aandag sal geniet:
>
> 2.1 Die ideale toestand.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2 Huidige faktore: Positief: Helpende faktore.
Negatief: Beperkende faktore.
Teikengehoor: Wat is die houding van mense?

2.3 Huidige struktuur: evaluering.

2.4 Hoe behoort die nuwe struktuur te lyk?

2.5 Doelstelling/doelwitte.

2.6 Aksieplan.

B. Die Kommissie het dit goed gedink om op Dinsdag 28 Augustus en Woensdag 29 Augustus 1990 na Hawekwa Jeugterrein naby Wellington te gaan.

C. BUVTON word gevra om die geleentheid te lei.

D. Die Kommissie wil dit sterk beklemtoon dat almal so ver moontlik betrokke moet wees by hierdie geleentheid (Notule van Spesiale Kerkraadsvergadering wat gehou is op 22 April 1990 na die Erediens).

In Augustus 1990 vind die Hawekwa beraad plaas. Tydens hierdie beraad is volgens doelwitbestuur na die gemeente gekyk. Die metode was eie aan die kultuur van die gemeentelede en die tyd.[7] Die proses van doelwit-bestuur is gedurende April/Mei 1991 met die nuwe Kerkraad herhaal. Die wisseling van die Kerkraad was ʼn probleem. Dit het die proses in ʼn mate vertraag. Die wins was egter dat die Strategies-Teologiese Beplanningskommissie (STB) dieselfde gebly het.

In 1991/92 is die proses met die gemeente herhaal. ʼn SWOT analise is gedoen. (S=Strength; W=Weakness; O=Opportunities; T=Threats.) In dié tyd fokus die preke op: Wat is God se wil vir die gemeente. Nadat die proses in die wyke herhaal is, is daar tydens ʼn gemeentelike byeenkoms na ʼn erediens geleentheid gegee om al die inligting te prioritiseer. Die volgende was die uitkoms:

Sterk punte

1. Dinamiese mensemateriaal.
2. Gesonde finansiële beleid.
3. Aktiewe gemeente.
4. Erediens ʼn fees.

---

[7] Dit was ʼn tyd in die Suid- Afrikaanse kerk van ʼn nuwe era. Polities, ekonomies, sosiaal-maatskaplik het die landskap baie verander. Dit het ʼn groot impak op die kerk gehad. Michiel Van der Merwe skryf onder die opskrif: ʼn woord ten geleide, in die boek van Burger (1991) dat ʼn groep besorgde predikante ʼn dekade gelede die Dinamiese Gemeentebou-studiegroep begin het. Hulle konsep is later as Bybelkor se gemeenteboureeks uitgegee. In 1992 skryf Hendriks die boek; *Strategiese Beplanning in die Gemeente*. " Dit wil gemeentes help om strategies te kan beplan. Dit wil die norm, teorie en strategie van so ʼn beplanning uiteensit. Dit gaan van die veronderstelling uit dat alle lidmate in ʼn gemeente medewerkers moet wees en in die proses betrek moet word (1 KOR 3)." (Hendriks 1992:8) Die rol Van BUVTON wat die proses verder geneem het, was van onskatbare waarde. Later verskyn die reeks Gemeente en Bediening wat die proses verder help.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5. Positiewe samelewing.
6. Doelgerigte samelewing.
7. Goed geordende wykstelsel.
8. Daad Christene.
9. Doeltreffende kategese-stelsel.
10. Sterk uitwaartse beleid.

Knelpunte

1. Gejaagdheid van lidmate.
2. Onbetrokkenheid van lidmate.
3. Onafhanklikheid van mekaar in gemeente.
4. Die plaas van verantwoordelikhede in prioriteite.
5. Geestelike vervlakking van sommige lidmate.
6. Groepvorming.
7. Funksionering van ampte.
8. Afstande is groot.
9. Min toerustings-geleenthede.
10. Dankoffer van gemeente.

Geleenthede

1. Sending en Evangelisasie.
2. Positiewe verhoudings uitbou.
3. Finansiële bystand.
4. Geleentheid tot samewerking in die opheffingstaak van ons omgewing se mense, tesame met instansies.
5. As rigting gewende gemeenskap het ons die volgende geleenthede.

Bedreiginge

1. Materialisme.
2. Morele verval.
3. Eise van die lewe.
4. Huidige politieke situasie.
5. Snobisme.
6. Probleme in die NG Kerk.
7. Weerstand teen verandering kan die gemeente vertraag in die proses van noodsaaklike vooruitgang/ontwikkeling.
8. Ekonomiese agteruitgang.
9. Geleenthede vir ontspanning is beperk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

10. Ontvolking van die platteland/Koue Bokkeveld.

Tydens die Hawekwa beraad is ook gekyk na die vier kerkmodelle, soos bespreek in Strategies Beplanning in die Gemeente (Hendriks 1992:11-36). Tydens dié geleentheid is besluit op dié liggaamsmodel. Aangesien die STB proses eers met die nuwe Kerkraad behandel moes word en daarna met die gemeente (dit was uiters noodsaaklik dat die gemeente betrek moes word by die hele proses, deelnemendheid was amper ŉ voorvereiste), is daar ook gefokus op die Ontdek jou Gawes kursus en het die preke gevolglik gefokus op elkeen se gawes en die liggaamsmodel. Die Ontdek jou Gawes kursus is in die verskillende wyke aangebied. Die kursus is aangebied in ŉ poging om lidmate aan te spoor tot groter diensbaarheid aan mekaar en die opbou van die gemeente.

Na ŉ baie deelnemende proses is die Missie en Belydenis van die gemeente in gebruik geneem tydens die Dankfees van Sondag 4 Mei 1993. Dit lui soos volg.

Gemeentemissie

Met ons oog gevestig op ons onveranderlike Leidsman, aanvaar ons die verantwoordelikheid om Jesus Christus in die harte van alle mense te laat leef.

Die belydenis

Ons bely ons diepe afhanklikheid van die Drie-enige God.

Ons glo in lidmaatbetrokkenheid volgens die liggaamsmodel.

Ons erken dat God mense gebruik wat tot Sy beskikking is.

Ons beywer ons vir ŉ gesonde gesinslewe.

Ons bevorder aktiewe wyke wat lei tot eenheid in ons gemeente.

Ons aanvaar die beginsel van rentmeesterskap.

Ons voorsien in die materiële nood van mense.

Ons bou goeie menseverhoudinge in ons gemeenskap.

Die herstrukturering van kommissies vind plaas. Die gemeente word gevra om volgens hul gawes betrokke te raak by kommissies. Wat was die positiewe van die nuwe samestelling van die kommissies/diensgroepe?

1. Kommissies doen wat voortgevloei het uit wat nou relevant is vir die gemeente. Aksies het uit die STB proses ontstaan.
2. Elke Kommissie het sy eie doelwit en aksiestappe wat in lyn was met die missie gehad.
3. Elke Kommissie het sy eie begroting, vir voorlegging aan die Kerkraad, opgestel.
4. Lidmate het hulle vrywillig kom aanmeld en name is opgeskryf volgens hul gawes. Kommissielede het ander lidmate gevra om deel te word van die proses.
5. Een beplanning vir die hele gemeente. Alle datums word op die almanak beplan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. Meer vaartbelyn.
7. Een begroting wat by die Kerkraad gedoen word.
8. Verslag word by die Kerkraad gelewer.
9. Die Vrouebediening het deel van die Kerkraad geword. Hul projekte het ŉ groter "gesigswaarde" in die gemeente begin kry. Vroue het al meer begin konsentreer op die behoeftes van die vroue in die gemeente.

Die eerste Kerkraadskamp word te Hermanus aangebied (Augustus 1993).

Gedurende 1994 is die eerste van die belydenispunte geïmplementeer: *Ons beywer vir ŉ gesonde gesinslewe.* Dit is gedoen aan die hand van verskillende kwartaallikse temas. Die prediking en bybelstudie in die wyke het by mekaar aangesluit. In daardie tyd het ons ŉ aktiewe wyksisteem in die gemeente gehad. Die huweliksverryking- en gesinsverrykingskampe neem ook ŉ aanvang. Ons het vir ŉ hele aantal jare huweliksverrykingskampe aangebied. ŉ Reeks van vier kampe is ontwikkel en aangebied. Daar is ook een baie geseënde gesinskamp in dié tyd aangebied**.**

Die dagbestuur hanteer voortaan die dag tot dag sake met verslaggewing aan die Kerkraad. Dagbestuurslede sal nie meer deel wees van wyke nie (Notule van Dagbestuursvergadering 23 Februarie 1994).

Spontane gebedsgroepe. Dit sal plaasvind vanaf 12 Mei plus minus een uur lank Donderdagoggend (Notule van Dagbestuursvergadering 25 April 1994).

ŉ Gesamentlike Dagbestuursvergadering met die Sendingkerk is vir die eerste keer op 3 Mei 1993 gehou.

Pinkster 1994 het gehandel oor die tien belydenispunte.

Die navorser word deur ŉ afvaardiging van die Finansiële Kommissie gespreek, omdat sy vrou nou op twee plekke ŉ salaris verdien en wat volgens hulle nie billik is nie. Die agtergrond is: Die Kerkraad het vir haar ŉ honorarium aangebied vir die vergoeding van ŉ huishulp sodat sy meer aandag kan gee aan gemeentewerk. Die Kommissie het geoordeel dat die honorarium weggeneem moet word aangesien sy nou ŉ ander pos beklee. Dit is dadelik deur die leraarspaar aanvaar, maar die emosie daar agter is nooit deur die Kommissie gehanteer nie. Die saak is koud en klinies hanteer. Dit is deur die navorser en sy eggenote as deel van die Bokkeveld se kultuur aanvaar.

Hierdie was die eerste werklike konfliksituasie waar ons as pastoriepaar iets ervaar het van die gemeenskap se kultuur. Sake is koud en klinies hanteer. Hier is ook ŉ bepaalde ongeskrewe verwagting van die leraar en sy vrou uitgespel, naamlik: "Julle is in ons diens." Dit was vir die leraarspaar ŉ baie slegte ervaring.

Gedurende 1995 is ŉ volgende belydenispunte aangebied, naamlik: *Ons bely ons afhanklikheid van die drie-enige God en Ons aanvaar die beginsel van Rentmeesterskap.* Die tema van die bybelstudies in die wyke was: "God red sondaars". Die prediking het ook hierby aangesluit. Met die aanbied van die Rentmeesterskap word veral klem gelê op die vier G's, te wete Grond, Geld, Gawes en Geleenthede. Dit het ŉ positiewe impak op die gemeente se finansies gehad. Ons het weer die Gawes bespreek en mense aangemoedig om met hul gawes betrokke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te raak. Oor die G van geleenthede het ons stilgestaan by die hantering van tyd (die gemeentelede is baie besig). Die grootste impak was egter op finansiële gebied.

In Augustus 1995 word ŉ aand seminaar vir die kommissie voorsitters aangebied, onder leiding van BUVTON. “Hoe motiveer jy kommissielede?” Die kommissies het nie almal, soos uitgespel, gefunksioneer nie.

BUVTON is ook gevra om die doeltreffendheid van die gemeente te ondersoek. Hulle lewer verslag oor ŉ vraelys wat deur die Kerkraadslede voltooi is. Uit afdeling 2 word aangehaal:

> Afdeling 2: Interpretasie van analise
>
> 1.5 Volgens die opsomming hierbo is visie die faset wat die beste evaluering ontvang het, nl. 94 %.
>
> Daarteenoor is *koinonia* die faset waarin die gemeente, volgens die deelnemers aan die vraelys, die swakste presteer. Hierdie rubriek behoort vanselfsprekend dringende aandag van die Kerkraad te ontvang. Die telling van 57% is byna 37% swakker as die visie, en 17% laer as die gemiddeld vir die vraelys in geheel (Vraelys: Doeltreffendheid van die Gemeente: BUVTON: Augustus/September 1995. By navorser beskikbaar).

ŉ Paar uitstaande gebeure in die tyd: Oom Jan Visser se huis brand af in 1995, die gemeente help.

Die eerste beroep vir die Bybelskool word uitgebring.

> Die dagbestuur spreek sy dank uit teenoor ds. Bennie Fourie wat die beroep as dienswerker onder die Xhosa– en Sothosprekendes aanvaar het binne die gemeentegrense van NG Kerk Op-die-Berg (Notule van Dagbestuursvergadering 28 Augustus 1995).

Hy word op 10 Desember 1995 deur ds. Kobus Koch bevestig.

Lofprysing gee ŉ nuwe tree:

> Ds. Muller bedank mevv. Muller en Van Zyl vir hul bydrae met sang gedurende die Pinkster tyd. Hulle het van ŉ klawerbord en kitaar gebruik gemaak en lede is baie positief hieroor (Agenda van Dagbestuursvergadering 28 Augustus 1995).

ŉ Gesamentlike Kerkraadskonferensie met die plaaslike VGK is in Augustus 1995 gehou. Dr. Coenie Burger was die gesprekleier. Die doel van die konferensie was om terugvoering te gee na ŉ oorsese toer van ŉ groep predikante. ŉ Plaaslike persoon het bygedra tot die koste op voorwaarde dat terugvoering in die gemeente gegee word oor die besoek. Dit is gedoen om die plaaslike eenheidsproses te bevorder.

2.3.4.3 Gemeentekultuur en identiteit 1990-1995

Daar was altyd ŉ intuïtiewe aanvoeling dat iets moet gebeur. Leierskap wou op die voorpunt wees, nie net in die besighede nie, maar ook op kerklike gebied. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meeste boerdery-eenhede is suksesvol volgens die beginsels van die bestuurswêreld bestuur. Feitlik elke plaas het oor ʼn Visie en missie beskik en doelwitbestuur was aan die orde van die dag: ons moet dinge laat gebeur. Dit was dus nie vreemd dat die paradigma van die bestuurswêreld die Kerkraad se funksionering in dié tyd bepaal het nie. Die STB proses en die vraag van die navorser tydens die eerste Kerkraadsvergadering was onbewustelik deel van die heersende kultuur. Alhoewel die bedoeling geestelik van aard was, het die heersende kultuur die proses bepaal. As die kerk reg bestuur word, kan dinge gebeur.

Die paradigma van die bestuurswêreld het ook baie duidelik na vore gekom toe die eerste leraar beroep is om onder die Xhosa- en Sothosprekende mense te werk. Die projek is later die Nyukintaba Bybelskool genoem. Dit was ʼn groot stap vir die gemeente. Die kultuur word in die proses blootgelê deurdat daar saam met die plase wat swartmense in diens het, ʼn vennootskap gevorm word vir die befondsing van die vergoedingspakket van die leraarspos. Die taal wat deur die plase gebruik word, is dié van die bestuurswêreld. Die plase verwag nie net ʼn verslag nie, maar ook watter diens die plase kry in ruil vir die finansiële bydrae. Hoeveel tyd sal hy op ʼn plaas spandeer? Werk die leraar net op plase wat ʼn bydrae maak? Die kerk is daar om diens te lewer. In wie se diens is die leraar? Daar was pogings om die leraar in diens van die plase te kry, alhoewel dit ʼn aksie was wat deur die Belydende Kerk Jeug Aksie begin is. Wie gaan hom bestuur? Wie het mag oor hom? Swart Christene vra: Waar is die plaasbesture? Hoekom woon hulle nie die byeenkomste by nie?

Soos in die SWOT analise aangetoon word, is dit ʼn gemeente met sterk leiers. Hulle hét tydens die STB proses sterk leiding geneem. Die klem is telkens op ʼn oop en deelnemende proses geplaas. Resultate word baie beklemtoon. Wat gaan ons sien? Daar was aanvanklik groot opgewondenheid oor die proses en almal se bedoelinge was goed. Aan die einde van die eerste vyf jaar was daar ʼn verwisseling in leierskap met minder grondeienaars op die Dagbestuur.

Dit was opmerklik dat die eerste vier/vyf jaar van die navorser se verblyf tot by die implementeringsfase van die STB proses baie glad verloop het. Alles het goed gevorder tot op die punt dat die Missie geïmplementeer word. Die strukture van die gemeente is aangepas by die Missie en elke kommissie is volgens doelwitte bestuur. Om die proses nog meer vaartbelyn te maak, het die Dagbestuur die daaglikse sake met verslaggewing aan die Kerkraad hanteer. Die gemeente kan goed bestuur maar dit blyk algaande dat lidmate nie maklik betrokke raak nie. Die bestuur vind weg van die persoon plaas, ander moet die werk doen. Druk word onbewustelik op navorser geplaas. Die eerste spore blyk toe ʼn seminaar aangebied word met die tema: “Hoe motiveer jy kommissielede.” Lidmate verloor motivering. Betrokkenheid by die kerk is net nog ʼn verantwoordelikheid by sy vol program.

Hierdie saak kom ook op ʼn ander manier navore. Die gemeente is positief om hulp te verleen waar behoeftes ontstaan. Lidmate gee graag geld en besittings, maar persoonlike betrokkenheid is nie altyd daar nie. Die Wykskerkraad word gewoonlik beskou as bestuurders. Dis maklik om geld en besittings te gee maar nie jouself nie. Dit wil sê: bestuur deur onbetrokkenheid.

Die lidmaatskapsgetal was die hoogste nog in die geskiedenis van die gemeente. Onbewustelik het die gemeente gegroei van ʼn pastoraal grootte gemeente na ʼn

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

program grootte gemeente.[8] Die navorser het begin fokus op toerusting. Die rol van die leraar het stadig maar seker verander en in botsing begin kom met die tradisionele rol van ŉ leraar.

Dit is duidelik dat die bestuur van die STB proses ons by raakpunte met die kultuur uitgebring het asook met die konflik wat daarmee saamgaan. Konflik het klein begin. Daar was ŉ onrustigheid: Is ons op die regte pad? Is die gewenste resultate gelewer? Die gemeentelede is beïnvloed deur die makro- en meso-konteks waarin die gemeente haar bevind het, naamlik die gejaagdheid van lidmate, die onafhanklikheid van mekaar in die gemeente en die geestelike vervlakking wat plaasgevind het. Materialisme is genoem as die grootste bedreiging vir die gemeente. Die strategiese proses toon duidelik in welke mate die gemeente die makro-skuiwe in die samelewing intuïtief aanvoel (dit word in ŉ latere hoofstuk bespreek).

In die STB proses is die gebrek aan *koinonia* in die gemeente blootgelê wat o.a. verklaar waarom mense die standpunt kon huldig: "besigheid is besigheid!" Dit is ook deur die navorser en sy vrou met haar aanvaarding van werk by die plaaslike laerskool persoonlik ervaar. Ons is koud en klinies hanteer. Dit was inderdaad ŉ skok om die kilheid van die kultuur te ervaar en te verstaan dat daar bepaalde verwagtings rondom die pastoriepaar is en dat ons in die gemeente se diens is om hulle werk te doen.

Daar het egter onbewustelik nuwe inisiatiewe gekom. Gedurende die Pinkster dienste van 1995 is die sangbegeleiding verander, daar is begin om weg te beweeg van tradisionele orrelspel. Dit is positief ervaar. Pinkster was, en is, ŉ belangrike ritueel in die gemeente. ŉ Gebedsbediening het onderleiding van ŉ paar manne tot stand gekom maar is later weet ontbind. Die eerste Kerkraadskamp is in 1993 aangebied. Mense het mekaar op die kamp oor verskillende grense leer ken. Voor die eerste kamp was die kerkraadsvergaderings baie stormagtig totdat die broers mekaar gevind het.

Die nader-beweeg aan die VGK het weer begin plaasvind. In die verlede was daar ŉ samewerkingsooreenkoms. Hierdie verskillende aksies waar die gemeente se gehoorsaamheid begin het, was onbewustelik klein momente in die kultuur. Dit het die hekkies begin ontsluit.

Die hekkies wat na vore gekom het

- ŉ Bestuurskultuur met ŉ sterk organisatoriese raamwerk.
- Dienskultuur ontbreek (gemeentelede was nie persoonlik betrokke nie).
- Leierskap: Die tipiese CEO, van bo na onder struktuur.
- Tradisionele rolverwagting van die leraar en sy vrou.
- Verhoudingsvervlakking.

---

[8] Die Pastor grootte gemeente se erediens bywoning is tussen 50 tot 150. Die leraar is die pastor. "The pastoral size church is a multi-cell organism-a coalition of several overlapping family-friendship networks unified around the person and the role of the pastor" (Mann1998:4). Program grootte gemeentes se erediensbywoning is tussen 150 tot 350. Die leraar doen die toerusting. "At its best, the program size church's excellent processes for democratic participation create a sense of excitement, purpose and possibility" (Mann 1998: 5).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat het na vore getree om die hekkies te ontsluit?

Uit die beskrywings en aanhalings wat hierbo gegee is, is dit duidelik dat die onderskeie hekkies se negatiewe uitwerking op geestelike groei teengewerk is deur die volgende hekkie-oopmakers.

- Liturgiese vernuwing. (Sang)
- Toerusting. (Die eerste kerkraadskamp, gebedsbediening)
- Oorsteek van grense. (Kontak met VGK)

Gedurende 1996 word die twee belydenispunte herhaal met die klem op die Bybel-studie wat aan die hand van *Lectio Divina*[9] gedoen word. Hiermee is wegbeweeg van die tradisionele lees van die Bybel waar net vir eenvoudige kliniese antwoorde op bepaalde vrae gesoek word en die dominee gesien is as die enigste outoriteit om die regte antwoorde te gee. Die navorser wou lidmate toerus om self die Here se stem te begin hoor. ʼn Leiersklas word aangebied vir wyksleiers. Die leiersklasse is bygewoon deur die persone wat die Bybelstudie in hul betrokke wyke sou lei. Almal het getuig van die geestelike opbou wat hulle in leiersklasse ervaar het.

Op ʼn Dagbestuursvergadering van 10 Junie 1996 word besluit om ʼn geleentheid te reël onder leiding van BUVTON om die STB proses te evalueer. “Kry vorige Kerkraadslede om te help dink oor die pad wat geloop is en waarheen of watter rigting nou” (Notule van Dagbestuursvergadering 10 Junie 1996).

ʼn Evaluerings vergadering word gehou op Dinsdag 6 Augustus 1996 en die volgende vrae word bespreek:

1. Wat het ons positief bereik met die proses? Watter winste is behaal?

   (a) Goeie struktuur.

   Wykbybelstudie bevorder *koinonia*.

   Leiersklas.

   Het in diepte gegroei, nie in getalle nie.

   (b) Betrokkenes meer toegerus.

   Kerkraadskamp.

   Gawes van lidmate.

   Binne-/Buitesending.

   (c) Ons is besig met proses.

   Ons kan meet.

   (d) Ons het ʼn skriftelike missie asook belydenispunte.

   (e) Tee drink geleentheid is lekker.

---

[9] *Lectio Divina* is die Goddelike lees van die Bybel. Dit is ʼn voorbeeld van ʼn ongekompliseerde manier om ons gereed te maak om werklik na God se stem te luister, soos dit vanuit die Bybel aan ons gebring word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Waar staan ons nou? Watter doelwitte is nog nie bereik nie? Wat moet nog verder nagestreef word?

(a) Bekommerd, ons het nie gevorder nie, Nie geland op grondvlak nie.

(b) Oorgeorganiseerd.

Te besig met organisasie.

Kerkraadslede weet nie wat aangaan nie.

Swak kommunikasie.

(c) Herder-/kudde-model versus liggaamsmodel.

(d) Verhouding met God.

(e) Rol van kerk in die samelewing.

Verhouding tussen kerk/wêreld.

Regering.

Invloed van die samelewing.

Aborsie.

(f) Onbetrokke lidmate.

(g) Leierskapsprobleem.

Kerkraadslede en kommissielede onbetrokke.

Die suurdeeg werk nie deur nie.

(h) Die swakpunte van 1990 is nog steeds daar.

Areas vir diepte-evaluering:

1. Verhouding met God. Hoe verstaan mense hul verhouding met God?
2. Kommunikasielyne is nie oop nie, dit laat ruimte vir onbetrokkenheid.
3. Meting van onbetrokkenheid.
4. Toerusting van Kerkraadslede vir ampswerk.

Die kursus, “Lewe voor God,” is gedurende September 1996 aangebied. Dié kursus fokus op die lidmate se verhouding met God en die kerkraadskamp word uitgebou om aandag te gee aan die genoemde punte.

Net toe dit blyk dat die gemeente in ’n rigting begin beweeg, begin konflik ontstaan. Gedurende die jaar was daar ’n poging van ’n groepie lidmate, hoofsaaklik matriarge, wat die gemeente in ’n charismatiese rigting wou dwing. Gerugte is in omloop dat die gemeente in twee verdeel is en dat die gemeente besig is om uitmekaar te beweeg. Die taal wat gebruik word, gaan oor “warm” en “lou” Christene. Daar is gepoog om ’n kursus van mnr. Adriaan Kruger in die gemeente aan te bied. Die Kerkraad wou insae in die kursus gehad het, maar die skrywer wou dit nie beskikbaar stel nie. Die Kerkraad tree in gesprek met een van die vrouelidmate wat die kursus ondersteun. Die Kerkraad noem dat hy nie enige entoesiasme wil demp in die Koninkryk van God nie, maar dat die Kerkraad dit graag wil hanteer deur die ampte en volgens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gereformeerde beginsels. Baie gesprekke is in dié tyd met lidmate oor die herdoop gevoer. Dit was ŉ nie-amptelike wegbreek uit die gemeente. Van die lidmate het ander kerke besoek of predikers na hulle plase genooi.

Teen die einde van die jaar ontwikkel daar spanning in die gemeente oor die STB proses en ervaar die navorser druk van die gemeente. Niks word duidelik uitgespel nie. Alles hang in die lug. Juis in dié tyd word versoeke gerig dat die gemeente van fasiliteerder moet verander. Die fasiliteerder word as die sondebok uitgemaak.

Teen hierdie agtergrond maak die navorser sy hart oop in die Kerkraad tydens die Kerkraadsvergadering op 28 Augustus 1996. Hy wys op die volgende sake:

1. Die toerusting van leiers/Kerkraad is belangrik.
2. Die Westerse kapitalistiese denksisteem beïnvloed ons verhoudings. *Koinonia* is baie laag tussen lidmate. Dit bemoeilik ook die verhouding tussen gevestigde en nie-gevestigde belange.
3. Die veranderingsproses in Suid-Afrika het ook die gemeente getref. Wat wel positief in die tyd gebeur het, is dat ŉ konferensie met die plaaslike Verenigende Gereformeerde Kerk In Suid-Afrika plaasgevind het. Projek Amos het begin asook die totstandkoming van die Bybelskool vir Xhosa- en Sothosprekendes.
4. Die groot uitdaging vir die gemeente is om, ten spyte van voorspoed, afhanklik van God te bly. Die kursus, “Lewe voor God”, is met groot seën aangebied en dit het gelei tot die instelling van leiersklasse vir wyk bybelstudies.
5. Na alles wat gedoen is om strukture te verander het mense se gesindhede verander nie. Daar moet ŉ sterk spiritualiteitsbasis wees. Ons het dit in die verlede veronderstel, maar lidmate het dit vergeet.
6. Die bestuurstyl van die Koue Bokkeveld is: Ander moet die werk doen!
7. Wat gaan gedoen word?
    - Bou *koinonia* in bestaande diensgroepe en by wyksgroepe.
    - Die erediens moet verder uitgebou en vernuwe word.
    - Aanbieding van kursusse.
    - Eenheid met die VGK moet uitgebou word.
    - Voortgaande uitbou van huwelik- en gesinskampe.
    - Vernuwing begin by leierskap en ampte.
8. Die Here voorsien sake waaroor ons glad nie gepraat het nie. Verskillende eredienste en Kerkraadskampe word deur die Here geseën.

In die tyd was daar weer ŉ verwisseling van leiers. Nuwe leiers het na vore gekom.

ŉ Kerkraadskonferensie word in Augustus saam met die plaaslike VG Kerk gehou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teen die einde van die jaar doen die Kerkraad ŉ meningspeiling in die gemeente. Van die resultate word uitgelig in ŉ nuusbrief aan die gemeente. Ek noem die volgende.

> Bid asseblief vir die Kerkraad, insluitende die leraar, dat ons die balans moet ken en die wysheid moet ontvang om te kan onderskei tussen die wil van mense en die wil van God vir sy kerk.
>
> Tydens die leraar se besoeke by u aan huis het die behoefte dat die kerk leiding moet gee in die hedendaagse wêreld na vore gekom. Die behoefte bestaan dat gemeentelede mekaar onderling meer moet ondersteun en onderskraag. Om hieraan uiting te gee is ons tema vir volgende jaar: 'Ons streef na goeie menseverhoudinge in ons gemeenskap.' Bid asseblief vir die prediking en wykbybelstudies wat hierby sal aansluit, asook vir projek Amos, ŉ gesamentlike poging van ons 'drie gemeentes' om Christus meer en meer te laat leef onder al ons mense (Notule van Dagbestuursvergadering 20 Januarie 1997: Bylae 3 by navorser beskikbaar).

ŉ Klomp hoogtepunte word ook uit die verslag genoem, onder andere die opelugdienste, bos-kerk, wêreldbiddag vir mans, Pinkster, nagmaal, feesnaweek, uit naweke, kommissies, sangdienste, teedrink-geleenthede, huisbesoeke, kategese en die STB.

Die volgende is aanhalings uit die opname:

1. Die Kerk beteken vir my baie. Ek kan nie sonder die Kerk nie.
2. Bybelstudie en wyksbyeenkomste verryk my geestelik.
3. Die Here gebruik ons gemeente wonderlik om by Sy doelwitte uit te kom.
4. God is getrou – Hy voed ons met ewige brood.
5. Ons loof Hom vir:

   Sy genade en Sy seënende Hand oor ons.

   ŉ Gesindheid van eensgesindheid wat ontwikkel.

   Sy teenwoordigheid in ons lewens elke dag.

   Die werking van Sy Heilige Gees in ons kerk.
6. Nagmaal is ŉ aangrypende geleentheid en ŉ wenner.
7. Van ŉ swart man, in sy taal, by ŉ opelugdiens: "Die hemel gaan oop …. Die Here raak aan my."
8. Ons bid dat die Heilige Gees ons inderdaad in beweging bring.
9. Ons wykslede se gedagtes en dade raak Godgerig ingestel.
10. Kom ons oorkom die "eie ek" … God wil in ons werk.
11. Christus, en Christus alleen, het ons gered. Vir jou en vir jou en vir jou." (Notule van Dagbestuursvergadering 20 Januarie 1997: Bylae 3 by navorser beskikbaar).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ampsdrag word afgeskaf en ŉ bepaalde reëling word in dié verband getref. Kerkraadslede sal voortaan in Mei gekies en in Augustus voorgestel word sodat hulle in hul wyke kan begin werk. Dit is baie beter as Oktober aangesien dit kort daarna skoolvakansie is en baie wykslede met vakansie gaan.

> Amos Projek – broer Danie van der Merwe noem dat ons Amos moet uitbring by ons afhanklikheid van God. Vernuwing binne die NG Kerk kan nie plaasvind as ons arbeidsverhoudinge nie aandag geniet nie. Ons sal Christus werklik moet uitleef teenoor almal. Ons sal werklik eerlik teenoor hierdie saak moet wees ... Die persone wat wel by die Amos seminaar was, sal eerskomende Sondag byeenkom om die pad vorentoe te bespreek (Notule: Dagbestuursvergadering 14 April 1997).

> Die belewing van Pinkster was oorweldigend positief. “Die Here was besig met my” het uit meer as een mond gekom (Notule van Dagbestuursvergadering 22 Mei 1997).

Prof. Dirkie Smit het op 12 Oktober 1997 gepreek oor Gereformeerde identiteit.

> Mnr. Sakkie du Toit voel dat dit noodsaaklik is dat ons langtermynplan op skrif moet sit en dat ons a.g.v. veranderinge en vernuwing ons visie en missie moet evalueer om te bepaal of dit relevant is (Notule van Dagbestuursvergadering 15 Oktober 1997).

ŉ Bestuursprogram vir gemeentes, soos opgestel deur BUVTON, is in die kerkkantoor beskikbaar. Baie word ook in die jaar gepraat oor die dorp en die ontwikkeling van die landbou-dorp deur die Breërivier Distriksraad.

Aan die einde van die jaar was dit of ŉ siklus voltooi is en daar het weer ŉ rustigheid in die gemeente gekom. Tydens die tee drink geleentheid by die Kerssangdiens word die navorser en sy vrou toegesing: “Laat Heer U seën op hul daal.” Dit was ŉ aandoenlike oomblik na ŉ moeilike tyd en is ervaar as ŉ “tweede beroep” na die gemeente, aangesien min komplimente in die gemeente gegee word.

Die dagbestuurslede ontvang ŉ leesrooster.

2.3.4.4 Gemeentekultuur en -identiteit: 1996

Vir die leierskap word dit in die tyd duidelik dat die nuwe gemeentestruktuur nie aan verwagtings voldoen nie. Lidmate verloor hoop en motivering en veral kerkraadslede en kommissielede is onbetrokke. Die aanbeveling is dus: ons moet evalueer. Die leierskap wil graag die vinger op die pols hou. Die gesegde was: “Om te meet is om te weet.” Dit was deel van die kultuur om in beheer te wees. Beheer is soos ŉ fyn draad teenwoordig in die kultuur. Die strukture het wel verander, maar mense se gesindhede het nie verander nie. Ons het gedink struktuur sal mense se lewens verander. Ons is nou oor-georganiseerd. Dit blyk dat met die implementering van die Missie net gekonsentreer is op die vlak van tegniese veranderinge in plaas daarvan om op die vlak van aanpassende verandering te fokus. Strukture het verander, maar mense se gesindhede het nie veel verander nie. Ons het ŉ sterk spiritualiteitsbasis veronderstel, wat skynbaar nie meer bestaan nie. Leiers voel uit beheer. Die “besigheid” loop nie soos beplan nie, verhoudings groei nie en mense is nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemotiveerd nie. Dit is asof die aanvanklike opgewondenheid besig was om te verdwyn.

Dit raak al hoe meer duidelik dat die samelewing die kerk beïnvloed. Die Westerse kapitalistiese denksisteem beïnvloed ons verhoudings. *Koinonia* is baie laag tussen die lidmate. Dit bemoeilik die verhoudings tussen dié met gevestigde belange en dié met nie-gevestigde belange. Die vraag wat aan die orde kom is: Wat is die rol van die kerk in die samelewing? Die transformasie van die nuwe Suid-Afrika het ook sy impak in die gemeente begin toon. Die gemeentelike proses was só na binne gerig dat die sake wat genoem is nie die aandag kry wat dit moes kry nie. Die leierskap wissel ook in hierdie periode.

Dit is daarom nie vreemd dat konflik na vore kom nie. Die destydse fasiliteerder van BUVTON word in die proses tot swartskaap gemaak. Die versoek word gerig dat ons ŉ ander fasiliteerder moet kry. Na gesprekke verbind die leierskap hulle egter opnuut aan BUVTON. Die twee kerkmodelle: herder/kudde teenoor die liggaamsmodel word teenoor mekaar gestel, asook die rol van die leraar. Die leraar moet sigbaar wees tussen die lidmate. Toerusting is nie so ŉ hoë prioriteit nie en die liggaamsmodel waarvoor gekies is, word uitgedaag.

Die konflik eskaleer toe enkele matriarge die gemeente wou begelei met sterk charismatiese insette. Hulle was uit die aard van die saak nie tevrede met die huidige proses in die gemeente nie. Hulle insette was ook nie belyn met die Missie van die gemeente nie. Alhoewel die bedoeling aanvanklik opbouend was het dit later aanleiding gegee tot verdeeldheid in die gemeente en het dit ook gelei tot geestelike hoogmoed by van die lede. Die gesprekke wat plaasgevind het, het geëindig by die herdoop. Dit het baie aandag en tyd in beslag geneem, maar die gesprekke het aanleiding gegee tot indringende gesprekke oor wat Gereformeerde identiteit en die gemeente identiteit is.

Oor baie sake is daar onduidelikheid. Sake word nie tydens vergaderings bespreek nie. Alles word in die wandelgange van die gemeente gekoukus. Ons is nie tevrede met hierdie proses nie. Konflik begin verder uitbrei. Almal praat onderling en die navorser plaas onderwerpe op die kerkraadsagenda vir bespreking. Tydens ŉ kerkraadsvergadering probeer hy taal daaraan gee. Dit het ŉ positiewe uitwerking gehad en daar kon met rustigheid vorentoe gekyk. Die uitdagings sal aangepak word.

Tussen alles deur is groter klem geplaas op die toerusting van lidmate en die hantering en verstaan van die Bybel. Dit het groter druk op die hekkies geplaas. Lidmate groei nie in getalle nie, maar in hul verhouding met die Here. Die wykbybelstudies bevorder *koinonia*. Die leiersklas word positief ervaar. Lidmate word toegerus. Die hantering van die Bybel het die kultuur begin verander. Die *lectio divina* manier het ŉ groter impak gemaak as wat aanvanklik gedink is. Lidmate wat betrokke was, het geestelik gegroei maar vir sommige lidmate wat die Bybel gelees het om die regte antwoorde te vind, het dit onsekerheid meegebring. Die formatiewe teenoor die informatiewe lees staan in konflik teenoor mekaar. Dié wat egter die leiersklasse bygewoon het, het seën ervaar. Tydens die kerkraadskamp vind toerusting plaas en kerkraadslede ervaar groei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Waarin het die Here ons nog verder verras? Wat het die hekkies ontsluit? Eredienste, opelugdienste, Pinkster, nagmaal, boskerk, sangdienste, uitnaweke en teedrinkgeleenthede, kategese, bidure: wêreldbiddag vir mans, Pinkster, kommissies, STB en huisbesoek. 'n Kerkraadskonferensie met die VG Kerk vind plaas. Die Amos bediening begin ook om in die gemeente pos te vat.

Die leierskap se taal verander vir die eerste keer na geloofsonderskeidende taal: ons moet onderskei tussen die wil van God en die wil van mense vir Sy kerk.

Aan die einde van die jaar was dit of 'n siklus voltooi is, en daar weer rustigheid in die gemeente gekom het.

Die hekkies wat na vore gekom het

- Materialisme. ('n voorspoedige gemeenskap)
- Kerkbegrip. (Herder-kuddemodel versus liggaamsmodel. 'n charismatiese verstaan van die kerk teenoor 'n Gereformeerde identiteit. Die vraag na die rol van die kerk in die samelewing word ook gevra. Hoe verstaan mense hulle verhouding met God)
- Beheer/mag. (Moet evalueer)
- Bestuurskultuur met 'n organisatoriese raamwerk. (Te georganiseer, swak kommunikasie, bestuursprogram opgestel)
- Verhoudingsvervlakking. (Verhouding tussen diegene met gevestigde en nie-gevestigde belange word bemoeilik deur koinonia wat laag is tussen lidmate)
- Gebrek aan geestelike leiers. (Kerkraadslede en kommissielede onbetrokke)
- Onafhanklikheid (Bely ons afhanklikheid van God voordurend ten spyte van voorspoed. Spiritualiteitsbasis is veronderstel)
- Leierskap. (Ander moet die werk doen)

Wat het na vore getree om die hekkies te ontsluit?

Uit die beskrywing en aanhalings wat hierbo gegee is, is dit duidelik dat die onderskeie hekkies se negatiewe uitwerking op geestelike groei en onderskeiding teengewerk is met hekkie-oopmakers.

- Toerusting. (Skrifhantering, leiersklas, gawes van lidmate, lidmate groei in diepte, nie in getalle. Kerkraadskamp)
- Liturgiese vernuwing. (Opelugdienste, bos-kerk, Pinkster, nagmaaldienste, dienste tydens uit-naweke, sangdienste)
- Die oorsteek van grense. (Projek Amos en die totstandkoming van die Bybelskool)

Gedurende 1997 is aandag gegee aan die volgende belydenispunt: *Ons streef na goeie menseverhoudinge in ons gemeenskap.* Gedurende hierdie tyd het veral die "mekaar tekste" aandag ontvang. 'n Patroon is gevolg waarvan die wykbybelstudies en prediking 'n eenheid vorm.

Projek Amos het verder uitgebrei in die Koue Bokkeveld deur 'n seminaar wat in April aangebied is in die gemeente. Gemeentelede en besoekers uit die naburige dorpe het dié naweek saam bygewoon. Almal het die verbintenis van Amos onderteken.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ʼn Opname is in die wyke gedoen wat later in die jaar opgevolg word deur ʼn STB vraelys. Gedurende Augustus 1997 word onder leiding van BUVTON ʼn opname oor die gemeentelike lewe gemaak (Analise van die vraelys: BUVTON 1997, Bylae 4 by navorser beskikbaar). Uit die 300 vraelyste wat uitgestuur is, is 177 terugontvang.

Die vraelys werk met die veronderstelling dat die gemeente se taak die volgende insluit:

- **Die vertikale dimensie:** ʼn Gemeente rig mense op God en help hulle met hul geloof in Hom.
- **Die aantrekkingsdimensie:** Die gemeente betrek mense by die gemeentelike lewe.
- **Die Koninkryksdimensie:** Die gemeentelede raak betrokke by die gemeenskap en rig tekens op van God se Koninkryk.

Dit is ʼn omnibus-vraelys waarin ʼn hele klomp fasette aangeraak word. Dit bring mee dat van die verskillende fasette nie een in groot diepte ondersoek word nie. Dit help ʼn kerkraad om areas te identifiseer waar dringende aandag nodig het. Sodra hierdie areas geïdentifiseer is, kan in diepte analises gedoen word. Dit is nie wesentlik om alle fasette gelyktydig in diepte te analiseer nie. Net die samevatting word deurgegee. Die volgende is uit die verwerking van die vraelys:

DEEL 4: Algemene samevatting

1. Die gemeente het baie om voor dankbaar te wees.
   - Die meeste respondente is “tuis” in die gemeente .
   - Die erediens-bywoning is goed.
   - Daar is ʼn groot persentasie respondente wat ʼn verbintenis gemaak het tot geestelike groei.
   - Die respondente identifiseer met die gemeentelike visie.
   - Daar is ʼn groot openheid om geestelike gesprekke te voer.
   - Geestelik groei vind plaas.
   - Die groei sit ook om in sekerheid oor God en ʼn aanpassing van mense se lewens voor Hom.

   U hoef dus nie té negatief oor die gemeente te wees nie. Dit is eerder gepas om aan God lof en dank te bring vir wat Hy besig is om in die gemeente te doen.

2. Daar is areas waaraan gewerk moet word, volgens die respondente.
   - ʼn Dienskultuur is een groot faset wat ontbreek. Dit het meermale in die analise geblyk.
   - Kliekvorming moet teengewerk word.
   - Daar is ʼn groot behoefte aan beter versorging van mekaar in kleingroepe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die respondent is bereid om met ouderlinge oor geestelike sake te gesels, maar sulke gesprekke vind nie plaas nie.
- Insig in die betekenis van God se teenwoordigheid en hoe dit ervaar word.

'n Strategie moet uitgewerk word om hierdie fasette te hanteer. Daarna moet die strategie goed bestuur word. Na my mening is 'n opgradering van die kleingroep-netwerk 'n kern element van so 'n strategie. As 'n opvolg van die erediens, is kleingroepe die plek waar al hierdie fasette aandag kan kry en verbeter kan word (BUVTON: Opname van die gemeentelike lewe. Analise van Vraelys. Deel 4 Algemene samevatting.1997, Bylae 4 by navorser beskikbaar).

2.3.4.5 Gemeentekultuur en -identiteit: 1997

Dit bevestig dat die gemeente geestelik groei. 'n Groot persentasie lidmate verbind hulle aan geestelike groei. Lidmate identifiseer met die Missie van die gemeente. Mense groei in sekerheid oor God en pas hul lewens daarvolgens aan. Lidmate begin geestelike vrae vra. Ouderlinge blyk nie daarvoor gereed te wees nie. Die toerusting van lidmate word deel van die gemeente kultuur. Die hantering en die verstaan van die Bybel begin groei by lidmate wat betrokke is.

Die effektiewe bestuur van wyke het ons by die soeke na dieper verhoudings gebring daarom die vraag na beter versorging van mekaar. Die behoefte bestaan tussen lidmate om nader aan mekaar te groei en mekaar te ondersteun. Die geestelike groei wat plaasvind begin ander vrae vra aan die huidige bedieningspraktyke en gemeentestrukture. Die behoefte aan kleingroepe ontwikkel. Dit is duidelik dat ons hier momente sien van 'n nuwe kultuur in die gemeente. Die Gees het nuwe energie gewerk.

Uit die bespreking is dit tot dusver duidelik dat die hekkies se negatiewe uitwerking op geestelike groei en onderskeiding teengewerk is deur die hekkie-oopmakers. Die Gees gebruik die hekkie-oopmakers om 'n nuwe kultuur in die gemeente te skep. Dit word egter ook al duideliker in terme van die hekkie-metafoor, dat bepaalde hekkies deur die kragte van die ekonomie en tydsgees toegedruk word en die evangelie ingehok hou.

Die BUVTON verslag bevestig ook van bogenoemde.

Hekkies wat na vore gekom het.

- Verhoudingsvervlakking. (Kliekvorming)
- Dienskultuur.

Wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit

- Toerusting van lidmate. (Hantering van Bybel)
- Oorsteek van grense. (Projek Amos)
- Kleingroep. (Behoefte groei na mekaar)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gedurende 1998 gebeur die volgende: Die "Geestelike wiel"[10] sal van toepassing gemaak word op die wyke, asook die beginsels van Gereformeerdheid (Notule van Dagbestuursvergadering 22 Januarie 1998).

Die "Woord en Aksie Inligtingstuk" is in die gemeente versprei. Sommige lidmate was ongelukkig daaroor. Die navorser moes met hulle in gesprek tree.

> Die uitdaging in ons tyd is juis om die diversiteit te hanteer. Hiervoor is daar nie klinkklare oplossings nie. Daar word genoem dat ons die verskeidenheid moet leer liefkry, dat ons die verskeidenheid moet aanvaar. Ons is dankbaar dat ons in die proses is om hierdie uitdaging te hanteer (Notule van Dagbestuursvergadering 23 Februarie 1998).

Tydens die Kerkraadskamp word die invloed wat die postmodernisme en die gesekulariseerde samelewing op die kerk uitoefen, bespreek. Die motiewe oor verandering word bespreek. Oor die kerk word die volgende gesê: die tyd vir ŉ kerkistiese ghetto is verby. Die kerk moet leer om met ŉ veranderde situasie saam te werk. Vrae word gevra: Hoe gaan ons mense help? Hoe gaan ons die postmoderne mens se hart aanspreek? Maak voorsiening vir ŉ verskeidenheid behoeftes. Gee ruimte: Die Geestelike Wiel. Moenie fotokopieë van mense maak nie; almal is nie dieselfde nie.

> Die Kerk moet fokus op: buurt/omgewing, wees die lig na buite, gesin en werkplek (Notule van Dagbestuursvergadering 19 Oktober 1998).

Tydens streeksbyeenkomste wat gehou is, word die volgende samevatting opgestel. Die gemeente is in drie streke verdeel in ŉ poging om die gemeente beter te organiseer en die volgende terugvoering t.o.v. die kerkraadskamp word gegee:

- Ons fokus moet skuif na ŉ kultuur van gebed en dienslewering. Wat is die antwoord op die uitdagings van die tyd?
- Die kerkraadskamp is noodsaaklik, aangesien dit tot eenwording binne die kerkraad bydra; dit stel jou fokus reg in vir die pad vorentoe sodat jy andere rondom jou positief kan beïnvloed.
- Die entoesiasme wat tydens die kamp beleef is, moet na buite uitgedra word.
- Kry die mense uit die kerk, m.a.w. laat die lidmate uit die erediens gaan en hul Christenskap ook in die werk uitleef.
- Hoe ervaar ons wyke?
- Jou eie ingesteldheid bepaal hoe jou wyk gaan wees. Probeer die goeie in jou wyk raaksien en konsentreer daarop. Daar is definitief geestelike groei besig om in wyke, veral in kerngroepe, plaas te vind. As gevolg van hul indelings is daar probleme. Werk saam en doen saam bybelstudie.
    - Aangesien die kerngroep besig is om geestelik te groei, word die skeiding tussen hulle en die res al hoe groter. Hoe gaan ons dit oorbrug?
- Hoe ervaar jy wykbybelstudies/byeenkomste?

---

[10] Die Geestelike Wiel handel oor individue se eie styl van spiritualiteit en ook om dit te vergelyk met die belewing van die gemeente of groepe se aanbidding. Ons werk hier met die teorie van Corine Ware (Ware 1995).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Daar is in elke wyk ŉ kerngroep wat die byeenkomste gereeld bywoon. Hierdie kerngroep is besig om geestelik te groei. Die Bybelstudie is interessant aangesien dit nie ŉ vraag en antwoord situasie is nie, maar ŉ interpretasie van die betrokke Skrifgedeelte.
- Die "oopmaak" gedagte is goed. Mense is bereid om oor persoonlike sake te gesels.
- Daar is definitief geestelike groei in die kerngroep.
- Wyksgrense behoort stippellyn-grense te wees. Hoe gaan ons geestelike verdieping in ons wyke bewerkstellig?
- Gebed en persoonlike getuienisse is essensieel. Daar is alreeds, a.g.v. ons omstandighede, baie geestelike verdieping in die gemeente.
- Ons moet konsentreer op ons kerngroepe wat besig is om geestelik te groei.
- Watter rol speel gebed?
- Ons doelwit moet wees om ŉ gebedskultuur te vestig. Gee meer geleentheid vir gebed in die konsistorie en erediens. ŉ Kultuur van gebed begin by huisgodsdiens. Daar moet ŉ klimaat geskep word vir gebed (Notule van Dagbestuursvergadering 19 Oktober 1998).

Br Sakkie du Toit spreek sy kommer uit oor al meer negatiewe aspekte wat begin inwerk op ons lidmate, veral op landbou-gebied. Na ŉ bespreking word besluit om ŉ definitiewe geleentheid vir gebed te skep waar vir mekaar gebid word. Ds. Muller spreek die versoek uit dat die Dagbestuurslede meer openlik met mekaar moet wees en met mekaar moet praat oor dinge wat gehoor word (Notule van Dagbestuurs-vergadering 31 Augustus 1998).

Daar word ook besluit om voort te gaan met die pos van leraar by die Nyukintaba Bybelskool (Notule van ŉ spesiale Dagbestuursvergadering 14 September 1998).

Ds. Muller deel ŉ gedagte dat daar in die nuwe jaar groter klem op die Leesrooster geplaas moet word, om dit by huisgodsdiens, die kategese en in die wyke (groepe) te gebruik (Notule van Dagbestuursvergadering 21 September 1998).

2.3.4.6 Gemeentekultuur en -identiteit: 1998

Die heersende kultuur dat almal dieselfde moet dink en wees word onbewustelik uitgedaag. ŉ Kultuur van diversiteit word gevestig. Die verskillende spiritualiteitstyle word ruimte gegee in die eredienste en in die onderskeie wyke. Dit bring nuwe energie in die gemeente.

Weereens is daar die invloed van ŉ charismatiese groep wat die gemeente op ŉ bepaalde weg wil lei. In die gemeente is daar egter ŉ duidelike soeke na wat ons Gereformeerde identiteit is. Die kerk word uitgedaag deur die hedendaagse tydsgees. Onderskeidende vrae word gevra. Daar word veral besin oor die taak van die kerk in ŉ veranderde tyd. Die kerk moet lig na buite wees, in die buurt en omgewing, in gesinne en werksplekke. Tydens Kerkraadskampe word vertel hoe lidmate sekere momente ervaar van hoe die kerk anders kan wees. Dit is juis ŉ bevestiging dat die Kerkraadskampe besig was om ŉ alternatief te modelleer teen die heersende gemeente kultuur.

In die plaaslike konteks word lidmate uitgedaag om te reageer op negatiewe aspekte van die landbou. Dit was ŉ tyd van droogte, hoë rentekoerse en lae vrugte pryse.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mense se gesindhede verander en daar is lidmate wat geestelik groei. Die skeiding tussen hulle wat geestelik groei en dié wat nie groei nie raak al groter. Hoe gaan ons dit oorbrug? Jou eie ingesteldheid is belangrik om die wyk positief te beleef. Lidmate wat wyksbyeenkomste bywoon (kerngroep) groei geestelik. Wykstrukture begin egter problematies word, veral waar lidmate saamwerk en saamwoon. Hierdie sensitiewe saak word vir die eerste keer openlik bespreek. Mense maak nie altyd oop teenoor mekaar nie. Hoe gaan ons dit oorbrug?

Wat is die antwoord op hierdie uitdagings? Vestig ŉ kultuur van gebed en diens-lewering. Die Leesrooster word ook geïmplementeer om die eenheid tussen eredienste, wyksbyeenkomste en huisgodsdiens te bewerkstellig. Die kultuur om met die Bybel om te gaan, word verder uitgebrei.

Die hekkies wat na vore gekom het:

- Dienskultuur.
- Kerkbegrip. (Almal in die gemeente moet deel wees van die proses vir geestelike groei. Die indelings van die wyke is problematies. ŉ Charismatiese verstaan versus ŉ Gereformeerde soeke na identiteit. Die rol en taak van die kerk in ŉ veranderde konteks)
- Verhoudingsvervlakking. (Mense maak nie oop teenoor mekaar nie, nie in wyke en ook nie in Dagbestuur nie.)

Wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit

- Diversiteit. (Vestig die beginsel in eredienste en in die wyke).
- Afhanklikheid van God. (Die hantering van negatiewe landbou-omstandighede).
- Toerusting. (Kerkraadskamp, geestelike groei van betrokkenes, konsentreer op hulle wat geestelik groei).

Uit die navorsing word dit nou duidelik dat met die aantoon van die hekkies en die hekkie-oopmakers ŉ punt van **saturasie** bereik is. Vervolgens sal net tendense aan getoon word en hoe die hekkies en hekkie-oopmakers voortdurend op verskillende maniere na vore kom.

2.3.4.7 Gemeentekultuur en -identiteit: 1999

Verdere verandering in die kultuur word deur die gesprek oor kleingroepe ingelui.[11] Die wyksisteem raak al hoe minder funksioneel; daar is ŉ persentasie lidmate wat om die een of ander rede onbetrokke raak. Een van die redes is dat lidmate wat op dieselfde plaas saamwerk en -woon, nie *koinonia* bevorder nie. Daar is ook in elke wyk ŉ kerngroep wat die pas aangee, hulle groei ook geestelik.[12] Die gedagte dat die wykbybelstudies op kleingroep beginsels moet funksioneer, kom al sterker na vore. Die gevoel is dat kleingroepe spontaan moet ontwikkel. Die doel is dat klein-groepe moet help om onbetrokkenheid aan te spreek en om te help met *koinonia*.

---

[11] Notule van Dagbestuursvergadering 21 Januarie 1999

[12] Notule van Dagbestuursvergadering 11Maart 1999

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vraag word gevra: Hoe gaan ons kleingroepe beheer? Die kultuur van in beheer wees kom weer sterk na vore. Hoe kan ons dit weer bestuur en beheer?

Die herder-kuddemodel skep ŉ kultuur van: "Ek word bedien" en werk onbetrokkenheid in die hand. Dit laat lidmate ook met verkeerde verwagtinge leef. Nuwe vrae word oor die gemeentemodel gevra. Sterk boerdery-eenhede het ontwikkel en dit wil voorkom of dit die gemeente-identiteit bly domineer. Die werksituasie het ŉ definitiewe invloed op die kerksituasie.[13] ŉ Nuwe model (die liggaamsmodel) word bevraagteken sodat onsekerheid heers.

Voorbidding word beklemtoon vir die swak ekonomie en die skaarste aan reën.

ŉ Lofprysingskursus word aangebied. Dit is ŉ verdere uitbouing van die lof- en aanbiddingskultuur in die gemeente.[14]

Die kursus, "Waag om te word," word deur die Kerkraad geëvalueer en gevolglik nie aangebied nie. Dit bring weer spanning by sommige lidmate. ŉ Spanningslyn bou op tussen die Gereformeerde identiteit en ŉ charismatiese beweging. Die gemeente kies egter om binne ŉ Gereformeerde kerkverband te vernuwe.

Die Amosbediening word deel van die gemeente-kultuur: "Elke plaas vir Christus." Die gemeente waag dit om proponent David Xolile Simon, die eerste swart leraar in die NG Kerk te beroep. Hierdie beroep het baie positiewe gevolge. Die gemeente is nie bang om ŉ tree te gee nie. Die gemeente wil Jesus in die harte van alle mense laat leef. Die beroep word teen die agtergrond van die gemeente Missie gesien.[15]

Die hekkies wat na vore gekom het:

- Die werksituasie. (Mense wat op plase woon, saamwerk en ook nog in dieselfde wyk ingedeel is lewer verhoudingsprobleme)
- Geestelike leierskap.(Gebrek aan geestelike leierskap)
- Dienskultuur.
- Beheer. (Vraag na hoe gaan ons kleingroepe beheer. Die Diens Verhoudinge Kommissie is baie ingestel op beheer)
- Kerkbegrip. (Herder-kuddemodel skep ŉ kultuur van "ek word bedien" en gevolglik is daar onbetrokkenheid)

Wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit:

- Kleingroepe.
- Gereformeerde beginsels (Die gemeente kies om te vernuwe binne Gereformeerde kerkverband)
- Afhanklikheid van God. (Gebede vir swak landbou omstandighede)
- Liturgiese vernuwing. (Kursus oor Lofprysing)
- Die oorsteek van grense. (Amos bediening en Bybelskool)

---

[13] Notule van Dagbestuursvergadering 19 April 1999

[14] Notule van Dagbestuursvergadering 15 Junie 1999

[15] Notule van Dagbestuursvergadering 29 November 1999

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.4.8 Gemeentekultuur en – identiteit: 2000

Sterk klem word geplaas op die Gereformeerde identiteit en die vestiging van diversiteit aan die hand van die Geestelike Wiel. Mense begin besef hulle moet mekaar se verskille aanvaar.[16]

Die navorser lewer verslag oor sy werk aan die Dagbestuur. Daar word weereens gewerk aan die bestuursplan om besluite vinniger te neem. Die gemeente moet effektief bestuur word.[17]

Koinonia bly ŉ probleem. Lidmate kompeteer met mekaar. Verhoudings is negatief. Verandering moet van binne geskied.[18]

Die erediens-vernuwing en die implementering van die Leesrooster het positiewe gevolge.[19]

Die hekkies wat na vore gekom het:

- Bestuurskultuur met organisatoriese raamwerk. (Bestuursplan om vinnige besluite te neem)
- Verhoudingsvervlakking. (Kompetisie tussen mekaar, verhoudings negatief)

Wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit:

- Die aanvaarding van diversiteit.
- Liturgiese vernuwing. (Erediens vernuwing en die Leesrooster)

2.3.4.9 Gemeentekultuur en -identiteit: 2001

Sake word verwys sonder dat daar persoonlike betrokkenheid is. Daar is nie geestelike diepgang as jy nie betrokke is nie. Groepsbesoeke word geïmplementeer. ŉ Trust word vir die Visser kinders gestig.[20]

Die hekkies wat na vore gekom het:

- Bestuurskultuur met ŉ organisatoriese raamwerk.

Wat na vore gekom het om die hekkie te ontsluit:

- Toerusting.(In wyke).

2.3.4.10 Gemeentekultuur en -identiteit: 2002

---

[16] Notule van Dagbestuursvergadering 20 Januarie 2000

[17] Notule van Dagbestuursvergadering 22 Mei 2000

[18] Notule van Dagbestuursvergadering 1 November 2000

[19] Notule van Dagbestuursvergadering 20 Januarie 2000

[20] Notule van Dagbestuursvergadering 1 Februarie 2001

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Geestelike Wiel word opnuut bespreek. Dit help met die vestiging van ŉ kultuur van diversiteit.[21] Die versoek word gerig dat die verkiesing van geestelike leiers met groter ywer aangepak sal word.[22] Die verandering in die sang, veral tydens jeugdienste, word ŉ uitdaging. Daar word egter al meer wegbeweeg van die tradisionele manier van sang. Onsekerheid heers as gevolg van veranderinge, die onsekerheid eskaleer omdat almal dit nie dieselfde ervaar nie. [23] Sekere sake word op skrif gestel. Ons wil altyd alles netjies opgeskryf hê.[24]

Die hekkies wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit:

- Geestelike leierskap.

Wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit:

- Diversiteit. (Implementering in erediens)

2.3.4.11 Gemeentekultuur en -identiteit: 2003

Die klem verskuif na toerusting in wyke. Groepsbesoeke in wyke raak deel van die kultuur. Huisbesoek is op aanvraag beskikbaar. Aandag word gegee aan Rentmeesterskap: gawes, grond, geld en geleenthede. Die gemeente word begelei om elkeen ŉ rentmeester te wees - om verantwoordelikheid te neem.[25] Die eerste manne-kamp vind plaas. Toerusting begin om lidmate persoonlik uit te daag.

Baie word gedoen om ŉ verskil in die gemeenskap te maak, om die VGK te help[26] asook om die Bybelskool op koers te hou. Die gemeente gee meer aandag aan die Amos straatmark. Die Fees van die Berge word gereël – ŉ groot fees![27] Mense begin goed saamwerk. Die gemeente kan baie goed reël en organiseer.

Bekommernis oor Kerkraadslede en hulle bywoning raak ŉ al groter wordende probleem. Daar moet gekyk word na die verkiesingsisteem. Die Dagbestuur sien nie kans om in te skakel by die Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes nie.[28] Die vraag wat gevra word is: Hoe dit sal inskakel by ons huidige stelsel?

---

[21] Notule van Dagbestuursvergadering 23 Mei 2002

[22] Notule van Dagbestuursvergadering 23 September 2002

[23] Notule Dagbestuursvergadering 12 November 2002

[24] Notule Dagbestuursvergadering 23 Mei 2002

[25] Notule Dagbestuursvergadering 29 Januarie 2003

[26] Notule Dagbestuursvergadering 6 Maart 2003

[27] Notule Dagbestuursvergadering 29 Januarie 2003

[28] Notule Dagbestuursvergadering 6 Maart 2003

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Positiewe klimaatsverandering ten opsigte van gesindhede kom na vore. [29] Weer die vraag: Hoe word dit bestuur? Luister ons na die mense? Die sangbeleid, en veral die sing van Engelse liedere, blyk 'n probleem te wees.[30]

Die hekkies wat na vore gekom het:

- Gebrek aan geestelike leierskap.
- Bestuurskultuur met 'n organisatoriese raamwerk. (bestuur demp geestelike energie)

Wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit:

- Toerusting. (beklemtoon eie verantwoordelikheid)
- Oorsteek van grense. (Lidmate begin saamwerk vir fees, samewerking met VGK, Bybelskool en Amosstraatmark)
- Liturgiese vernuwing. (Sing van Engelse liedere)

2.3.4.12 Gemeentekultuur en -identiteit: 2004

Die droogte in die land en in die distrik bring mense weer by gebed en verootmoediging. In tye van droogte word baie gebid en die gemeente bely hulle afhanklikheid van God. 'n Geestelike verdieping vind plaas onder lidmate, deur die toerusting wat gegee word. Die hoop word uitgespreek dat mense meer van hulself sal gee.[31] Aandag word daaraan gegee om 'n verskil te maak in die gemeenskap. BADISA verskyn op die toneel. Die VGK, asook die Bybelskool, kry aandag. Hoe kan dit ten beste bestuur word ten einde 'n verskil in die gemeenskap te maak?[32]

Die hekkies wat na vore gekom het

In die periode het geen hekkies sterk gemanifesteer nie (weens die droogte?).

Wat na vore gekom om die bestaande hekkies te ontsluit:

- Toerusting. (Rentmeesterskap)
- Oorsteek van grense. (Betrokke by VGK, Bybelskool en BADISA)
- Afhanklikheid van God. (Landbou omstandighede)

2.3.4.13 Gemeentekultuur en -identiteit: 2005

Die tema vir die jaar is: Roeping. Die gemeente help met nood. Baliesgat verspoel. Die werkers van die kerk word gehelp om hul eie huisvesting te bekom.[33]

---

[29] Notule Dagbestuursvergadering 22 September 2003

[30] Notule Dagbestuursvergadering 3 Desember 2003

[31] Notule Dagbestuursvergadering 20 Januarie 2004

[32] Notule Dagbestuursvergadering 22 November 2004

[33] Notule Dagbestuursvergadering 23 Februarie 2005

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die beginsel van om gestuur te wees, word aanvaar en moet deel word van die gemeente se aksies.[34] 'n Dankseggings biduur word gehou vir die goeie winterreën[35].

Die Fees van die Berge blyk 'n probleem te wees.[36] Niemand wil leiding neem nie ten spyte daarvan dat die Kerkraad bereid is om die persoon te vergoed. Dit het 'n impak op die fondsinsameling vir die gemeente. Die gebrek aan 'n dienskultuur in die gemeente word hierdeur onderstreep. Die Kerkraad groei geestelik. Daar is weer charismate wat 'n verskil wil kom maak.[37]

Die hekkies wat na vore gekom het:

- Dienskultuur.
- Kerkbegrip: (charismatiese beweging)

Wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit:

- Oorsteek van grense. (Beginsel van Gestuurde gemeente wees, word aanvaar, mense in nood word gehelp)
- Toerusting. (Geestelike groei in die kerkraad)
- Afhanklikheid van God. (Dankseggings biduur)

2.3.4.14 Gemeentekultuur en -identiteit: 2006

Die tema van die jaar was: *Luister en leef jou roeping*. Die Kerkraadskamp bring 'n groot verandering in die gemeente en daag telkens die huidige gemeente kultuur uit, maar kom nie tot implementering nie. Drie gebedsgroepe begin in streeksverband na die Kerkraadskamp. Wykstrukture kom weereens onder druk. Mense wil nie gedwonge in wykverband wees nie. *Koinonia* ontbreek nog in die gemeente. Klein-groepe word sterk bemark in die gemeente asook tydens die Kerkraadskamp.[38] Verder soek mense huisbesoek, kerkraadsbesoeke en 'n gemeentekamp. Mense verlang na persoonlike aandag.

Die gemeente se tema is: "Leef jou roeping." Hier kom ook nie veel van nie. 'n Manne-kamp word aangebied en die manne kom 'n paar keer daarna bymekaar dan stop dit.[39]

Die rol van die leraar word op die Dagbestuur en DVK bespreek. 'n BADISA tak word gestig. 'n Kontreimark met Stellenberg word gebore. Dit is aanvanklik bedoel om die

---

[34] Notule Dagbestuursvergadering 12 September 2005

[35] Notule Dagbestuursvergadering 17 Oktober 2005

[36] Notule Dagbestuursvergadering 23 Februarie 2005

[37] Notule Dagbestuursvergadering 17 Oktober 2005

[38] Notule van Dagbestuursvergadering gehou op 22 Mei 2006

[39] Notule van Dagbestuursvergadering gehou op 24 April 2006

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeente se finansies aan te vul, maar fondse word aangewend vir nood in die gemeenskap.[40]

'n Dataprojektor word aangekoop wat nuwe moontlikhede in die erediens skep. Daar is kommer oor die afwesigheid van die jeug tussen 20 en 30. Ons moet moeite doen met hulle[41].

Die hekkies wat na vore gekom het:

- Die rol van die leraar.
- Kerkbegrip. (wykstrukture, huisbesoek, kerkraadsbesoeke.
- Verhoudingsvervlakking.

Wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit:

- Toerusting. (Kerkraadskamp, gebedsgroepe, manne-kamp)
- Kleingroepe.
- Oorsteek van grense. (BADISA, kontreimark fondse)

Gedurende 2007 was die tema: "Leef Jesus Christus in my hart?" Ds. Gys van Schoor bied 'n Kerkraadskamp aan. Uit die nabetragting van die kamp is dit duidelik dat die kultuur van die gemeente moet verander.[42] Die manne-kamp loop dood en 'n manne-aand word voorgestel. Ds. Muller beveel twee boeke aan om te lees wat by die kerkkantoor beskikbaar is. Dit sal die gemeente help om te verstaan wat rondom, en in hulle, plaasvind.

- Nuwe drome vir 'n nuwe werklikheid (Niemandt 2007).
- Ons is nou hier (Keifert 2007).

Die behoefte het weer ontstaan om te kyk of die gemeente relevant is tot die tyd waarin ons lewe. Aksie Braambos is begin onder leiding van Communitas. Deel hiervan was dat die navorser 'n drie-maande Sabbatsrus neem en inskryf vir die M.Th. Missionale Transformasie. Hy begin hiermee in 2008. 'n Communitas vraelys word in die gemeente versprei as deel van die proses.

2.3.4.15 Gemeentekultuur en -identiteit: 2007

Die tema van die jaar was: "Leef Jesus Christus in my hart? "Uit die nabetragting van die Kerkraadskamp is dit duidelik dat die kultuur van die gemeente moet verander. Die navorser stel twee boeke bekend wat lidmate kan help om te verstaan wat rondom hulle, en in hulle, gebeur. Communitas word genooi om die proses te begelei om na te dink of die kerk relevant is tot die tyd waarin ons lewe. Die navorser gaan met sabbatsrus en studies. Hy begin hiermee in 2008

Wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit:

---

[40] Notule van Dagbetuursvergadering gehou op 10 Oktober 2006

[41] Notule van Dagbestuursvergadering gehou op 24 April 2006

[42] Notule van Dagbestuursvergadering gehou op 27 Augustus 2007

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Leierskap. (Fasilitering help verstaan dat die kultuur moet verander)

Van hier af sal die gemeente se reis in meer detail vertel word, aangesien ons nou die hart van die transformasieproses bereik het.

Gedurende 2008 was die tema: "Braambos." Na ŉ kerkraadskamp het dié tema ontstaan. Die teks van Eksodus 3 het ŉ besondere plek in die gemeente se verhaal begin kry. Die navorser het in 2008 begin met sy studies en was van 1 April tot 30 Junie met ŉ Sabbatsrus. Toe die navorser terugkeer, het hy geleentheid geskep vir die vertel van Godstories in die erediens. Hy het aan gemeentelede die ruimte gegee om hul belewenisse oor God te deel. Terselfdertyd het die konteksspan (Aksie Braambos) die behoefte uitgespreek vir meer lof en aanbidding en getuienisse (Godstories) in die eredienste. Die geleentheid is in die erediens gebied, met die gevolg dat die eredienste noodwendig langer geduur het. Dit het tot gevolg gehad dat die kategese se tyd baie beperk was. Effektiewe kategese kon nie meer plaasvind nie.

ŉ Dinkskrum het onder leiding van die fasiliteerders van Communitas plaasgevind en twee voorstelle is aan die Kerkraad voorgelê. Die Kerkraad het die volgende goedgekeur:

> Die paar minute wat na die diens gegee word vir kategese kan nie ten volle benut word nie, a.g.v. moeë kinders en haastige ouers. Daarom versoek die Jeug die kerkraad om te herbesin oor die tydgleuf vir kategese om dit meer sinvol en produktief te maak. Daar is twee opsies:
>
> OPSIE 1: Kategese word voor die diens aangebied
>
> Kategese tyd 09: 30. Daarna sluit kinders by lidmate aan en diens begin amptelik om 10: 00. Vir lidmate begin die diens nog steeds om 09:30. Afkondiginge, voorbidding, getuienisse, bekendstelling en sang word in die 09: 30-10: 00 tydgleuf hanteer. Almal verdaag saam na die diens.
>
> OPSIE 2: Diens begin vroeër om 09: 00
>
> Alles bly soos dit is, maar die diens begin vroeër om 09:00 en die kategese werk met ŉ klokstelsel dat al die klasse gesamentlik verdaag na 30 minute
>
> Die kerkraad besluit om opsie 1 gedurende die eerste kwartaal 2009 as ŉ proeftydperk te gebruik. Ds. Muller sal die gemeente hieroor inlig. (Notule van Kerkraadsvergadering wat gehou is op Woensdag, 22 Oktober 2008 om 19h00 te N.G. Kerk, Op-die-Berg).

Die Shofar Kerk (charismaties) het begin uitbrei in die Koue Bokkeveld. Kritiek is gelewer teen die Gereformeerde leer, veral die verbondsdoop. Die persepsie het ontstaan dat die gemeente van Op-die-Berg besig is om uitmekaar te val. Enkele lidmate bedank en gaan na Shofar. Die skuld word al hoe meer voor die leraar se deur gelê (Die Communitas vraelys. By die navorser beskikbaar).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.4.16 Gemeentekultuur en -identiteit: 2008

Die kultuur verander in die erediens as gevolg van die Godstories, lofprysing en aanbidding en die eredienste word langer. Die "heilige uur" word oorskry. Daar is weereens ŉ charismatiese aanslag. Dié keer verlaat mense die gemeente deur amptelik te bedank. Die rol van die leraar word openlik bespreek. Volgens sommige voldoen hy nie aan die verwagtings wat aan hom gestel is nie. Die herder sorg nie meer vir die kudde nie. Jongmense verlaat die kerk.

Die hekkies wat na vore gekom het:

- Rol en taak van leraar.
- Kerkbegrip. (Die verstaan van vernuwing)

Wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit:

- Erediensvernuwing. (Godstories en lof en aanbiddingsliedere)
- Fasilitering.

Gedurende 2009 het ŉ "Seisoen van dissipelskap" aangebreek. Hierdie tema het van die interne konteksspan gekom. Prediking het oor dié tema gehandel en klein-groepe en wyksgroepe is aangemoedig om by die tema aan te sluit. Die Pinkster het aangesluit by die Agt Patrone. Hierdie geleentheid het die verandering in die gemeente se kultuur gestimuleer en het die Christendom paradigma uitgedaag. Hierna het die konflik begin eskaleer, saam met die nuwe implementering van die erediens/kategese struktuur. Die tradisionele gemeentekultuur is uitgedaag.

Aan die begin van die derde kwartaal is begin met die evaluering van die nuwe erediens- en kategese sisteem.[43] Die Dagbestuur het ook besluit om fokusgesprekke met verskillende ouderdomsgroepe te voer oor hul belewing van die gemeente. Niemand was teen dít wat in die eredienste gebeur nie. Al klagte was dat die erediens te lank was en, volgens sommige, is al die liturgiese elemente nie in die erediens gevolg nie (die tradisionele behoefte aan ŉ vaste liturgie word daarmee geïllustreer). Lede is genooi om eers 10h00 by die diens aan te sluit, wat slegs enkele aanvanklik gedoen het. Hulle wou nie die eerste halfuur van die erediens, m.a.w. die kategese tyd, nie daar wees nie aangesien hulle dan te veel van die erediens verloor.

Die verdere kritiese argumente wat genoem was, is dat die leraar nie sigbaar genoeg is nie, dat die gemeente uitmekaar val en dat ŉ klomp lidmate verby ry en in Ceres ander kerke bywoon. Van die ouer lidmate noem dat die gemeente deur hulle gebou is en hulle wil die kerk graag vir hul kinders en kleinkinders bewaar. Ons kan nie ons jongmense verloor nie. Van die leraar word gesê dat hy nie luister nie en hardkoppig is.

ŉ Fasiliteringspan van Communitas het die gemeente kom besoek en lidmate kon afsprake met hulle maak.[44] Uit die gesprekke het dit duidelik na vore gekom dat daar

---

[43] Notule van Kerkraadsvergadering wat gehou is op Woensdag 24 Junie 2009

[44] Notule van die Kerkraadsvergadering wat gehou is op Woensdag 9 September 2009

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ʼn groep lidmate is wat dink dat die navorser se tyd verby is, terwyl ander gevoel het dat as hy nou sou gaan, die gemeente inmekaar sou val. Die fasiliteerders het ook tydens twee geleenthede eredienste kom waarneem, waartydens hulle hul indrukke met die gemeente gedeel het. Dit is genoem dat dit moontlik is dat die navorser se seisoen verby is, maar dat ʼn klomp lidmate oortuig is dat hy nie nou moet gaan nie. Dan was daar die groepie lidmate wat hom ʼn pakket wou aanbied. Tydens die tweede geleentheid van die fasiliteerders se besoek is gekonsentreer om mekaar te bemoedig. Hierdie twee geleenthede het tot gevolg gehad dat ons, die navorser en sy vrou, ongekende ondersteuning gekry het van hoofsaaklik die nie- grondeienaars. Soveel so dat ons versigtig moes wees om nie verdeeldheid te bring tussen dié met gevestigde belange en dié met nie-gevestigde belange nie.

ʼn Groep bestaande uit hoofsaaklik grondeienaars (manne) het ook intussen bymekaar gekom, sonder die medewete van die Kerkraad, om die gemeente se funksionering te bespreek asook die rol van die leraar. Die leraar het nie meer aan hulle verwagtings voldoen nie, en daar is ʼn pakket vir hom aangebied. ʼn Klomp stories het die ronde gedoen, byvoorbeeld dat die leraar nie na raad luister nie, dat hy nie sy werk doen nie, en dus liewer moes gaan. Hierdie groep het baie paternalisties opgetree. Hulle het eers bekend gestaan as “die beswaarde groep” en het later hul naam verander na “die besorgde groep.”

Die fasiliteerders het hulle te woord gestaan. Hulle beswaar was hoofsaaklik oor die rol en taak van die leraar. Tydens die fasilitering het dit al hoe duideliker geword dat daar nie meer oor die leraar gepraat moet word nie, maar *met* die leraar. So ʼn gesprek het in Oktober 2009 plaasgevind. Die fasiliteerders het genoem dat, volgens hulle, dit nie ʼn vertrouensbreuk was nie, maar dat verhoudings seergekry het. Die besorgde groep het saamgestem. Hulle verwagting was dat die navorser moes antwoord op die klagtes wat hulle in die afwesigheid van die navorser vir die fasiliteerders genoem het. Die fasiliteerders het egter gesê dat Christene met mekaar praat en dat hulle nou ʼn geleentheid het om persoonlik met die navorser te praat. Hulle het dit uiters moeilik gevind. Nadat die navorser na elkeen geluister het in die teenwoordigheid van die fasiliteerders het hy genoem dat hy graag met elkeen afsonderlik wil gesels, aangesien daar uiteenlopende standpunte was. In die verdere gesprek het die fasiliteerders gesê dat verhoudings nie net van die leraar se kant gebou kan word nie. Die fasiliteerders wou weet wat die groep bereid was om te doen. Is hulle bereid om oor ʼn naweek saam te dink oor die Missie van die gemeente? Toe dit blyk dat hulle nie bereid is om saam te werk nie, het die fasiliteerders gesê dat die fasilitering dan onmiddellik gestaak word. Na onderlinge gesprekke het die groep besluit om hulle te verbind aan die gemeente en dat die navorser elkeen individueel sal besoek. Uit die besoek van die navorser het dit geblyk dat daar diverse behoeftes bestaan en dat daar nie een duidelike gedeelde droom was nie.

Die fasiliteerders het ook ʼn gesprek met die Dagbestuur sonder dat die leraar teenwoordig was gevoer. Hulle is gevra na hul verbintenis ten opsigte van die gemeente gevra. Hulle het hulself opnuut aan die gemeente verbind. Hulle het ook die navorser en sy vrou kom besoek. Hulle het hul ondersteuning aangebied en om verskoning gevra vir die feit dat hulle saamgepraat het met al die stories en dat hulle saam ʼn nuwe begin wil maak. Daarna het dit in die gemeente rustig geword en kon die bediening voortgaan. Die draaipunt is bereik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Drie doopgeleenthede in November is baie positief beleef. Besoekers van buite het die erediens baie opbouend beleef en lidmate kon hulself weer identifiseer met die verbondsdoop. Dit het verder bygedra tot groter rustigheid in die gemeente.[45] Die navorser het ook op ʼn Sondag in November sy Godstorie, oor sy ervaring van die afgelope jaar gedeel. Dit is baie positief deur die kerkraad ontvang.

2.3.4.17 Gemeentekultuur en -identiteit: 2009

Aksie Braambos bring die kultuurverandering op die spits. ʼn Seisoen van dissipelskap breek aan, waar lidmate uitgedaag word om oor hul kerkbegrip te besin. Dit word opgevolg met die Agt Patrone tydens die Pinkster. Hiermee is die Christendomkultuur finaal uitgedaag. Die verandering is begin in die eredienste (musiek en Godstories) en kategese.

Behalwe die erediens was die rol van die leraar in die spervuur. Hy voldoen nie aan die vereistes wat deur die grondeienaars daargestel is nie. Die grondeienaars tree paternalisties op en tree buite die Kerkraad om op en wil aan die leraar ʼn pakket bied. Verskeie stories oor die leraar doen die ronde. Communitas se fasiliteerders hanteer die konflik. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die gemeente word die konflik direk in behandeling geneem en kon lidmate met mekaar in gesprek tree. Vir die eerste keer kon die grondeienaars en leraar mekaar in rondom ʼn tafel ontmoet en kon die konflik besleg word. Die besoek van die fasiliteerders het tot gevolg gehad dat die leraar ongekende ondersteuning van die gewone lidmate (die niegrondeienaars) ontvang het.

Lidmate het hulle verbind hulle opnuut tot die verbondsdoop en aanvaar eienaarskap vir die gemeente.

Die hekkies wat na vore gekom het:

- Kerkbegrip. (Christendom paradigma, beheer deur die magtiges)
- Tradisionele verwagting van leraar asook dat hy die besturende direkteur is.
- Paternalistiese leierskap.

Wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit:

- Fasilitering. Die hantering van konflik. (Met leraar en grondeienaars; niegrondeienaars lidmate tree sterk na vore)
- Liturgiese vernuwing. (Erediensvernuwing.)
- Kerkbegrip. (Agt Patrone)
- Leierskap. (Verbintenis aan gemeente missie)

2010

In 2010 word ʼn verslag van die fasiliteerders aan die Kerkraad voorgelê.[46] Die jaar het met baie pastorale werk begin. Baie tyd is afgestaan om mense pastoraal te begelei. Van die lidmate se belewing was dat hulle nou “moeg” is vir al die

---

[45] Notule van Kerkraadsvergadering wat gehou is op Woensdag 11 November 2009

[46] Notule van die Kerkraadsvergadering wat gehou was op Woensdag 10 Maart 2010

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

negatiwiteit van die Shofar lidmate. Die saak word tydens ŉ Kerkraadsvergadering bespreek. Daar is besluit om met die Shofar leierskap in gesprek te tree met die oog op ŉ gesamentlike verklaring. ŉ Goeie gesprek het plaasgevind maar hulle het nie kans gesien om die gesamentlike verklaring te teken nie. ŉ Verklaring is deur die Kerkraad aan die gemeente voorgehou en sake het rustiger geword.

Op die Dagbestuur se dinkskrum van 2010 het die leiers aan die navorser bevestig dat hy ŉ profeet was in die tyd van die transformasie. Hy het, volgens hulle, bly staan by die gestuurde karakter van die Kerk.

Die Kerkraadskamp het onder leiding van Communitas plaasgevind. Die kampers was die verkose Kerkraadslede en hul gades. Almal is in agt groepe ingedeel. Die wat mekaar nie so goed geken het nie was saam gegroepeer, sodat almal mekaar beter kon leer ken. Die volgende vraag is deur hulle gevra: Wat het die Here in ons gemeente gedoen sedert verlede jaar se Kerkraadskamp? Die vraag is eers deur elke lid individueel beantwoord deur dit op ŉ kaartjie te skryf waarna al die kaartjies op die tafel uitgepak is en na konsensus antwoord gewerk is. Dit is dan weer op verskillende kaartjies geskryf en teen die muur geplak. Die fasiliteerder het die kaartjies groepeer. Die resultaat was soos volg:

> Ons het op God se teenwoordigheid begin fokus, daarom het persoonlike geestelike groei plaasgevind, daarom het verhoudings tussen mense verbeter, daarom het mense meer diensbaar geword.

Die resultaat of antwoord is meer breedvoerig soos volg omskryf:

Ons het op God se teenwoordigheid begin fokus:

- Ek is goed genoeg vir die Here.
- God vestig meer aandag op Hom.
- Ons het na Hom begin luister.
- Meer mense is in ŉ “in-diepte” verhouding met God.
- Godstories word meer met mekaar gedeel.
- God het alles laat gebeur.
- Hy het werklik geword deur Godstories, in eredienste, en in gebed.

Persoonlike geestelike groei:

- Ons het nederig geword.
- Lidmate ondersteun mekaar.
- Lidmate is positief.
- Lidmate vertrou mekaar.

Verhouding tussen mense verbeter:

- Begrip en verstaan van mekaar.
- Meer kalmte en verdraagsaamheid teenoor mekaar.
- Gelei om te luister na mekaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Ons fokus en gesindheid het verander.
- Daar is nou weer hoop.
- Die klimaat is meer positief en opbouend.
- Aanvaarding vir verandering.

Meer diensbaar:

- Ons beweeg uit ons gemaksone.
- Mense gee hulself en nie net geld nie.
- Groter diensbaarheid.
- Ons het meer betrokke geraak.

Op vrae wat die Kerkraad kan doen sodat dit meer kan gebeur het die bespreking die volgende opgelewer.

- Hoe kan ons meer op God se teenwoordigheid fokus? Die belangrike rol van gebed.
- Hoe kan ons meer persoonlik geestelik groei? Deur mense bewus te maak van hul persoonlike verantwoordelikheid.
- Hoe kan ons verhoudings tussen mense verbeter? Deur die kapasiteit te ontwikkel om mekaar te bevestig.

Bogenoemde het bevestig dat ons ŉ seisoen van dissipelskap betree het. Dit was wonderlik om te sien dat die gemeente Missie nuwe betekenis vir die lidmate gekry het. Daar is opnuut eienaarskap vir die uitleef van die Missie aanvaar.

2.3.4.17 GEMEENTEKULTUUR EN IDENTITEIT: 2010

Die Dagbestuur, leraarspaar, kerkraad en lidmate verbind hulle aan die gemeente se Missie en ŉ nuwe kultuur neem vorm aan in die gemeente. Daar sal voortaan op God gefokus word en lidmate sal gehelp word om geestelik te groei sodat hulle mekaar kan aanvaar en tot groter diensbaarheid kan ontwikkel. ŉ Nuwe era word in die geskiedenis van die gemeente ingelui.

2.4 SAMEVATTEND: GEMEENTEKULTUUR EN IDENTITEIT

In die afdeling oor die eerste jare van die gemeente sien ons dat die gemeente haar ontstaan in die Christendom paradigma het en ook die eienskappe van daardie tydperk vertoon. Daar kan met waardering teruggekyk word na wat in die tyd alles vermag is. Die kerk het van die begin af ŉ sentrale rol in die gemeenskap gespeel. Die gemeente en die gemeenskap was een. Dit is werklik moeilik om te onderskei tussen die gemeente en die gemeenskap. Baie van die lidmate wat deel van die proses was, is óf weg, óf is oorlede. Die laaste geslag wat die gemeente help oprig het, is nou in ŉ fase van aftree. Hulle het baie hard gewerk vir die gemeenskap en gemeente se totstandkoming. Hierdie lidmate is uiters lojaal en voel onbewustelik dat hulle die kerk besit en dat dit oorgedra moet word aan hul kinders en kleinkinders. Die meeste van hierdie mense was grondeienaars wat in die begin jare sterk leiding geneem het. Die geslag voel, in ŉ sekere sin: Kyk wat ons tot stand

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebring het? Ons het die kerk gebou en die gemeenskap ontwikkel. Die hele gemeenskap het saamgewerk.

Lidmate vind dit egter moeilik om in die veranderde konteks te verstaan dat die kerk nou na die rand van die samelewing geskuif word. Hulle onderdruk dit en dit is vir hulle moeilik om te verstaan dat almal nie meer kerk toe kom nie en dat daar jongmense is wat na ander kerke gaan. Die kerk is nie meer dieselfde as dit waarvoor hulle so hard gewerk het nie. Hier is selfs sprake van ʼn onderdrukte aggressie as gevolg van magteloosheid en verlies.

Die ouer geslag het ʼn sterk tradisionele rolverwagting van die leraar, hy moet die gemeente bedien, en oral sigbaar wees. Die herder-kuddemodel word eensydig verstaan as sou die leraar die enigste een wees wat ʼn roeping het. Die gemeente sal alles moontlik doen sodat hy die geestelike werk kan doen. Dit verklaar hoekom die kerkraad nog altyd positief was en is, oor beter toerusting vir die leraar. Die verwagting van die leraar was dat hy alles in stand moes hou. Die “kudde” is sy verantwoordelikheid.

Die herder-kuddemodel is later met besigheidsbeginsels ingeklee. Daar word heel dikwels verwys na die leraar as die Besturende Direkteur van die besigheid en na die kerkraad as die direksie. Die gemeente is gevolglik volgens besigheidsbeginsels bestuur. As dinge verkeerd sou loop, dan betaal ons die Besturende Direkteur af. Die Missie wat in 1994 deur die gemeente aanvaar is, was beslis profeties, al was dit is in die tyd van die besigheidsmodel gedoen.

Die ekonomiese sisteem waarin die gemeente ingetrek is, het ook die gemeente se kerkbegrip bepaal. ʼn Kerk is soos ʼn besigheid en moet net reg bestuur word. Daarvan getuig die insette oor die bestuursmodel wat geïmplementeer is nadat die gemeente Missie geskryf is. Strukturele verandering en goeie organisasie is aangebring. Vanweë die besigheidsmodel en gegewe die gunstige boerdery omstandighede was die gemeenskap en die gemeente nog altyd finansieel geseënd. Dit was makliker om geld te gee as om deel van my tyd te gee. Persone het finansies van die Kerk weerhou as hulle nie met die gemeente tevrede was nie. Die finansiële voorspoed en bestuurstyl het beslis bygedra tot die gebrek aan ʼn dienskultuur en volhoubare verhoudinge. Die vervlakking van verhoudinge was al meer die gevolg hiervan. *Koinonia* het ontbreek en gevolglik is konflik óf nie gehanteer nie, óf net na gelaat.

Die vernuwing wat plaasgevind het, was ʼn transformasieproses wat die Christendom paradigma en die besigheidmodel begin verander het. Die wonder was dat daar altyd ʼn aanvoeling was om dinge te verander. Vrae wat deurlopend gevra is, was: Is ons kerk? Is ons effektief as gemeente? Maak ons ʼn verskil? Al hierdie vrae is gevra terwyl die dominante kultuur dié Christendom paradigma was. Vernuwing is verstaan soos “vernuwe” deur die bestuurswêreld, waar dinge beplan, beheer en bestuur kan word. Lidmate wou nie die Christendom paradigma verlaat nie. Eintlik was dit ʼn geestelike besigheids-bestuursmodel. Die eerste konflik was juis omdat die model nie die gewenste resultate gelewer het nie en daarom juis ook die konflik met die eerste fasiliteerder. Toe die model nie die gewenste resultate lewer nie, het die fasiliteerder juis na elkeen se gesindheid en verhouding met God gevra. Die Evangelie/verandering het te na aan mense gekom. ʼn Kenmerk van die huidige gemeente kultuur is: Bestuur dinge weg van my af!

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat ons dus sien, is die geleidelike inploffing van die Christendom era. Deur die jare het sekere hekkie-oopmakers druk toegepas op die bestaande hekkies. Die hekkie-oopmakers het bygedra tot die geleidelike inploffing van die Christendom paradigma en die vorming van ʼn nuwe gestuurde identiteit. Daar was gedurig ʼn groep lidmate wat geestelike groei ervaar het. Die hekkie-oopmaker het lidmate "iets" laat ervaar wat die Christendom kultuur onbewustelik uitgedaag het. Dit was asof die geestelik druk teen die hekkies so toegeneem het en dat hulle begin oopgaan het.

Lidmate wat die proses van hulself probeer wegbestuur het, het nie geestelik gegroei nie. Waar lidmate egter betrokke geraak het, het hulle geestelik gegroei. Die rol en taak van die leraar het ʼn sentrale rol in dié verband gespeel. Die leraar se rol het al hoe meer verander na ʼn toeruster.

Die proses van verandering het deur siklusse verloop. Die herder-kuddemodel en die liggaamsmodel was in botsing met mekaar. Die invloed van die charismatiese beweging het egter die gemeente gehelp om na te dink oor haar Gereformeerde agtergrond en dit weer te ontdek.

Die onderliggend identiteitverskille het die hele tyd tot konflik gelei. Die patriargale leiers wou die gemeente terugneem na die tradisionele kerkbegrip, sonder om die ontluikende leierskap van die gemeente te ken. Dit is gedoen, soos alle ander sake heel dikwels gedoen is, in die "wandelgange." Konflik was onafwendbaar. Konflik is egter in 2009 vir die eerste keer, onder leiding van fasiliteerders hanteer.

Na die transformasie is dit duidelik dat die gemeente se identiteit geskuif het en dat daar gedeelde leierskap is wat die gemeente wil begelei. Dit kom veral na vore in die taal van leierskap en die Godstories wat in die eredienste vertel word. Geloofs-onderskeidende vrae het deel van die kultuur geword. Gods-vrae word gevra en die leierskap ontdek wat die volgende treë op die geloofsreis is. Gods-vrae wat gevra word, is: Wie is God? Waarmee is God nou besig? Wat is God besig om (herhaaldelik) vir ons te sê? Aan wie behoort ons? Wat is God se droom vir jou?" Lidmate leer en ervaar wat dit beteken om onder leiding van die Heilige Gees grense oor te steek en so opnuut weer die kerk se gestuurde karakter te ontdek.

Dit het al hoe meer duidelik geword dat die gemeente se Missie meer as 20 jaar geneem het om te geïntegreer met die gemeente se lewe.

GEVOLGTREKKING

Die navorsingsvraag is: Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasieproses in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg en hoe is dit ontsluit? Die hipotese is dat as ʼn mens dit beter kan verstaan kan jy dit ook beter bestuur. As jy dit beter kan verstaan, kan jy die nodige konflik wat die weerstand teen die ongewone oproep, pastoraal hanteer.

Ons sal egter realisties moet wees en erken dat die hekkies die hele tyd daar is en dat dit eintlik gaan om die stryd tussen die hekkies en die hekkie-oopmakers. Dit is amper soos die stryd tussen die lig en die duisternis.

Ek gee ʼn **samevatting van die hekkies wat na vore gekom het**. Hulle word nie in prioriteit volgorde genoem nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- ʼn Bestuurskultuur met ʼn sterk organisatoriese raamwerk.
- Leierskap: Die tipiese CEO leierskap, van bo na onder struktuur met paternalistiese kenmerke. Hoe meer daar verwag word om geloofsonderskeidend op te tree en oor grense te beweeg, hoe meer raak hierdie tipe leier onbetrokke.
- ʼn Dienskultuur ontbreek, gemeentelede wil nie persoonlik betrokke raak nie.
- Tradisionele rolverwagting van die leraar en sy vrou word afforseer.
- Verhoudingsvervlakking tree in hoe besiger die samelewing raak
- Materialisme, kenmerk van ʼn voorspoedige gemeenskap, begin ʼn rol speel.
- Die kerkbegrip van die herder-kuddemodel staan teenoor die liggaamsmodel, alternatiewe is ʼn charismatiese verstaan van die kerk teenoor ʼn Gereformeerde identiteit. Die vraag na die rol van die kerk in die samelewing, word ook gevra. Die herderkudde model skep ʼn kultuur van: “Ek word bedien.” Dit werk gevolglik onbetrokkenheid in die hand. Besoeke deur leraar en kerkraad word deur die lidmate as belangrik geag.
- Die aard van beheer en mag speel die hele tyd ʼn sterk rol.
- Strewe na onafhanklikheid bly ʼn hekkie.
- Die werksituasie waar almal wat op plase woon en saamwerk beïnvloed geestelike groei en verhoudinge.

Wat het na vore getree om die hekkies te ontsluit?

Uit die beskrywings en aanhalings wat hierbo gegee is, is dit duidelik dat die onderskeie hekkies se negatiewe uitwerking op geestelike groei en onderskeiding teengewerk is deur die volgende hekkie-oopmakers.

- Liturgiese vernuwing.
- Toerusting.
- Oorsteek van grense.
- Kleingroepe.
- Diversiteit.
- Afhanklikheid van God.
- Die verstaan van die gereformeerde erfenis.
- Fasilitering en die hantering van konflik.
- Geloofsonderskeidende leierskap.

Die toedruk van ʼn hekkie het telkens die oopmaak daarvan in die hand gewerk. Ek gaan nou die dinamiek tussen die hekkies en hekkie-oopmakers beskryf.

<u>Liturgiese vernuwing.</u> Die vernuwing was aanneemlik tot die punt dat Engelse liedere gesing is en van alternatiewe musiekbegeleiding gebruik naas die orrel gemaak is. Dit het die Afrikaner Nasionalisme van vroeër weer na vore laat kom asook die feit dat die orrel as die enigste instrument in die kerk gesien is.

Die fokus van die liturgie het al hoe meer geskuif, nie net na wat ek ontvang in die erediens nie, maar na die feit dat ek myself kom gee. Dit het die kerkbegrip van sommige lidmate beslis voortdurend uitgedaag. Die leraar is geëvalueer op grond

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die feit of hy goed of swak preek, kort of lank. Konflik was deurgaans teenwoordig.

Pinkster was nog altyd ʼn besondere geleentheid vir geestelike groei en toerusting wat ʼn groot rol gespeel het om die kultuur in die gemeente te verander. Sang was ʼn belangrike komponent van die ontmoetings. Dit was juis die moment van 2008 se Pinkster waartydens die Agt Patrone hanteer is, dat dit wat in die gemeente gebeur het onder woorde gebring is. Tydens die Pinksterfees het die navorser gesê dat die gestuurde kerk die Christendom paradigma uitdaag. Die herder-kudde model en die liggaamsmodel het onderliggende spanning opgebou, maar die gestuurde karakter van die kerk het die spanning baie sterk na vore laat kom.

Die toerustings geleenthede het gefokus op die bemagtiging en diensbaarheid van lidmate. Dit het nie net die dienskultuur voortdurend uitgedaag nie, maar ook die tradisionele rol en taak van die leraar. Lidmate moes toegerus word vir hulle dienswerk. Uiteindelik is die leraar nie meer die betaalde amptenaar wat die werk moet doen nie, maar die toeruster wat almal moet help om hulle roeping te ontdek en te volvoer Waar dit gebeur het, het lidmate geestelik soveel gegroei dat hulle uiteindelik die geestelike inisiatief en “gewig” in die gemeente sou swaai.

Die hantering van die skrif het lidmate voordurend bewus gemaak van hulle eie gejaagde lewens. Almal is gekonfronteer met hulle eie verhouding met God. Dit het ook die bestuursmodel uitgedaag. Ons kan nie die kerk volgens die besigheidsmodel bestuur nie. Die taal van geloofsonderskeiding is al hoe meer gebruik. Dit was en is vir sommige nog vreemde taal.

Die oorsteek van grense. Die beklemtoning vanuit die gemeente Missie dat ons die verantwoordelikheid neem om Jesus te laat leef in die harte van alle mense, het die vorige uitwaartse beleid, wat eers net op finansiële bydraes berus het, uitgedaag, asook die dienskultuur. Lidmate was duidelik daarop ingestel om eie behoeftes te laat bevredig en hulle het gesukkel om uit te reik na ander.

Kleingroepe. Die verhoudingsvervlakking wat plaasgevind het, het lidmate vrae laat vra. Die onafhanklikheid het mense nie bevredig nie. Die soeke na gemeenskap was altyd daar. Die gemeenskap wat die gelowiges in die wyksisteme en tydens kerkraadskampe ervaar het, het lidmate na meer laat vra. Die wyksisteme was te beperkend vir die geestelike groei wat die lidmate beleef het, asook die feit dat mense nou saam werk en woon op van die groter plaaseenhede. Die gemeentestrukture en gepaardgaande kerkbegrip is uitgedaag.

Diversiteit het die proses oopgemaak dat almal nie dieselfde hoef te dink en te wees nie. Die CEO leierskapstyl is beslis uitgedaag en ruimte is gegee vir elke lidmaat se belewing van sy/haar geloof asook opinie. Ons is nie meer almal dieselfde nie. Die eenheid in die diversiteit word beklemtoon. Ons moet op God bly fokus. .

Afhanklikheid van God. Die landbou omstandighede, veral die droogtes het die gemeente telkens teruggebring om te verstaan dat ons van God afhanklik is.

Gereformeerde Identiteit. Die aanvaarding van die leierskap om binne die gereformeerde konteks te bly vernuwe het in ʼn groot mate spanning verlig. Dit het ook lidmate wat ʼn sterk charismatiese ingesteldheid gehad het, laat besef dat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeente ’n bepaalde keuse gemaak het. Die charismatiese invloed het begin taan deels omdat van hulle die gemeente verlaat het.

Die groei wat oor jare in die gemeente se leierskap plaasgevind het, het begin by die samestelling van ’n dagbestuur, wat die leraar moes bystaan in sy daaglikse werk. Vroeër is alles deur die leraar gedoen. Met die koms van die dagbestuur het die leierskapsrol verskuif na deelnemende leierskap. Later het dit verder ontwikkel na leierskap wat eienaarskap aanvaar het vir die gemeente. Leiers het begin opstaan wat die tradisionele (magtige) leiers uitgedaag om ook verantwoordelikheid te neem vir die gemeente.

Dit het ook veroorsaak dat die leierskap die rol en taak van die leraar anders begin insien het. Hy is nie meer die Besturende Direkteur van die besigheid nie. Dit gaan oor gedeelde leierskap vir die gemeente, juis binne ’n diverse kultuur. Hierdie verandering in die leierskapsrolle het oor tyd eers spanning gebring maar later die konflik begin hanteer.

Die druk van die hekkies het so toegeneem dat na 20 jaar, die gemeente Missie deel geword het van die gemeente kultuur. Dit word al duideliker uit die bespreking van die hekkie-oopmakers dat die Missie van die gemeente profeties was.

Die hantering van die konflik deur die fasiliteerders het juis die speelveld gelyk gemaak soseer so dat die patriarge hulle verbintenis tot die gemeente weer bevestig het. Na die konflik hanteer is, het dit duidelik geword dat as die leierskap op God begin fokus lidmate geestelik begin groei en die verhouding tussen mense verbeter en mense meer diensbaar geword. Daar kan dus ’n voorlopige konklusie gemaak word, dat wanneer leierskap hulle fokus na God verskuif, dit ’n hele klomp hekkies ontsluit. Leierskap wat fokus op die *missio Dei* blyk op hierdie stadium die faktor te wees wat die grootste inpak maak in die skuif van die kultuur van die gemeente.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3 ETNOGRAFIESE NAVORSING

3.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is die kultuur en identiteit van die gemeente beskryf na aanleiding van die geskiedenis van die gemeente. Die navorsingsvraag is: "Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasieproses in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg en hoe is dit ontsluit?" Die vraag het ons in staat gestel om die belangrikste hekkies te beskryf wat in die geskiedenis van die gemeente ontstaan het. Die navorsing het ook aangetoon hoe die hekkies met verloop van tyd ontsluit is. Hoofstuk 2 het ons dus gehelp om te verstaan: Wat is aan die gebeur? In hierdie hoofstuk wil ons steeds die vraag van Osmer beantwoord, maar wil ons deur die etnografiese navorsing bewus word van hoe die kultuur en identiteit in die gemeente reeds verander het. Het daar ŉ gestuurde kultuur in die gemeente begin ontstaan. Wat is aan die gebeur?

Die bedoeling is nie om die gemeente te evalueer nie, maar wel om bewus te word van die missionale patrone wat reeds aanwesig is, en dit te vier. Die doel is om die gemeente doelbewus te begelei om aan te sluit by wat God reeds besig is om te doen, d.w.s. om hoop, hulp en heling in ŉ wêreld vol gebrokenheid en pyn te bring. Met die etnografiese navorsing word die huidige kultuur van die gemeente nagevors. Daar word gepoog om vas te stel wat tans in die harte van lidmate leef. Daar word gesoek na nuwe beskrywings, beelde en metafore wat iets vertel waarmee God tans besig is in sowel die plaaslike gemeente as die gemeenskap.

3.2 METODOLOGIE

Etnografiese navorsing wil ons help om nuwe beskrywings, beelde en metafore te vind rakende wat God besig is om te doen in die plaaslike gemeente en gemeenskappe. Etnografiese navorsing val onder interpretasienavorsing.

> The aim of interpretive research is to *understand* the phenomenon being researched. In service of that understanding aim, the point of ethnography is to achieve what the word literally means, to put a culture into writing (either print, pictures, or electronic media). (Marais & Taylor-Ellison 2007: 5).

Etnografiese navorsing versamel dus vol beskrywings in die geskiedenis, stories en metafore rondom vrae van hoe mense glo en teenoor mekaar in die gemeentelike lewe optree. Hierdie data word deeglik nagegaan en in die proses word betekenisvolle patrone ontdek wat deur ander navorsers en deur gemeenteleiers self getoets kan word. Sulke navorsing help die navorser om te sê dat hy die kultuur verstaan.

Etnografiese navorsing gee ons belangrike inligting vir refleksie. Die missionale teologie en die ekklesiologie vorm die raamwerk vir hierdie refleksie. Die navorser het vir die metodologie gebruik van die ongepubliseerde artikel van Marais en Taylor-Ellison (2007). Die Agt Patrone (Barret 2004: xii- xiv), wat kenmerkend is van gestuurde gemeentes, is die oorsprong van die vrae wat aan die gemeente gevra is:

1. Gestuurde roeping

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Bybelse vorming en dissipelmaking
3. Neem van risiko's as kontrasgemeenskap ter wille van God se Koninkryk.
4. Gewoontes en rituele wat wys op God se betrokkenheid in die wêreld.
5. Aanbidding as publieke getuienis van God se teenwoordigheid en Koningskap.
6. Afhanklikheid van die Heilige Gees.
7. Saam onderweg na God se Koninkryk.
8. Missionale leierskap.

Die bedoeling is nie 'n evaluering van die gemeente nie. Die doel is juis om die gemeente bewus te maak van hoe God in die gemeente en die gemeenskap waarbinne die gemeente haarself bevind besig is. Elke gemeente wat deel is van die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG)[47] gemeentes doen die navorsing.

Die navorser maak gebruik van die navorsing, omdat dit waardevolle inligting op die navorsingsvraag verskaf. Dit bevestig ook die gevolgtrekkings van Hoofstuk 2. Sodoende word triangulasie verkry. Triangulasie is 'n term wat verwys na wetenskaplike bevestiging verkry wanneer die fenomeen onder bespreking met 'n ander metode van navorsing dieselfde resultate oplewer.

Die werkswyse was soos volg:

- Die navorser het 24 persone geïdentifiseer met wie onderhoude gevoer is.
- Die persone is soos volg gekies:

6 uit die "familie." Dit is lidmate wat ná aan die predikant is en dus deel van die besluitnemingproses is.

12 uit die "binnekring van vreemdelinge." Dit is lidmate wat nie op kommissies of bedieninge is nie maar redelik gereeld eredienste bywoon en aktief is.

6 uit die "buitekring vreemdelinge." Lidmate wat met Kersfees, doop, troues en begrafnisse kerk toe kom. Hulle is nie meelewende lidmate nie.

Agt vrae is in dieselfde volgorde aan elke persoon gevra. Nadat die respondent die vraag beantwoord het, het die navorser wat hy neergeskryf het aan die persoon hardop voorgelees. Die onderhoudsvoering het volgens die riglyne vir onderhoudsvoering plaasgevind. Dit sluit die volgende in:

1. Die persoon met wie die onderhoud gevoer is, is vooraf geskakel en ingelig oor die doel van die onderhoud en namens wie die navorser dit doen.

---

[47] Die SAVGG is 'n netwerk van gestuurde gemeentes wat die volgende visie deel: Om te luister na God se spesifieke roeping vir ons, om deur God gestuur te word en om deur die Heilige Gees bemagtig te word om deel te wees van God se sending in die wêreld, sodat beide ons uitreik na die gemeenskap en ons lewe saam as gemeente 'n getuienis vir Jesus kan wees (SAVGG Gemeentegids- Fase 1: Ontdekking Welkom Uitgawe 2 – Jan 2008).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Toe die navorser by die persoon gekom het, is die doel van die gesprek weer verduidelik.
3. Die persoon is op sy/haar gemak gestel.
4. ʼn Atmosfeer van vertroue en vertroulikheid is geskep.
5. Die persoon is verseker dat sy/haar antwoorde die gemeente sal help.
6. Die navorser het die respondent die gevoel gegee dat hy/sy in beheer van die gesprek is.
7. Elke antwoord is met respek hanteer en niks is veroordeel nie.
8. Die proses is oop en deursigtig hanteer.
9. Alles is neergeskryf.
10. Die navorser het ten alle tye aandagtig geluister.
11. Die navorser het nie stomp geëindig wanneer die vrae verby is nie. Hy het byvoorbeeld gevra: “Is daar nog iets wat jy vir my wil sê?”
12. Die verhoudings is “gesement” met warmte en vertroue.
13. By elke vraelys is biologiese inligting in kode bo-aan die vorm ingevul.
14. Die vertroulikheid van die antwoorde en data is en bly gehandhaaf.

Die volgende vrae is aan elkeen gestel in die volgorde soos hieronder aangedui:

1. Beskryf Op-die-Berg gemeente aan ʼn vreemde persoon.
2. Hoe leer gemeentelede wat dit beteken om ʼn volgeling van Jesus te wees?
3. Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy werk in hierdie gemeente.
4. Beskryf ʼn ervaring van betekenisvolle aanbidding van God wat jy in die gemeente gehad het.
5. Vertel van ʼn situasie waarin jy en/of ander mense by ʼn probleem of konflik by die Kerk betrokke was en hoe dit hanteer is.
6. Wat maak jou angstig oor die toekoms van die gemeente en wat gee jou hoop?
7. Vertel hoe jy en andere voel oor die veranderinge wat die afgelope 3 tot 5 jaar in die gemeente plaasgevind het.
8. Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope 3 tot 5 jaar in die samelewing rondom julle plaasgevind het?

Op die antwoordstel word die volgende inligting aangedui: manlike of vroulik; die eerste syfer van die betrokke persoon se ouderdom en of die persoon deel is van die familie, binnekring vreemdelinge, of buitekring vreemdelinge. Die aantal jare wat die persoon in die gemeente woonagtig is, is ook aangedui.

Alle antwoordlyste is aan een persoon besorg wat dit getik het. Dit is na ʼn onafhanklike opgeleide leesspan gestuur om ʼn waarderende verslag aan die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeente te skryf. Die rede vir die gebruik van ʼn onafhanklike leesspan is om ʼn objektiewe, onafhanklike span toe te laat om die kultuur te interpreteer.

Al die onderhoude is tussen Augustus 2008 en September 2008 gevoer. Die dokumentasie is by die navorser beskikbaar.

3.3 TERUGVOER EN BESPREKING

ʼn Kort opsomming van die antwoorde op elke vraag, die leesspan se kommentaar en die navorser se persoonlike interpretasie van die gegewens volg hierna. Dit was gou duidelik dat ons hier konstruktiewe replikasie kry, m.a.w. dat dieselfde tendense wat Hoofstuk 2 aangetoon het, ook hier opduik. Daar word na dieselfde hekkies en hekkie-oopmakers verwys.

3.3.1 Vraag 1

Beskryf die gemeente vir ʼn nuwe persoon

Opsomming. Dit is ʼn tipiese homogene plattelandse boerdery-gemeenskap waar almal op die een of ander wyse by die landbou betrokke is. Die gemeente speel nog ʼn belangrike rol in die gemeenskap. Dit is ʼn klein gemeente, nie groot in getalle nie. Die gemeente werk in geloof vorentoe. “Ons is soos ʼn familie,” sê een persoon, “Van party hou jy en van ander nie. Jou ingesteldheid is egter belangrik.” ʼn Lidmaat skryf: “Hier is lidmate wat nie opreg is nie, hulle gee voor. Dié wat diep gelowig is, is opreg.”

Ons het ʼn baie gemaklike gemeente, dis nie moeilik om in te kom nie, maar jy word wel later uitgesluit. Daar is ʼn onderskeid tussen werkgewers en werknemers. As jy hier grootgeword het en jy weet hoe dit “*operate”*, is dit lekker. As ʼn nuwe persoon inkom, sal dit moeilik wees om in die gemeente in te kom. Om hier te “*interact”* met mense is moeilik omdat almal in die landbou is en die element van kompetisie sterk aanwesig is. Die gemeente is baie geslote, ons is op ʼn eiland, daarom is ons baie aangewese op mekaar.

Een respondent som dit mooi op deur te sê: “ ʼn Gemeente is mos maar mense, en waar mense is, is daar verskille. Die onbetrokkenes sal altyd daar wees en dié wat altyd kla, ook.” Nogtans is daar die lede wat regtig God se plan en doel vir ons gemeente soek. Vra liewer: “Wat kan ek vir die gemeente doen?” en nie: “Wat kan die gemeente vir my doen nie”. ʼn Ander respondent sê: “Dit is nie ʼn maklike gemeente nie. Daar is uiteenlopende behoeftes wat hulle van die NG Kerk vra. Dit kan nie almal se behoeftes bevredig nie. Gemeentelede lewer maklik kritiek en fokus meer op die negatiewe as op die positiewe.”

Daar het al baie veranderinge plaasgevind. In ʼn klein gemeente is verandering moeilik. Mense is nog selfbewus. Die middel-ouderdomsgroep se passie is groter om verandering te bring.

Die gemeente is baie betrokke by die gemeenskap.

In die gemeente het baie veranderinge plaasgevind. Dis ʼn lekker lewendige gemeente, ʼn nogal ʼn warm gemeente. Toe die leraarspaar nuut hier gekom het, was hier ʼn mooi gesindheid wat hulle getref het. Daar is nuwe denke, hulle wil nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stagneer nie (bv. Kleingroepe). Daar is ouer mense wat sterk voel oor die ou manier van doen. Daar is egter ŉ persentasie mense, oud en jonk, wat na ŉ meer lewendige kerk soek. Die gemeente is in ŉ groeifase. Dit is jammer dat mense vernuwend dink maar tog in die kerk op die ou weë wil bly. Daar word moeite gedoen om te vernuwe en nie te stagneer nie. Mense word gemotiveer om eienaarskap vir die kerk te aanvaar en betrokke te wees. Hier het ŉ lieflike jong gees in die gemeente gekom. Die jongmense wil betrokke wees. Dit is ŉ warm gemeente wat vir mekaar omgee. Die gemeente het baie verander. Ek wil met die gemeente geassosieer word.

Die grootste struikelblok is trots en dat mense nie hul ware self en seer kan wys nie. Die gemeente se beskermende meganismes is baie sterk, hulle is sensitief oor wat mense van hulle dink. In die erediens is daar ŉ lekker deelname van gemeentelede, hulle is nie net hier om te luister nie. Daar is ŉ persepsie van min jongmense wat betrokke is.

Leesverslag se kommentaar op vraag 1

Die gemeente beskryf hulself as ŉ klein, geslote plattelandse gemeente, hoofsaaklik ŉ landbou-gemeenskap. As gelowiges raak ons meer as opgewonde as ŉ mens so ŉ klomp positiewe dinge raak lees soos: ons fokus op Jesus; ons soek God se plan en doel vir ons lewe; en ons is afhanklik van die Skepper. Duidelik is die Drie-enige God ŉ werklikheid vir hulle en iets van dissipelskap het ook al begin tuiskom. Die verwysing na sel groepe bevestig dit. Sel groepe is baie belangrik vir Bybelse vorming van dissipelskap, want dit help mense om betekenisvolle verhoudings te ontwikkel.

- Hoe kan die gemeente meer van sel groepe maak?

Verder word ŉ mens getref deur die beskrywings van warmte; persoonlike betrokkenheid in gemeenskap en by mekaar; diensbaar; gemaklik; omgee en lewendig, veral in die eredienste. Dit is nogal insiggewend dat ŉ buitestaander die opmerking maak dat hy graag met die gemeente geassosieer wil word. ŉ Ander buitestaander het ook aangedui dat mense vroeër meer omgegee het vir mekaar. So ervaar ander weer die gemeente as eksklusief, ŉ familie waarin jy nie van almal hou nie, en die feit dat ons aangewese op mekaar is, word in twyfel getrek; dat daar onderskeid getref word tussen die mense wat hier grootgeword het en nuwe intrekkers, en tussen werkgewers en werknemers is waar.

- Wat kan gedoen word om ŉ beter omgee karakter in die gemeente te vestig?

Dat daar nuwe dinge aan die gebeur is, nuwe projekte wat geloods. word, wonderlike goed aan die gebeur is wat bydra tot groei en energie, kan nie misgekyk word nie. Wat ook duidelik is in die verhaal van die gemeente, is dat daar rondom hierdie vernuwing baie spanninge ontwikkel. Party mense beleef hierdie vernuwing positief en andere negatief. Daar word verwys na die voorkeur van die “ou manier” en die behoefte aan “vernuwing.” Ons wonder of hierdie spanning tussen die twee groepe een van die redes kan wees waarom mense eerder na Ceres se kerk toe gaan.

- Watter pogings is al aangewend: a) om die twee groepe te versoen? en b) waarin kan ontdek word wat God se roeping vir Sy hele gemeente is?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Persoonlike kommentaar

Die bedoeling van die vraag is om die kern identiteit van die gemeente te bepaal. God kies, versamel, en seën ons omdat Hy ons in Sy wêreld wil gebruik. Die antwoorde op die vraag gee ŉ perspektief oor hoe die lidmate oor die gemeente dink. Die eerste vraag ontlok baie kommentaar en menings.

Die gemeente soek na God se plan. God begin om sentraal in die gemeentelike lewe te staan. Die gemeente is aktief na buite. Die primêre identiteit is nog nie die van ŉ gestuurde gemeente nie, alhoewel daar enkele tekens daarvan is.

Dit is vir die navorser baie duidelik uit die antwoorde dat gemeente-verhoudings van die uiterste belang is. Die volgende wat sterk na vore kom, is die diverse behoeftes en verwagtings van lidmate. Hierdie sake kom ook sterk na vore by die Verslag van die Algemene Sinode oor Klein gemeentes.

> Klein gemeentes is verhouding-gedrewe gemeentes. Nie die charisma van die predikant of die kwaliteit van die program verskaf kohesie nie. Die kohesie groei uit die kwaliteit van die verhoudinge – met God, met mekaar en met die gemeenskap. Juis hierin lê geweldige potensiaal opgesluit (Agenda van die Algemene Sinode 2010:4).

Die skuif wat na sel groepe gemaak is, blyk reg te wees, omdat die groepe juis lidmate in staat stel om verhoudings te bou. Die Kerkraad het besluit om die groepe spontaan te laat groei. Dit het duidelik geword dat die wyksisteem, as deel van die Christendom-era, aan die verkrummel is al het dit die eerste 20 en meer jaar baie goed gefunksioneer en al het die leiersklas vir diegene wat die wykbybelstudies aangebied het, baie beteken. Hierdie verandering het spontaan en sonder stryd plaasgevind.

Die vraag van die Leesspan, aansluitend by bogenoemde, oor hoe die omgee karakter van die gemeente meer uitgebou kan word, is baie relevant. Die gemeente het in konflik verval. Die antwoord lê juis in wat op die Kerkraadskamp van 2010 gebeur het. Toe geloofsonderskeidend gevra is: “Wat het God die afgelope jaar gedoen?” het die Kerkraad bevestig dat ons nie op God gefokus het nie. Toe ons wel op God begin fokus het, het ons mekaar anders begin beskou. Dit het veroorsaak dat ons meer diensbaar geword het en ons onsself, met ons gawes, beskikbaar gestel het. Hoe gaan dit volgehou word? Deur voordurend op God te fokus. Dit het tot vrede gelei.

Die saak oor diversiteit is ŉ wonderlike uitdaging vir die klein gemeentes, soos die Sinode se verslag sê:

> Stedelike gemeentes het die luukse dat gelowiges na ŉ gemeente kan gaan waar hulle inpas in terme van sake soos spiritualiteit, teologie en styl. ŉ Plattelandse gemeente is ŉ uitgebreide familie. Die kerk en gemeenskap het al sy lede nodig om te oorleef, want samewerking is essensieel vir die voortbestaan van die kleiner gemeente, finansieel, maar veel meer. Die mense is op mekaar aangewese (Agenda van die Algemene Sinode 2010:5).

In die konteks van Op-die-Berg het ons oor jare gewerk met Corinne Ware se Spiritualiteitstyl. (Ware 1995) Dit was vir die gemeente bevrydend en het tog ŉ deur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geopen, dat die navorser se manier nie die enigste is nie. Met die toename in diversiteit, bly dit ʼn uitdaging om die diversiteite nie teenoor mekaar te stel nie, maar eerder te vier.

Dit is wonderlik om te sien hoe God deur Sy Gees die gemeente voorberei het vir ʼn nuwe seisoen. As ons kyk na die sake wat die hekkies ontsluit het, was die vorming van kleingroepe en die vestiging van die beginsel van diversiteit sentraal

3.3.2 Vraag 2

Wat beteken dit prakties vir jou en ander lidmate om ʼn volgeling (dissipel) van Jesus Christus te wees, en hoe word julle in die gemeente daarmee gehelp?

Opsomming

Die struikelblokke tot volgelingskap van Jesus word oorkom as gemeentelede tot die besef kom dat alles nie oor hulself moet gaan nie. Dit is ʼn fundamentele gesindheidsverandering. Ook dat hulle werklik tot die besef sal kom dat hul lewe in die Here se hande is. Die feit dat ons afhanklik van die natuur is, moet ons help om nederig te bly. As ons afhanklikheid van God nie besef nie, gaan ons nie vorder nie. As ons dit wel doen, dan bly ons dissipels van God. Die dissipels van Jesus moes alles los om Hom te volg. Waar sal mense dit vandag doen? Dit gaan oor status. Hy moet meer word en ons minder.

Om dissipel te wees, is ʼn eie “commitment.” ʼn Mens se eie hart moet oop wees. Een gemeente lid sê: “ Ons moet leer dat dit ʼn lewenswyse is en ons moet leer om God nie in kompartemente te plaas nie - God is nie net Sondae in die kerk nie. In die NG Kerk sal mense sê, Sondag is Sondag, en Maandag is besigheid!”

Ons moet beskikbaar en gehoorsaam wees aan ons roeping, hier en nou. As ons dissipels wil wees, moet ons wil leer. Hier is soveel geleenthede in die gemeente; eredienste, kursusse, kampe, om by in te skakel by die aksies van die gemeente, sel groepe en Bybelstudiegroepe. Gereelde Bybelstudie gee die Bybel ʼn dieper betekenis. In die Bybelstudiegroepe, leer ʼn mens mekaar ken. Om ʼn dissipel te wees, leer ons van mekaar en die getuienis in die kerk van medegelowiges help ʼn mens om te verstaan dat jy nie minderwaardig is nie. Ons leer bymekaar. Dit is nie genoeg om net in die gemeente te luister nie. Jy moet ook betrokke wees in die liggaam, sodat jy kan help.

Mense groei en leer die meeste in klein groepe waar persoonlike interaksie plaasvind met die nodige handleiding wat geskoei is op die Woord. Een respondent sê dat dit in die huis moet begin.

Een lidmaat sê: “Ons moet werklik gaan kyk waar die Here aan die werk is en daarby aansluit. Die Here is besig en ons moet net daarby betrokke raak. “Back to basic,” terug na God toe - om onsself oop te maak vir ons reis met die Gees. Dan sal ons alles wat ons het so bestuur dat dit aan Hom behoort”.

Die leraar moet vir die gemeente daarin leiding gee.

Hier is ʼn gesindheidsverandering en ʼn uitreik na mekaar. Bemoedig mekaar. Ons wil ook vanuit ons groep ʼn verskil maak aan die nood in die gemeenskap.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Leesverslag se kommentaar op vraag 2

Die Bybel is die primêre instrument in die proses van dissipelmaking en help ons ook om ŉ norm vir onsself, as gelowiges, te vestig Dit is baie duidelik dat die Skrif sentraal staan in julle gemeente en dat julle ook moeite doen met die bestudering daarvan, ook in die kleingroepe. Die gemeente se verstaan van God is nie net in kompartemente nie, en iets van die belewing van God in die natuur kom ook na vore.

Julle verstaan dat God die fokus van alles moet wees. Deur die baie moeite wat die gemeente doen en die sterk rol wat die leraar speel met toerusting, bv. kursusse, kampe, Bybelstudies en ook prediking, word daar gepoog om soveel as moontlik mense toe te rus om dissipels van Jesus Christus te wees.

- Wat kan die gemeente doen om *almal,* van soekers en jong gelowiges tot jare lange aktiewe lidmate, deel van die proses te maak in dissipelmaking? In hoe ŉ mate help die gemeente dan die dissipels wat reeds gevorm is om ŉ daadwerklike gestuurde bediening te leef?

Persoonlike kommentaar

Die vraag wou twee dinge vasstel: Hoe dink die gemeente oor navolging van Jesus en hoe word die gemeentelede prakties gehelp om dit te doen?

Die ongelooflike kultuurverandering wat plaasgevind het deur die Gees raak al hoe duideliker. As die navorser weer verwys na wat na vore gekom het om die hekkies te ontsluit, is dit baie duidelik dat veral die verskeie toerustings geleenthede, eredienste en sang, Kommissies en bedieninge op ŉ gestuurde roeping gefokus het. Die gemeente missie, asook die vorming van kleingroepe, het bygedra tot die vorming van dissipelskap.

Die navorser het die gesindhede wat moet verander uit die response uitgelig. Daar is oor die jare in die gemeente gereeld hierna verwys. Dit is ŉ geleentheid wat die Gees vir ons gee. Hy werk ook in gebrokenheid.

Dit is ook duidelik dat die leraar se rol aangepas moet word om groter klem te plaas op toerusting.

3.3.3 Vraag 3

Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy in hierdie gemeente werk?

Opsomming

Dit is wonderlik om te hoor hoe twee respondente berig dat die Here besig is om die gesindheid in die gemeente te verander. Hulle sit nie meer met hande gevou nie, maar vra eerder wat hulle vir die gemeenskap kan doen. Dit is gewoonlik in die betrokkenheid by dikwels klein dingetjies wat ŉ bewustheid geskep word van God se werking en teenwoordigheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Leesverslag se kommentaar op vraag 3

Die stories wat in die gemeente vertel word oor die pad wat God met gemeentelede loop, kom sterk na vore. Dit dra daartoe by dat mense God in eredienste, aktiwiteite en prosesse beleef. Dit wil voorkom of meer mense stories het om te vertel oor God se teenwoordigheid

- Hoe kan die vertel van stories verder gepromoveer word, sodat meer mense die vrymoedigheid het om hul stories te vertel en hulle nie net luisteraars bly nie?

  Sonder twyfel het die hele Braambos proses mense aangegryp en is hulle gretig om mee te deel dat Braambos hulle gehelp het om die Here te ervaar en te volg – "Vertel vir ons meer van Braambos!" Dit lyk of Braambos die gemeente help om grense oor te steek. Hierdie mense verstaan iets van God in die alledaagse lewe, en kenmerkend van ʼn boerderygemeenskap is dat God in die natuur as ʼn werklikheid ervaar word.

- Hoe kan dit verder uitgelig word om hierdie belewing van God ook deel van alle fasette van die lewe te maak?

- Die Here se getrouheid, voorsienigheid en wonders word deur die gemeente raakgesien en dit spoor ook die gemeente aan om betrokke te raak, en te bly. Ons wonder in hoe ʼn mate teenspoed die betrokkenheid van die lidmate sal beïnvloed? Hoe verstaan die gemeente Paulus se beskrywing dat ons, wat die skat binne ons het, ook maar kleipotte is wat maklik kan breek?

Persoonlike kommentaar

Hierdie vraag wil meet of die gemeente verstaan en beleef dat God nie net in die gemeente nie, maar ook in die wêreld werksaam is, en of die gemeentelede op verskillende plekke verras kan word. Die vraag wil meet of die gemeente God se teenwoordigheid in sy byeenkomste en verhoudings beleef, en wil ook meet of die leierskap verstaan dat hulle die teenwoordigheid aktief moet bemiddel (fasiliteer).

Lidmate beleef God in ʼn intense mate. Dit wissel van persoonlike ervarings tot verskillende ervarings in die gemeente. Die trou van God is wonderlik. God laat lewe en hou in stand. Hy stel sy vertroue in God vir wat onseker is. Hy noem vervolgens verskillende ervarings in die gemeente: die Amos straatmark; eenheid tussen NGK en VGK en die verskillende aksies wat daaruit ontwikkel het; Aksie Braambos; eredienste, en veral getuienisse in die erediens; die totstandkoming van die Bybelskool; in die natuur; en betrokkenheid by gesinne op die plaas en tydens Pinkster . Een persoon wonder oor die aparte kerk wat in die apartheidsjare ontstaan het.

Die uitdaging sal wees om hier die kultuur verder uit te bou en voort te gaan om die volgende Gods-vrae te vra en te bly vra:

- Waar is God tans besig in jou lewe?

  Ons sien reeds voorbeelde hiervan, soos genoem

- Waar is God tans besig om in die gemeente te werk?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ons sien reeds voorbeelde hiervan, soos genoem

- Waar sien ons God in die gemeenskap werk?

  Ons sien reeds voorbeelde hiervan, soos genoem.

Om Gods-vrae te bly vra, en Godstories te vertel, is kragtige instrumente om ŉ kultuur van gestuurde roeping te vestig.

3.3.4 Vraag 4

Op watter wyse word julle gemeentelede gelei en gehelp om God die Vader, Seun en Heilige Gees te aanbid?

Opsomming

Dit is duidelik dat die eredienste vir lidmate ŉ ontmoeting met God is. Die teenwoordigheid van God word beleef. Een respondent sê elke diens is ŉ ervaring, dit kan byvoorbeeld deur ŉ lied, die preek of watter liturgiese element ook al wees. Die rol van sang bring ŉ dieper dimensie.

Die nagmaal is vir lidmate ŉ hoogtepunt van God se teenwoordigheid. Een respondent sê dat, met haar seuntjie se doop, sy die Gees ervaar het. Doop-herinnering word ook as betekenisvol beskryf.

Daar word verskeie ander ervarings van betekenisvolle aanbidding beskryf: Kerkraadskamp, Woensdagaande by die kerk, manne-kamp, Pinkster 2008 en kleingroepe. Een respondent vertel hoe, met ŉ dogter se ongeluk, mense hulle gedra het.

Leesverslag se kommentaar op vraag 4

Aanbidding proklameer die realiteit van God wat regeer. Hierdie gemeente verstaan dat die erediens ŉ publieke getuienis is en dat aanbidding God-gerig is. Dit strek ook verder as net die erediens op Sondae. Kleingroepe (sel-groepe), kampe (veral dié in die Karoo) en die bidure op Woensdae word telkens genoem as betekenisvolle aanbidding. ŉ Mens kan nie anders nie as om raak te sien dat baie hier gebeur om vir mense iets te bied.

Die sakramente van die doop en die nagmaal is tekens van God se teenwoordigheid en God se toekoms wat vir die kerk en die wêreld sigbaar word. Die doop en die nagmaal word albei deur die gemeente genoem as persoonlike hoogtepunte vir lidmate.

Die erediens van ŉ gestuurde gemeente breek die onsigbare mure af wat mense ontuis laat voel. Iemand het die opmerking gemaak dat sy tydens ŉ kamp van ŉ ander kerkgroep regtig uiting kon gee aan haar belewenis van God en dat sy daar ŉ veilige ruimte ervaar het.

- Hoe kan die gemeente ŉ veilige ruimte skep vir mense om oop te maak?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Persoonlike kommentaar

Hierdie vraag wil meet of die gemeente verstaan dat aanbidding iets is wat jy doen en nie net iets is wat jy vra nie. Aanbidding gebeur ook waar versoening plaasvind, en vir mense in nood gesorg word.

Dit blyk uit die vraag dat daar meer as genoeg geleenthede is waar lidmate gehelp word om God te aanbid. Lidmate beleef God as ’n realiteit. Dit is wonderlik om lidmate se belewing van die erediens te kan hoor. Die stap wat die Kerkraad geneem het om ’n musiek-koördineerder aan te stel, blyk suksesvol te wees, veral met die klem op die diversiteit van lidmate se behoeftes. Erediens- en liturgiese voorbereiding is ook die geleentheid waaraan die navorser baie tyd spandeer, asook die gesamentlike musiekbeplanning met die koördineerder. Die bemagtiging van die Eredienskommissie moet voortgaan.

Op die relevante vraag van die leesspan oor hoe ’n veilige ruimte geskep kan word vir mense om oop te maak, sou die navorser die waarde van kleingroepe nie wou onderskat nie. Dit is ’n breek van die kultuur in die gemeente. Dit dra baie daartoe by om veilige ruimtes te skep wat geleidelik in die erediens oorgedra word. Die vertel van Godstories dra baie daartoe by.

Die erediens gaan om God en dat Hy ontmoet word. Waarteen gewaak sal moet word, is dat dit nie gaan oor individualistiese behoefte-bevrediging nie, maar om as gestuurdes van God te gaan leef vanuit die ontmoeting.

3.3.5 Vraag 5

Vertel van ’n situasie waarin jy en/of ander mense by ’n probleem of konflik by die kerk betrokke was, en hoe dit hanteer is.

Opsomming

In ses gevalle word verwys na konflik en deur te kommunikeer, is die saak opgelos. In sommige gevalle word ’n gebed gedoen om die saak op los.

Daar is respondente wat sê dat konflik vermy word, en ’n ander wat sê, dat in ons konteks, dit ’n ander saak is. Almal het sterk persoonlikhede en wil dinge hê, soos wat hulle dit wil hê.

Leesspan se kommentaar op vraag 5

In gemeente-wees besluitneming is op gesamentlike oop gesprek en geloofs-onderskeiding gefokus Die leiding van die Heilige Gees speel ’n belangrike rol. Hierdie gemeente is eerlik en ontken nie dat daar konflik voorkom nie. Wat verblydend is, is dat daar telkens melding gemaak word dat daar saamgebid word, en die Heilige Gees se leiding gesoek word in die hantering van die konflik.

Ons merk ook dat ander kerke ’n bron van konflik in die gemeente is. So, met die lees van die gemeente se storie, wil dit voorkom of daar ook twee groepe in die gemeente is en dat mense konflik soms vermy en soms ontken.

- Ons wonder oor die rede vir die twee groepe se bestaan. Ons lei af dat mense die kerk eerder in Ceres bywoon; hoekom is dit so? Het die gemeente al ooit met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle in gesprek getree hieroor? Wie gaan weg? Vernuwers of die Tradisionele mense? Verstaan die gemeente aan Wie die gemeente behoort, dat hulleself ŉ vergestalting van Christus is?

- Ons wonder ook of mag eweredig in die gemeente versprei is? As dit nie so is nie, hoe kan die gemeente dit verander? Is die gemeente bereid om haar te ontledig? Hoe kan die gemeente ŉ veilige ruimte skep.

Persoonlike kommentaar

Die vraag wil meet of daar konflik in die gemeente aanwesig is en of die lidmate en leierskap daarin slaag om dit suksesvol te hanteer.

Die leesspan is korrek in sy verstaan van twee groepe in die gemeente, asook of mag eweredig in die gemeente versprei is. Die navorser lewer kommentaar op beide. Die twee groepe is: grondeienaars en nie-grondeienaars, of dié met gevestigde belange, en dié met nie-gevestigde belange. Hierdie lyn loop deur die geskiedenis van die gemeente, met sy besliste hoogte- en laagtepunte. Die grondeienaars beskik oor baie “mag” - mag oor mense wat in hul besighede in diens is. Soos een respondent tereg gesê het, “Almal het sterk persoonlikhede en wil dinge hê, soos wat hulle dit wil hê.” Mense kan dus soms baie outoritêr optree. “Ek maak op my plaas so!” Dit is waar dat almal nie saamtrek nie. Die nie-gevestigde lidmate sal soms eerder stilbly, omdat hul werk in die gedrang kan kom.

Die kultuur van die gemeente kon nie anders nie, dit moes verander het. Dié wat weggegaan het, is diegene wat sterk aanklank by die charismatiese groepe gevind het. Die gemeente het telkens insidente gehad van lidmate wat na die charismatiese Kerke wou beweeg. Die wegbeweeg het saamgehang met twee sake. Eerstens, was dit heilsaam vir die gemeente, omdat daar groter eienaarskap gekom het vir die gemeente. Die konflik het almal laat dink oor die gemeente. Tweedens, het uit die navorser se gesprekke met diegene wat weggegaan het, geblyk dat hulle voel dat die Gees meer in Ceres is. In die omloop is egter baie negatiewe dinge genoem oor die Ned. Geref. Kerk, veral teenoor die verbondsdoop. Die navorser het hulle telkens gevra om te bly om die kultuur van die gemeente te help verander, aangesien hierdie lidmate ŉ geestelike verdieping ondergaan het. Hulle het nie kans gesien om daarmee te help nie. Hy wonder of dit nie ten diepste in opstand was teen die kultuur van die Koue Bokkeveld se manier van doen nie, aangesien hulle ook gesê het dat lidmate in die Ned. Geref. Kerk nie geloofwaardig is in dit wat hulle doen nie. Dié lidmate was dus nie deel van die groei in die gemeente nie. Van die tradisionele groep het slegs enkeles uit die gemeente onttrek.

Wie het gebly? Die vernuwers wat wou vernuwe binne die gereformeerde konteks.

Het die magsbalans geskuif in die gemeente? Ja, die konflik het veroorsaak dat leiers begin besef het dit gaan oor ŉ gedeelde leierskap.

ŉ Verdere saak oor konflik is dat, wanneer daar familie konflik plaasvind, dit na binne geveg word; die mense moet nie weet nie, terwyl die stories reeds in die samelewing versprei het. Die leraar sal slegs ingeroep word as dit nodig is - dit is deel van die familie-opset. Lidmate is soms oor geslagte heen kwaad vir mekaar. Dit is ook nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vreemd dat lidmate mekaar hof toe neem oor waterregte nie, met gepaardgaande verhoudings wat seerkry.

Dit is ook so, dat in werksverband, daar gebruik gemaak word van konsultante om konflik op te los. Die indruk is dat mense mekaar nie in die oë kyk nie. Dieselfde patroon het gebeur tydens die konflik in die gemeente. Die fasiliteerders moes hoor wat die probleme met die leraar is, dit aan hom oordra, en dan verslag gee aan die beswaardes/besorgdes.

Die rol van die leraar is om beslis neutraal te bly en op uitnodiging te probeer om konflikte op te los. Die gemeente (leierskap) sal toegerus moet word om konflik beter te hanteer

3.3.6 Vraag 6

Wat maak jou angstig oor die toekoms van die gemeente, en wat gee jou hoop?

Opsomming

'n Opsomming van dit wat die gemeente angstig maak en hoop gee, volg. Die getalle in hakkies is die aantal respondente.

Angstig

- Dat ons nóg lidmate sal verloor. (4)
- Mense wat ongehoorsaam is aan God se stem. (2)
- Persone wie se eie ek nog te belangrik is. (2)
- Onbetrokkenheid. (3)
- Gebrek aan entoesiasme om die oes van die hemel in te samel. Hulle het nie dieselfde entoesiasme waarmee ons die daaglikse oes insamel nie.
- Mense se geringe dankoffer. Mense se vashou aan die wêreldse dinge.
- Swak verhoudings onderling laat die kerk leegloop. Die manier hoe die mense mekaar hanteer. (2)
- Die hoeveelheid mense wat medikasie vir depressie gebruik. Mense is redelik gespanne by die werk weens werksdruk.
- Dat mense nie meer gereeld kerk toe kom nie.
- Dat die NGK nie vinnig genoeg sal verander nie en dan leegloop. (2)
- Party lidmate se praat en lyftaal oor die anderskleurige lidmate ontstel my.
- Mense dryf uitmekaar - het nie meer tyd vir mekaar nie.

Hoop

- Daar is baie vernuwing en groei in die kerk. Daar is mense wat verstaan waaroor dit gaan - wat positief is. (2)
- 'n Groot hoeveelheid mense is betrokke en hulle groei geestelik. (2)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Gemeentebedienings: Die ontstaan van kleingroep en die ontwikkeling van die kategese en die avontuurkamp, interkerklike bybelstudie saam met die VGK.
- Jongmense wat na vore tree as geloofleiers. (2)
- Die versugting na meer gebedsgewoontes in die gemeente. (2)
- Dat ons teruggaan na die Woord. Ons moenie in ŉ gemakstoel sit nie, ons moet self werk maak daarvan. (3)
- As die visie en strategie in plek is, sal dinge gebeur – dit gee my hoop.
- Daar is so baie werk in ons omgewing, ons moet aandag gee, dit kom al nader aan ons lyf. (3)
- Jongmense praat al hoe meer oor die Here.
- Dat die NGK ook weer besin oor watter rigting die kerk moet beweeg.
- Die omgee is anders as ŉ paar jaar gelede. Mense aanvaar mekaar meer, ŉ groter openheid. Mense wat jou reg hanteer, alhoewel in die minderheid. (2)
- Daar bestaan reeds aanpassing en buigsaamheid en leiers is oop vir verandering.
- Die Kerk raak meer ontspanne. Jy kan jouself wees.
- Die bruines en wittes wat nader aan mekaar beweeg op kerklike vlak.
- God slaap nie. Hy bring altyd iets oor jou pad wat jou terugdwing.

Die leesspan se kommentaar op vraag 6

Daar is heelwat dinge wat mense angstig maak oor die toekoms van die gemeente. Daar was byvoorbeeld sewe mense wat angstig was dat die gemeente om verskeie redes sal sluit, waarvan sommige toegeskryf kan word aan verandering.

- Wat kan die gemeente doen om hierdie verandering beter te kommunikeer en mense help om meer te waag, en grense oor te steek? Aan die ander kant was daar ŉ persoon wat voel dat daar ŉ gebrek aan vinnige verandering is; is dit ŉ pro-vernuwingspersoon? Hoe bestuur die gemeente hierdie duidelike behoefte aan verandering?

Dit lyk vir ons of party mense ook nie seker is oor die rigting van verandering en die motivering daaragter nie; dit lei tot angstigheid. Party mense voel dat daar nog baie gedoen moet word, ook om mense te laat besef dat hulle skatte in die hemel moet bymekaar maak, en nie op aarde waar roes en mot dit verniel nie.

- Hoe gaan die gemeente dit aanspreek?

Die hoop wat uitstraal in die onderhoude is alreeds hierbo onder verskeie punte genoem. Hierdie gemeente verstaan iets van sy roeping; daar is nuwe energie. ŉ Groot aantal mense is beskikbaar en vernuwing en groei word telkens genoem, wat ŉ mens laat besef dat wonderlike dinge aan die gebeur is. ŉ Mens kry die gevoel dat al hierdie energie en vernuwing party mense onseker laat voel.

- Wat kan die gemeente doen om sekerheid by mense te vestig?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Persoonlike kommentaar

Dié vraag wil die vlakke van angs en onsekerheid in die gemeente meet. Verstaan ons dat ons lewens in die hande van God is wat ons toekoms verseker te midde van ŉ dikwels onsekere reis?

Hier is ŉ bykans ŉ gelyke aantal opmerkings oor wat mense bekommer en angstig maak.

Die belangrike is egter hoe dít wat hoop gee verder ontwikkel en uitgebou kan word.

3.3.7 Vraag 7

Vertel hoe jy en ander voel oor die verandering wat in die afgelope 3 tot 5 jaar in die gemeente plaasgevind het?

Opsomming

Twintig van die respondente is positief oor die verandering in die gemeente. Sake wat daartoe bydra is, o.a. sang, kleingroepe, eredienste, praktiese prediking en die kategetiese onderrig.

Twee respondente noem lidmate wat "wegraak." Daar is beslis ŉ groep wat nie met al die nuwe dinge saamgaan nie. Een respondent sê dat hy/sy nie saamstem met die verandering nie

Die leesspan se kommentaar op vraag 7

Dat die gemeente oorweldigend positief is oor die veranderings in die gemeente staan soos ŉ paal bo water. Met die uitsondering van twee, is almal dit eens dat hierdie verandering bydra tot groei, dat dit rigting gee, en aan mense die geleentheid bied om hulle uit te leef in samekomste, maar ook in die bediening na buite. Dit wil voorkom of die gemeente al ŉ geruime tyd baie aandag aan vernuwing gee. So word daar byvoorbeeld genoem van die predikant wat nie op die kansel staan nie en dat dit bydra tot ŉ meer intieme atmosfeer. Iemand het ook die versugting uitgespreek dat al die verandering en vernuwing in Jesus se Naam moet wees en ons verstaan dat hierdie persoon ook bedoel dat ŉ mens, in verandering en vernuwing, nie net vorentoe moet kyk nie, maar ook agtertoe. Ons hoor iets van Pat Keifert wat gesê het dat as jy ŉ reis aanpak en by punt B wil uitkom, jy nie by punt B kan begin nie, maar by punt A - daar waar jy jou tans bevind.

- Ons wonder net of die gemeente ŉ duidelike visie het waarheen hulle op pad is met die verandering en of hulle in ag neem waar hulle hul tans bevind?

Soos met enige verandering, word daar ook ŉ ongemak by diegene geskep wat nie deel van die innoveerders vorm nie. So is daar byvoorbeeld enkeles wat nie eens die verandering raaksien nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Wat doen die leiers van die gemeente om die rigting van die verandering te stuur en te kommunikeer sonder om mense weg te jaag? Is daar praktiese stappe en nadenke in hierdie verband?
- Ons wonder ook of die gemeente al daaraan gedink het dat die behoefte aan verandering moontlik ŉ simptoom kan wees van ŉ groeiende ongemak met institusionele denke en dat die tyd ryp is om ŉ baie meer missionale kerk te wees.

Persoonlike kommentaar

Die vraag wil bepaal wat die gesindheid en houding van die gemeente oor verandering is. Verstaan ons dat verandering deel van die reis is? Sien ons uit, en wag ons op, en reik ons uit na die eintlike feesmaal wat nog voorlê?

Dit is baie verblydend om die positiewe reaksie op die verandering wat plaasgevind het, te hoor. Die uitdaging sal steeds wees om gedurig die vraag te bly vra: Waarmee is God besig in my eie lewe? Waarmee is God besig in die gemeente? Dit sal leierskap in staat stel om nie te vernuwe terwille van vernuwe nie. Die gemeente sal toenemend onder die indruk kom dat God met ons op reis is.

Waaroor leierskap wel sal moet besin, is hoe om hulle wat "weggeraak het" weer in die proses te betrek. Die uitdaging om mense wat nie meer betrokke is, weer terug te kry kan ook nie net eenvoudig toegeskryf word aan die feit dat hulle onbetrokke is nie. Dit is meer kompleks as wat ons dink. Ons moet in ag neem dat deel van die antwoord geleë in die veranderde konteks. In die volgende hoofstuk word dit breedvoerig bespreek. Ons in ŉ situasie dat ruimte en tyd anders funksioneer. Diegene wat met ander wou assosieer kon dit nie vroeër doen nie, want hulle was geografies beperk. Hulle moes skakel met mense rondom hulle. Dit is so dat daar is alternatiewe netwerkvorming, groeiende individualisme en veel meer opsies want hulle kan eenvoudig ry en gaan aanbid waar hulle wil.

3.3.8 Vraag 8

Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope 3 tot 5 jaar in die samelewing rondom julle plaasgevind het?

Opsomming

Die veranderinge in die samelewing het respondente opnuut bewus gemaak van die nood in die plaaslike konteks. Van sekere sake het hulle diep bewus geword: drank misbruik en die gepaardgaande geweld het toegeneem, geld wat so ŉ groot rol speel en verhoudings tussen werkgewer en werknemer wat nie meer dieselfde is nie. Die geestelike welstand van die jeug is vir sommige kommerwekkend.

In die gemeenskap is daar beslis beter verhoudings. Soos een respondent sê: "Rasseverhoudings is positief, mense is vriendelik met mekaar", daar is egter begrip dat die kultuur verskille met sensitiwiteit hanteer sal word.

Die respondente is bewus daarvan dat ons ŉ verskil in die konteks moet maak. Die positiewe aksies, soos BADISA, Bybelskool, Amos en die uitreik aksies na die jeug,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word beklemtoon. Die respondente is ook bewus van die groot uitdaging van wat gedoen moet word in die gemeenskap.

Leesspan se kommentaar op vraag 8

Mense ervaar verandering in die samelewing gewoonlik baie meer bedreigend as verandering binne in die gemeente self, dalk omdat ons nie direkte beheer oor die sake buite die gemeente het nie. Wat verblydend is, is dat Op-die-Berg iets verstaan van die verskil wat gelowiges in die samelewing kan maak. Weereens, sien ons dat grense oorgesteek word, want ons lees hier van beter verhoudings in die samelewing, mense wat meer bewus is van nood en pyn in die samelewing, dat daar brûe gebou word na ander, ook oor kleurgrense heen. Mense is ook nie blind vir die feit nie dat nog baie meer gedoen kan word en dat daar in die samelewing vergrype is.

- Wat kan die gemeente prakties doen om mense meer bewus te maak van: a) die nood in die samelewing; en b) ons roeping om sout en lig vir die wêreld te wees?
- In hoe ŉ mate word die gemeente gelei om die positiewe raak te sien in wat aan die gebeur is?
- Dit is duidelik in jul gemeentestorie dat die leraar ŉ prominente rol in die hele vernuwingsproses speel. Ons wonder net: Wat sal gebeur as hy nie meer daar is nie? Ons wonder ook of hy die ondersteuning van ŉ span leiers geniet.

Persoonlike kommentaar

Die vraag meet watter invloed die omstandighede waarin ons woon op ons denke, gesindhede en optrede het. Word ons daardeur verlam of uitgedaag? Verstaan die gemeente dat sy in alle omstandighede ŉ instrument, ŉ teken en agent van God is?

Die gemeente is beslis nie verlam deur die uitdaging nie. Hulle besef die omvang van die uitdaging. Die grense wat lidmate oorsteek deur by die onderskeie aksies betrokke te wees, al is dit min in getal, het ŉ impak in die gemeente kultuur. Die lidmate moet net meer en meer vra: Waar sien ons is God aan die werk en dan by Hom aansluit. Hoe kom God ook deur die gebrokenheid na ons toe? Dit is wonderlik om te ervaar dat lidmate wat betrokke is, ŉ nuwe visie ontwikkel. Dit sal lidmate meer inspireer om betrokke te raak. Dit sou ook baie kon bydra om die gemeente missie uit te leef.

3.4 SAMEVATTING

Die navorsingsvraag is: Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasieproses in die Nederduits Gereformeerde Gemeente Op- die-Berg en hoe is dit oorbrug. In die vorige hoofstuk het ons die hekkies, asook die hekkie – oopmakers beskryf, aan die hand van die kultuur en identiteit van die gemeente. In die hoofstuk het ons nou van etnografiese navorsing gebruik gemaak. Ons wil die verwerkte data trianguleer met die data van die vorige hoofstuk. Die proses sal vir ons ŉ duidelike antwoord kan gee op Osmer se vraag: Wat is aan die gebeur?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek toon die hekkies en hekkie-oopmakers aan wat uit die etnografiese navorsing na vore gekom het.

Die volgende hekkie kom na vore by Vraag 1

Die volgende hekkie-oopmakers kom na vore by Vraag 1

Kleingroepe

Beginsel van Diversiteit

Die volgende hekkie kom na vore by Vraag 2

Die volgende hekkie-oopmakers kom na vore by Vraag 2

Fokus op God help ons om anders na mekaar te kyk. Help om konflik op te los

Toerusting: (Kursusse, kampe, bybelstudies wat aangebied word en die prediking help lidmate)

Leiding deur leraar

Die volgende hekkie kom na vore by vraag 3

Geen

Die volgende hekkie-oopmakers kom na vore by Vraag 3

Godstories

Grense wat oorgesteek word

Die volgende hekkie kom na vore by Vraag 4

Geen

Die volgende hekkie-oopmakers kom na vore by Vraag 4

Liturgiese vernuwing:(Sang en die gebruik van die sakramente word genoem)

Kleingroepe

Kampe

Die volgende hekkie kom na vore by Vraag 5

Verhoudingsvervlakking (verhouding tussen gevestigde en nie- gevestigde belange)

Leierskap (outoritêre leiers, mag)

Die volgende hekkie-oopmakers kom na vore by Vraag 5

Fasilitering (Die hantering van konflik)

Leierskap (gedeelde leierskap)

Die volgende hekkies kom na vore by Vraag 6

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Onafhanklikheid.

Verhoudingsvervlakking.

Werksomstandighede. (werksdruk)

Die volgende hekkie-oopmakers kom na vore by Vraag 6

Kleingroep.

Toerusting.

Liturgiese vernuwing.

Die volgende hekkies kom na vore by vraag 7

Mense wat onbetrokke is.

Die volgende hekkie-oopmakers kom na vore by Vraag 7

Liturgiese vernuwing: Sang, praktiese prediking.

Kleingroepe.

Kategese.

Die volgende hekkie kom na vore by Vraag 8

Werksomstandighede.

Die volgende hekkie-oopmakers kom na vore by Vraag 8

Die oorsteek van grense.

Die rol van die leraar.

Dit is baie duidelik dat hier raakpunte is tussen die hekkies. Triangulasie vind plaas tussen die hekkies. Om die vraag te antwoord: Wat is aan die gebeur? Uit die bespeking tot dusver is dit duidelik dat hier konflik ontwikkel het rondom die hekkies. Dit het hier gegaan om sekere hekkies toe te hou (te bewaar). In die kultuur het die hekkie-oopmakers al sterker begin funksioneer en het die spanning opgebou, sodat dit uitgeloop het op konflik. Deur fasilitering is die konflik ontlont en het ŉ Gestuurde kultuur ontstaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4 SPELER IN DIE GLOBALE WÊRELD

4.1 INLEIDING

Dié navorsingvraag is: Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasie in die Ned. Geref. Kerk Op-die-Berg en hoe word dit oorbrug? Die vraag kan slegs verstaan en beantwoord word as die konteks waarbinne die vraag gevra word, verstaan word. Ons beantwoord dus Osmer se tweede vraag: Hoekom gebeur dit? Dit is die interpreterende taak. Deur die vraag te beantwoord, wil ons beter verstaan en verduidelik waarom spesifieke patrone en dinamika na vore kom

In hierdie hoofstuk word die verskuiwing en die veranderinge in die makro- en mesokontekste uitgespel. Dit is ŉ beskrywende studie van die konteks waarbinne ŉ bepaalde geloofsgemeenskap geworstel het om te transformeer tot ŉ missionale gemeente, wat daarop gefokus is om die *missio Dei* in hul gemeenskap te onderskei. In terme van die prakties-teologiese metodologie van navorsing is dit ŉ deskriptiewe hoofstuk wat op die makro- en meso-kontekste fokus. Literêre bronne word geraadpleeg.

Die hipotese waarmee die navorser werk, is dat die gemeente begelei moet word om onderskeidend te dink. In die proses sal hulle beter verstaan wat die invloed en aard van die verandering is sedert die bestaan van die gemeente.

> The environment of a congregation has an open-ended scope; it reaches from the local environment to the global community, stretching from the past, to the present, and into the future. From any of these angles, influences may affect a local congregation (Hendriks 2000:76).

Aan die ander kant is die gemeente geroepe om die “lig vir die wêreld en om die sout van die aarde te wees” (Matteus 5:13-14). Die gemeente moet die konteks beïnvloed. Die gelowiges moet die Woord van God interpreteer en na die Gees van God luister om uit te vind wat dit beteken om God se *missio Dei* as roeping in hulle konteks te ontdek.

4.2 TERMINOLOGIE

Hendriks (2004:76-78*)* verduidelik in sy boek, *Studying congregations in Africa,* die invloed wat die globale wêreld op die gemeente uitoefen. Hy onderskei drie vlakke: makro-, meso-, en mikrovlakke. Die navorser wil in hierdie hoofstuk verduidelik wat onder die makro- en die meso-vlakke verstaan word. Die doel is om aan te toon hoe globalisasie die Koue Bokkeveld beïnvloed.

Hendriks sê (2004:77) voorts makrovlak verwys na die globale wêreld waarvan ons almal deel is. Daar het besigheid- en kommunikasiebrûe oor tradisionele grense ontstaan met wêreldmarkte waar Afrika se produkte op ŉ gelyke vlak moet meeding met dié van die geïndustrialiseerde wêreld. Die elektroniese informasie era bring ander kulture, invloede en wêreldgebeure daagliks na die plaaslike gemeenskap. Die globale kultuur en tempo van besluite neem en dinge doen het soos oornag ŉ intrekker in die Bokkeveld geword. Dit sluit die verdwyning van absolute norme en waardes in maar ook die eise wat aan produkte en plaaslike politiek vanuit die buiteland gestel word. Die postmoderne era bevraagteken waarheid asook die gesag

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die Skrif. Selfs uniformiteit van aanbidding bestaan nie meer nie, alles oor die wêreld is gedurig besig om te verander en die invloede speel in op die Bokkeveld se kultuur.

Die mesovlak verwys na die invloede wat groepe, groeperinge, organisasies, institute, hospitale, skole, politieke partye, ens. in die onmiddellike omgewing op die plaaslike gemeente het.

4.3 DIE MAKROVLAK

Die volgende vrae vir die verstaan van die makrovlak is vir die navorser belangrik. Wat het gebeur dat die wêreld so verander het? Wat maak dat al hierdie invloede so ŉ geweldige impak het? Hy wil graag hieroor nadink om die sosiale teorie te verstaan. Dit sal hom nie net in staat stel om die nuwe paradigma waarin die Koue Bokkeveld deur die boerdery ingetrek is, te verstaan nie, maar ook om beter te kan onderskei waarop dit aankom. Hy sal ook die konflik beter kan begryp.

Die sosiale teorie word kortliks bespreek na aanleiding van die sosioloog Manuel Castells wat in sy boek, The Power of Identity (2004), verduidelik hoe die wêreld in laat moderniteit of post-moderniteit verander het. ŉ Bespreking oor hoe die moderne wêreld gevorm is, is natuurlik belangrik, maar die navorser sal hom bepaal by resente sosiologiese teoretici (waarvan Castells een is) wat verder probeer gaan as Karel Marx en Max Weber.

> Manuel Castells, Jürgen Habermas, Ulrich Beck and I [Anthony Giddens] have all claimed that we need as much as ever to develop general theories of the social world and that such theories can help us intervene to shape it in a positive way (Giddens 2000:118).

Castells noem dat die volgende vertrekpunt belangrik is: .. “since for me social theory is a tool to understand the world, not an end for intellectual self-enjoyment” (Castells 2004:3). In die verlede het sosioloë samelewings op ŉ individualistiese manier bestudeer. Die groeiende betekenis van globale verandering van alle samelewings het dit minder betekenisvol gemaak. Dit is belangrik om die betekenis van globalisering en die sosiale teorie wat daarmee gepaard gaan, te verstaan. Castells sê: “Our world, and our lives, are being shaped by the conflicting trends. of globalization and identity” (Castells 2004:1).

Die navorser bespreek Castells se sosiale teorie, asook ander skrywers wat oor die onderwerp geraadpleeg is. Castells stel dit dat die informasie-tegnologie en die herstrukturering van kapitalisme ŉ nuwe samelewing ingelei het. Hy noem dit die netwerksamelewing. Hy sê dat hierdie samelewing deur die volgende gekenmerk word:

1. Die globalisering van ekonomiese aktiwiteite. Dit geskied deur ŉ netwerk van organisasies en veroorsaak onstabiliteit en individualisering van werk.

2. Deur ŉ kultuur van virtuele werklikheid wat gekonstitueer word deur die media.

3. Deur die transformasie van twee fundamentele aspekte van ons lewens: ruimte en tyd.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Die vorming van identiteit vind nou anders plaas. (Castells 2004:1).

Castells (2004:1-2) sê die nuwe vorm van sosiale organisasie (netwerksamelewing) met gepaardgaande industriële kapitalisme versprei tans deur die wêreld soos sy ou vyand, industriële staatsinmenging, dit in die vorige eeu gedoen het. Dit skud instansies, verander kulture, skep rykdom en armoede, moedig gierigheid aan, maar terselfdertyd skep dit wanhoop. Dit is egter nie die volle prentjie nie**.** Saam met die tegnologiese revolusie, die transformasie van kapitalisme en die einde van staatsinmenging, kom die afgelope vyf-en-twintig jaar ŉ uitdrukking van kollektiewe identiteit na vore wat globalisering en wêreldburgerskap bring. Hierteen is daar al hoe meer reaksie. Mense wil in staat wees om hulle kulturele identiteit te handhaaf en hulle wil in beheer wees van hul lewe en omgewing. Hierdie uitdrukkings volg die kontoere van elke kultuur en die historiese bronne van elke identiteit. Hulle sluit ŉ klomp reaktiewe bewegings in wat weerstand bied op grond van verskillende groepe se godsbegrip, asook die nasie, etnisiteit, familie en lokaliteit daarvan. ŉ Fundamentele kategorie van bestaan word nou bedreig deur ŉ kombinasie van tegno-ekonomiese kragte en transformerende sosiale bewegings.

Die nasie-staat word vasgevang tussen hierdie opponerende tendense en die nasie-staat self word bevraagteken. Wat dan eintlik bevraagteken word, is die idee van politieke demokrasie, gebaseer op die historiese samestelling van ŉ soewereine verteenwoordigende nasie-staat. Dit gebeur toenemend dat verskeie rolspelers die tegnologiese media inspan in hul stryd (Castells 2004:2)

Castells (2004:3-4) se definisie van sosiale beweging is: “purposive collective action whose outcome, in victory as in defeat, transforms the values and institutions of society.” Hy gaan voort deur te sê: “They are symptoms of who we are, and avenues of our transformation, since transformation may equally lead to a whole range of heavens, hells, or heavenly hells” (Castells 2004:4).

Die navorser sal vervolgens die ontstaan van die netwerksamelewing in meer detail bespreek, sowel as die impak wat dit op die Koue Bokkeveld het.

4.3.1 GLOBALISERING

> We suggest that globalization is best understood as a set of mutually transformations that are occurring more or less simultaneously. No single one is necessarily more significant than the others. One way of thinking about this is to imagine a number of threads. woven into a length of multicoloured fabric. Once woven together it would be impossible to assign a special role to each thread - each only has value or is significant as part of the whole (Cohen & Kennedy 2000:24).

Van hierdie drade is die hoogs kompeterende wêreld, globale kapitalisme, en die kommunikasie tegnologie.

Globalisasie het ŉ definitiewe materiële aspek. Dit is identifiseerbaar deur die vloei van handel, kapitaal en mense oor die aardbol. Dit word deur verskillende soorte infrastrukture gefasiliteer: fisies (sake soos vervoer of banksisteme), normatief (dinge soos handelsreëls) en die simboliese (soos die Engels as *lingua franca*), wat die voorwaardes vestig vir die wettig maak van blywende vorms van globale

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verbinding. Globalisasie verwys na die verskanste en blywende patrone van die wêreldwye onderlinge verbintenis (Held & McGrew 2000:3).

Die konsep van globalisasie word beskryf as die oorskryding van sosiale verhoudings en aktiwiteite.

> For it suggests a growing magnitude or intensity of global flows such that states and societies become increasingly enmeshed in worldwide systems and networks of interaction. As a consequence, distant occurrences and developments can come to have serious domestic impacts while local happenings can engender significant global repercussions (Held and McGrew 2002:3).

Met ander woorde, globalisasie verteenwoordig ŉ betekenisvolle skuif deur die ruimtelike uitreik van sosiale aksies en organisasies implikasie wat wyd strek, oor verskillende lande en kontinente. Dit beteken nie dat die globale noodwendig die lokale, nasionale of die streek se sosiale orde vervang of beheer daaroor kry nie. Laasgenoemde kan eerder binne meer uitgebreide streeksverhoudings en netwerke van mag gebeur. Globalisasie veroorsaak ŉ sekere kognitiewe skuif wat uitgedruk word in ŉ groeiende gewaarwording van hoe gebeure wat ver weg plaasvind ŉ invloed het op die lokale het geluk en die lokale soms ook die globale beïnvloed. Die effek is die publieke persepsie van inkrimpende tyd en geografiese spasie (Held & McGrew 2002:4-5).

Globalisasie het ŉ besliste invloed gehad op die vrugtebedryf. Na die eerste demokratiese verkiesing in 1994 het die globale wêreld vir die vrugtebedryf nog meer toeganklik geword. Die deregulering van die koöperatiewe sektor het ŉ groot impak gehad omdat daar oorgegaan is na een kanaal bemarking. Bemarkers het soos paddastoele opgeskiet. Sommige het gekom en verdwyn met die gepaardgaande finansiële verliese vir sommige landbouers. Die groter plaas eenhede het bly uitbrei en begin om self vrugte te verpak en te bemark. Op die wyse het hulle waarde toegevoeg tot die produk en kan hulle meer finansieel volhoubaar boer. Daar was/is wonderlike geleenthede vir hierdie nuwe spelers in die globale wêreld.

Dit het egter meer druk op die landbouers geplaas aangesien waarde toegevoeg moes word voordat die produkte die plase verlaat. Die grondeienaar se verant-woordelikheid het verder begin strek as die spreekwoordelike plaashek. Hy was nou verantwoordelik tot die produkte oorsee in die onderskeie supermarkte verkoop is. Die vrugte word deur ŉ stelsel gevolg selfs tot die supermark waar dit verkoop word. Die eienaar se verantwoordelikheid het dus al verder gegaan as die spreekwoordelike plaashek. Voorskotte, middelskotte en agterskotte wat vroeër deur die koöperasies uitbetaal is, het nie meer bestaan nie. Die grondeienaar is gevolglik self verantwoordelik vir sy kontantvloei. Dit het meegebring dat die boerdery-eenhede vergroot is ten einde hul kontantvloei aan te help. Hulle moes poog om dwarsdeur die jaar ŉ inkomste te genereer. Die kompetisie is wêreldwyd so hoog dat die druk om kwaliteit vrugte te lewer en om ŉ markleier te bly, het die arbeidsmag en veral die senior bestuur onder veel meer druk geplaas. Al die genoemde sake het veroorsaak dat die werklading en die programme voller geraak het en die lewenstempo versnel het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit wat in ander dele van die wêreld gebeur of daar misoeste, skades of goeie produksies was, het ŉ direkte invloed op die plaaslike mark. Rondom die millennium-oorgang het vrugtepryse wêreldwyd gedaal. Dit het veroorsaak dat van die grondeienaars hul plase moes verkoop aan groter plaaseenhede in die gebied. Meganisasie en die intensiteit van bestuur het noodgedwonge toegeneem. Die jaar word in weke opgedeel en die landbouer het ŉ venster-periode waarin produkte gedurende bepaalde weke op die oorsese markte gelewer moet word. Die markte skryf voor wat die landbouer moet plant.

Dit het veroorsaak dat die landbou nie meer ŉ sogenaamde "stiller tyd" beleef nie. Vroeër was die winter maande baie stiller. Nou bestaan daar nie meer ŉ stiller tyd op die plaas nie. Vroeër is uie byvoorbeeld nie voor die eerste week in September geplant nie. Uie word nou al aan die einde van Julie geplant. Niemand kan nou sê wanneer die stiltyd op die plaas is nie. Tyd is uiters beperk.

Wat is die impak? Lidmate is besig, gejaagd en die spanningsvlakke is hoog. Lidmate het nie veel tyd vir ander gemeenskapsaktiwiteite nie. Hier is byvoorbeeld ŉ baie doelmatige sportkompleks opgerig, maar dit word nie ten volle benut nie. Onbetrokkenheid loop soos ŉ goue draad deur die gemeenskap. Gejaagdheid is juis as een van die knelpunte in die gemeente geïdentifiseer gedurende die Strategiese Teologiese Beplanningsproses wat in 1991 gedoen is. Globalisasie het ons onwetend meer as wat ons besef, beïnvloed.

Dit is ook merkwaardig hoe die besoeke van eienaars wat oorsee gaan om markte te besoek, besigheidskontakte op te bou en te vestig, toegeneem het. Die plaaseienaars het in sakemanne en entrepreneurs verander. Baie oorsese sakemanne besoek ook die gebied. Engels is die voertaal. Dit is nie vreemd om op ŉ plaas te kom en buitelandse sakemanne te ontmoet en dan net in Engels te kommunikeer nie. Die Koue Bokkeveld is nie meer ŉ geïsoleerde plek nie, maar deel van die globale wêreld. Die wêreld het ingekrimp!

4.3.2 ŉ KULTUUR VAN VIRTUELE WERKLIKHEID

Vir baie sosioloë beeld kultuur al die maniere van die mens se denke, gedrag en kunswerke uit. Dit word van geslag tot geslag oorgedra. In ŉ daaglikse konteks verwys dit na spesifieke intellektuele, kunstige en estetiese bekwaamhede in musiek, skilder, literatuur, film en ander vorme van uitdrukking. "Culture in this sense is particularly rich in imagery, metaphors, signs and symbols" (Cohen & Kennedy 2000:26).

In ŉ noue verhouding met kultuur moet ons ook nadink oor die groeiende belangrikheid van kennis met betrekking tot die abstrakte verstaan van sisteme. Die gevolg hiervan is dat ŉ groter wordende groep lidmate se denk- en leefwêreld ingrypend verdiep of verbreed het en hulle binne nuwe denksisteme geplaas het. Die diversiteit van die gemeente verbreed hierdeur.

Cohen en Kennedy (2000: 27) sê deur die menslike geskiedenis heen is kultuur en kennis hoofsaaklik aangeleer en versterk deur informele, daaglikse leersituasies, wat beïnvloed is met nabye verhoudings in familie, kerk en gemeenskaplike lewe. Hul blootstelling aan ander sosiale kontekste het baie stadig en fragmentaries

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plaasgevind, deur byvoorbeeld oorsese reise, die ekonomiese wêreld asook godsdienstige proselietmakery

Die gemeenskap van die Koue Bokkeveld is gevorm deur families wat in dié streek ingetrek het. “Dit wil dus voorkom of die Van der Merwes en die Du Toits die eintlike baanbrekersboere in daardie kontrei was” (Van der Merwe 2011:2). Die families woon oor geslagte heen in die gebied. Die oudste familie-besigheid in die land is hier gevestig. Die Van der Merwes van Boplaas dateer uit 1742. Families het gevestigde regte en voorregte. Gesinsbande was sterk. Die rol van die pa, as patriarg, kan in die verband nie onderskat word nie.

Klein plaasskole (gewoonlik eenmanskole) was orals.

> Aanvanklik was daar plaasskole op Baliesgat, Tandfontein, Bokfontein en De Bos. Nadat die skole van Tandfontein en Baliesgat gesluit het, het Albert Hanekom van Waboomsrivier aangebied om ʼn gebou op Appelfontein op te rig om te dien as woning vir ʼn onderwyser, slaapkamers vir leerlinge, en twee klaskamers is in 1927 geopen met F.N. Marais as skoolhoof (Van der Merwe 2011:54-55).

Dit is duidelik dat kultuur en kennis versterk is deur informele, daaglikse en lokale leersituasies.

Vanweë afstande is die kerk nie gereeld bygewoon nie. Buitedienste en basaars was deel van die gemeenskaplike lewe. Die mense het saamgewerk en saamgekuier.

> Aangesien die Koue Bokkeveld nog steeds ʼn Afgeleë gebied was, is daar in lidmate se kerklike behoeftes voorsien deur gereelde buitedienste op plase soos Tandfontein, Elim en De Keur. De Keur was die eintlike “kerkplaas” en daar is tydens buitedienste kinders gedoop en selfs katkisasie klasse aangebied. In die onderskeie Kerkraadswyke is bidure gehou wat deur ouderlinge waargeneem is (Van der Merwe 2011:16).

Die jaarlikse trek met vee na die Ceres Karoo (as gevolg van die lang nat koue winters in die Koue Bokkeveld) het die kultuur en stories van die gemeenskap sterk beïnvloed. Daar is te voet getrek. Dit was feitlik die reël dat elkeen wat ʼn plaas in die Koue Bokkeveld het, ook ʼn Karoo-plaas besit. Die trek kon tot vyf na ses dae duur (Van der Merwe 2011:87, 98 en 99).

Eenvoud en storievertelling was kenmerke van die kultuur. Die mense het na aan die natuur en aan mekaar gelewe. Hulle het oor en weer gekuier. Storievertelling was aan die orde van die dag. Boerneef is van die kontrei en het na my mening, deur sy gedigte iets probeer vasvang van die wêreld. Daar word vandag nog met groot respek van sy werk gepraat. Soos Boerneef, het talle ander kinders uit die omgewing verder aan universiteite en kolleges gaan studeer. Die wat teruggekom het, het ʼn ander blootstelling gehad. Die plaasskole (blanke skole) het later in twee skole saamgesmelt. Baie boere het met die onderwyseresse, wat hier kom skoolhou het, getrou.

Waar ʼn reis oorsee vroeër net vir enkeles beskore was, het mense al hoe meer, vanweë hul werk, oorsee begin gaan. Hulle het blootstelling van ander kulture en hoe dinge gedoen word gekry. Die kulturele interaksie wat voortgespruit het uit die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toenemende kontak tussen mense, het stadig maar seker alle mense blootgestel aan die kulturele betekenis en kennis van ander samelewings.

ʼn Geweldige kennisontploffing wat verbind is aan wetenskap en die groeiende beskikbaarheid van massa- en formele opvoeding het plaasgevind. Die geskrewe brief-kommunikasie is uitgebrei deur die telefoon, die faks- en elektroniese netwerke wat kommunikasie vinniger en kragtiger gemaak het. Die eerste koms van ʼn handsentrale in die Koue Bokkeveld was ʼn groot gebeurtenis. Dit is gevolg met die outomatiese sentrale terwyl daar vandag is die gebied selfoonontvangs is. Elke plaaskantoor en huishouding het internet toegang. Waar daar eers reusagtige televisieskottels opgerig is vir ʼn paar TV kanale, beskik omtrent elke huishouding oor DSTV en het toegang tot die internet. Inligtingstegnologie het die Koue Bokkeveld radikaal verander. Die virtuele realiteit is ʼn kunsmatige omgewing en ervaring wat deur die sensoriese stimuli van die rekenaar en die tegnologie opgeroep word en wat ʼn mens self kan manipuleer. Alles word in die ervaring van die oomblik saamgetrek. Jy word weggeneem uit die fisieke wêreld. Die waarneming van die navorser is dat veral die kinders fisies minder speel en meer tyd deurbring met die tegnologie en nie ingestel is op die belewing van die mooi natuurskoon van die omgewing nie. Dit beïnvloed verhoudings en kommunikasie ook.

Al die bogenoemde het verskillende gevolge:

1. *It has become increasingly possible to lift cultural meanings out of their original societal contexts and transplant them to other societies.*

2. *We now have the means to access rapidly far greater quantities of cultural meaning of every kind than ever before and from a multiplicity of sources.*

3. *We obtain full pictures of other lifestyles.*

4. *It is increasingly possible (and necessary for our survival) to know about other people's cultures. If we do not, we run the risk of being excluded from many potential benefits.*

5. *The electronic mass media of communication, along with fast transport, have the capacity to affect all those who are exposed to it, and to incorporate them into a single experience.*

6. *We are made conscious that we live in a pluralist, multicultural world and are invited to participate in its many different possibilities embodied, for example, in cuisine, music, religious practices and marriage customs.*

7. *This last point notwithstanding, it appears that, certainly at present, Western and especially US influences dominate the volume and the character of cultural and knowledge flows* (Cohen and Kennedy 2000:27-28).

ʼn Nuwe kultuur word ʼn realiteit waar persoonlike kontak nie meer die sleutel is nie. Mense het ewe skielik ontdek dat ons sonder mekaar kan klaarkom. Ons kan op ons eie aangaan. Ons skep ons eie wêreld met die tegnologie. Die gemeente se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderskeidingsprosesse het egter hierdie tendens raakgesien en sinvol daaroor besin.

4.3.3 TRANSFORMASIE VAN RUIMTE EN TYD

Harvey (1989:240-54) se werk is in dié verband belangrik. In premoderne samelewings is ruimte verstaan in terme van konkrete lokaliteit. Beweging was moeilik en gevaarlik terwyl oorlog, pessiektes en hongersnood die sosiale lewe onvoorspelbaar gemaak het. Vir die meeste individue was dit veiliger om in daardie plekke te bly waar hulle en hul families gevestigde regte en voorregte geniet het. Die herinnering aan vorige rampe, die seisoen wat verbygaan en die siklus van die landbou het hulle verstaan van tyd bepaal.

> *However, a number of important changes, including the following, gradually altered how people understood space and time.*
>
> 1. *The beginnings of Arab, Chinese, Pacific Islander and European exploration and navigation of the world.*
> 2. *Copernicus's theory, published in 1543, which established that the sun, not the earth, was the centre of our planetary system.*
> 3. *The discovery of the rules of perspective in visual art.*
> 4. *The rise of humanist, people-centred ways of thinking about human life in place of a solely religious preoccupation spurred by Renaissance thinking.*
> 5. *The increasing use of the mechanical printing press.*
> 6. *The advent of the mechanical clock.*
> 7. *The unfolding revolution in transport technology associated with industrialization* (Cohen and Kennedy 2000:24-25).

Hier word veral by punt 7 aangesluit. Vervoer is 'n goeie barometer om die verandering in leefwyse en kultuur aan te dui. Tot en met die 1850's was vervoer stadig, duur en onbetroubaar maar sedert die middel van die 20ste eeu het kommersiële vliegtuie en groot bote die spelreëls verander. Groot vragte is oor baie ver afstande teen bekostigbare pryse vervoer. Ek toon die volgende tabel om die verandering aan te toon.

Table 2.1 Changes in the speed of transport, 1500-1960's

1500-1840	*1850-1930*	*1950s*	*1960s*
Horse-drawn Coaches/sail ships	Steamships and Locomotives	Propeller air	Jet air
16 kph	56-104 kph	480-640 kph	800-1120 kph

(Cohen & Kennedy 2002:25)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie verandering in vervoer, speel soos ŉ teksboek af in die gemeentekonteks.

> In 1848 het Bain ook die Gydopas gebou waarmee die inwoners van die Koue Bokkeveld onmiddellik ŉ baie beter roete na die Boland gekry het. Gydopas, met sy steil draaie, was veral ŉ bottelnek en veral ŉ probleem vir die groot spoorwegbusse wat die produkte uit die Koue Bokkeveld moes vervoer. In 1938 het die Ceres Afdelingsraad die huidige Gydopas gebou, wat ŉ groot verbetering op die ou pas was. In die tweede helfte van 1960 is die pas opnuut herbou en van ŉ teerblad voorsien (Van der Merwe 2011:10).

Vervoer het geweldig toegeneem. Eers het "spoorweg busse" die vrugte kom oplaai. Die vrugte is verpak in klein houtkissies wat met die hand gemaak is. Dit is op die plaas met die hand op vragmotors gelaai. In die meeste gevalle het die eienaars self gehelp om die vragte te laai. Die vrag is na die naaste spoorwegstasie, Prince Alfred's Hamlet, vervoer. Dit is daar in koeltrokke gelaai, na die Kaapse hawe vervoer, en vandaar is dit uitgevoer na Europa. Tans vervoer groot twintig ton vragmotors die vrugte in grootmaat houers. Dit word deur vurkhysers gelaai wat die produkte na reusagtige pakhuise vervoer waar dit onmiddellik verkoel word of in die geval van groente, onderdak gestoor word om later verpak te word. Na die verpakking word die vrugte deur vragmotors wat lugverkoel is ("koeltrokke") na die Kaapse hawe geneem vir uitvoer. In sommige gevalle word van die sagtevrugte dadelik verpak en na die Kaapstad Internasionale lughawe vervoer om direk per vliegtuig uitgevoer te word.

As ons nog verder teruggaan, is produkte op Ceres geruil en is dit met die "pos-bus" (die busdiens van die destydse Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens) langs die pad opgelaai. Ruilhandel het plaasgevind met die Joodse winkel in Ceres. Daar het, wat vervoer as voorbeeld betref, ŉ geweldige verandering in ons konteks plaasgevind.

> Met die stigting van Ceres het daar ook ŉ poskantoor gekom en kon pos plaaslik afgelewer word. Die pos vir die Koue Bokkeveld is elke Dinsdag deur ene Willem Jaja uitgery. Hy het, met die pos in ŉ bladsak, te perd, op Vaalbult Droëhoek s'n, en dan verder Meulsrivier, De Keur, Leeukuil en laastens Onder-Bokfontein. Hy het later te oud geword en toe het Piet Jood (Du Toit), wat ook ŉ winkel op Ceres gehad het, met sy "lorrietjie" die werk oorgeneem. Hy kon toe ook pakkies van die winkel af saambring en botter, eiers, en ander produkte terugneem. Later het die Spoorweë ŉ busdiens ingestel wat twee keer per week die diens gelewer het (Van der Merwe 2011:17).

Die uitbreiding van vervoer het ŉ besliste uitwerking gehad oor hoe mense oor ruimte dink. Dit is interessant dat Gert van der Merwe in sy boek na die Koue Bokkeveld verwys as ŉ afgeleë gebied (Van der Merwe 2011:16). Alhoewel dit dalk nog ŉ persepsie is, is die Koue Bokkeveld beslis nie meer afgeleë nie.

Deur tegniese kennis en ekonomiese veranderinge het ons konsep van tyd en ruimte (afstand, plek) radikaal verander. Harvey noem die uitkoms van al hierdie dinge "time-space compression"(Harvey 1989:240).

Die implikasie van die skuif is:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Time and distance have dwindled in significance as forces shaping human actions. Less bound by ties to specific places and events, both space and time become freely available for us to manipulate and control. We can accomplish far more things in any given unit of time, and events crowd in upon at an ever-greater speed. But with life becoming faster, so distance is conquered. Not just in metaphorical terms but in relation to our experiences, the world not only appears to be contracting, but in a sense really is shrinking. Increasingly we judge distance in terms of time required to complete a journey not by the number of kilometres between two points. Also territory has lost its silence now that increasingly no one people is wholly confined to one place and mass travel enables many to experience other cultures (Cohen & Kennedy 2000:25).

Tyd het toenemend meer bestuurbaar geword. Dit het veroorsaak dat ons alles kan bestuur. Tyd en mense kan bestuur word. Die bestuur van tyd en mense in ŉ gejaagde wêreld het al hoe meer van kritieke belang geword. Dit het tot gevolg gehad dat grondeienaars nie meer persoonlik betrokke kon raak by praktiese sake nie. Die gejaagdheid van die lidmate het toegeneem. Die gemeenskap kan goed bestuur, wil bestuur en in beheer wees en wil resultate sien. In die besigheidsomgewing was die kultuur toenemend dat dit vanuit ŉ kantoor gedoen moet word sonder dat jy self fisiek betrokke is. As jy dit nie so doen nie, kan jy eenvoudig nie kompeterend wees en in die spel bly nie. Die geestelike implikasies hiervan vir verhoudings het egter sy tol begin eis.

Alles kan beheer word. Deur byvoorbeeld damme te bou, kan drie jaar se watervoorraad opgegaar word. Die boerdery is nie meer so afhanklik van die volgende seisoen nie en die plaas het oordragwater vir die volgende jaar. Boerderypraktyke kan ryp bestry met oorhoofse besproeiingstelsels en bande wat gebrand word. Die persepsie van “in beheer wees” word daardeur versterk.

Die “time–space compression”(Harvey 1989: 240) wat gefasiliteer is deur die elektroniese media en ekonomie het baie van die wêreld se bewoners se denk en leefwyse, se kultuur, radikaal beïnvloed. Die Koue Bokkeveld is nie meer ’n geïsoleerde plek nie, dit het deel van die globale wêreld geword.

4.3.4 DIE VORMING VAN IDENTITEIT

Die netwerksamelewing het duidelik die Koue Bokkeveld beïnvloed en deel gemaak van die globale wêreld. Om die proses verder te verstaan word die volgende vraag gevra: “Het die kultuur en invloede wat identiteit in die verlede gevorm het, verdwyn?” Is dit waar dat die tyd waarin ons lewe ŉ tyd van hopeloosheid, ’n tyd van onsekerheid, ŉ tyd van wanhoop en ŉ tyd van ŉ identiteitskrisis is? Om dit beter te verstaan moet ons eers vra hoe identiteit in die verlede gevorm is. Die navorser is van mening dat dit een van die faktore is wat die meeste help om die kultuurskuif en transformasieproses in die Koue Bokkeveld te verstaan.

“Identity is people’s source of meaning and experience” (Castells 2004:6). Castells verstaan identiteit as die skep van betekenis op grond van kulturele eienskappe. Vir ŉ individu, of vir ŉ kollektiewe akteur, kan daar ’n pluraliteit van identiteite wees. Hierdie pluraliteit is die bron van spanning en konflik. Identiteit skep wat sosioloë “rolle” noem. Rolle word gedefinieer deur norme wat gestruktureer word deur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

institute en organisasies van die samelewing. Hulle beïnvloed mense se gedrag op grond van die onderhandelinge en ooreenkomste tussen ŉ individu en die institute en organisasies.

Identiteit ontstaan gewoonlik as gevolg van die invloed van dominante institute. Die identiteit van sosiale akteurs word net gevorm as hulle die invloed deel maak van hulle gedrag en betekenis daaraan heg. Identiteit lê veel dieper as ŉ bepaalde rol was jy speel of soms verkies.

> Yet, identities are stronger sources of meaning than roles because of the process of self-construction and individuation that they involve. In simple terms, identities organize the meaning, while roles organize the functions. I define *meaning* as the symbolic identification by a social actor of the purpose of her/his action (Castells 2004:7).

Rolle identifiseer die funksie wat mense vervul. Dit skryf aan ons voor wat ons behoort te doen en nie mag doen nie. Uit die rolle wat ons vervul, kom take na vore wat ons dagboeke vol maak. Die mense, teenoor wie ons die rolle vervul, verwag van ons om in ŉ verhouding met hulle te staan ooreenkomstig die spesifieke rol wat ons in hul lewe vervul. Persoonlike rolle sou verwys na rolle in jou persoonlike lewe, soos gesinslewe, terwyl jou beroepsrol, soos bestuurder of grondeienaar, verwys na jou publieke rol in die werk. In die verlede is die klem na my mening te veel op die funksie (rol en taak) van wat veral van die man verwag word, geplaas. Sy eggenote was net deel van die besigheid. Betekenis is nie geheg aan die doel van haar aksie nie. Dit het veel eerder gegaan oor die produksie wat per hektaar behaal moet word, as om aandag te skenk aan die mens. Die navorser is van mening dat aandag aan persoonlike identiteitsvorming nagelaat is ten koste van die finansiële voorspoed in die boerdery. Materialisme is juis as een van die gemeente se bedreiginge geïdentifiseer tydens die Strategies Teologiese Beplanningsproses in 1991. Sedertdien het materialisme net toegeneem en mense meer gejaagd gemaak. Jou waarde word dikwels bepaal deur hoe besig jy is. Dit is so dat daar enkelinge is wat hulle nie hiermee kan identifiseer nie. Dit is gewoonlik die ouer lidmate wat in ŉ ander tyd groot geword het.

Sosiologies gesien word identiteit prosesmatig gevorm. Die vraag is: Hoe, van wat, deur wie en vir wat? Identiteit word gevorm deur die geskiedenis, die konteks, die samestelling van die produktiewe en reproduktiewe institute, die kollektiewe geheue en persoonlike fantasieë, die mag van strukture en deur godsdiens. Individue, groepe en samelewings verwerk al hierdie materiaal en herrangskik hul betekenis ooreenkomstig sosiale neigings en kulturele projekte wat gegrond is in hul sosiale struktuur en in hul tydsraamwerk. Dus, in die lig van bogenoemde bespreking, help Castells se hipotese ŉ mens. Hy sê dat diegene, wat met watter doel voor oë ook al, kollektiewe identiteit vorm, die simboliese inhoud en betekenis daarvan vir diegene wat daarmee identifiseer, bepaal (Castells 2004:4).

Die opmerking van Castells, dat die sosiale samestelling van identiteit altyd plaasvind in ŉ konteks wat gekenmerk word deur magsverhoudings, is uiters relevant vir die situasie in die Koue Bokkeveld. Die navorser bespreek Castells se opmerking en pas dit dan toe op die huidige konteks van die Koue Bokkeveld. Castells onderskei drie tipe identiteitsvorming prosesse:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- *Legitimizing identity formation* (legitimeerde identiteit): Dominante institute van die samelewing wat sy dominansie oor die sosiale akteurs van die samelewing uitgebrei het en gerasionaliseer het. Dit het tradisioneel van bo na onder plaasgevind. Die sterkere het sy mag gebruik om die res te vorm na sy smaak. Dit was ʼn van bo-af manipulasie.

- *Resistance identity formation (weerstands identiteit)*: Ontwikkel wanneer sosiale akteurs of rolspelers wat gedevalueer en/of gestigmatiseer is deur die logika van die dominansie in ʼn posisie is om daarteen weerstand te bied. Hulle reageer dus teen die oorheersing en ontwikkel alternatiewe beginsels wat anders is as die wat in die samelewing afforseer word en dominant is.

- *Project identity formation(projek identiteit)* vind plaas wanneer sosiale akteurs op die basis van bepaalde kulturele materiaal ʼn nuwe identiteit bou wat hul posisie in die samelewing herdefinieer en deur dit te doen, die hele samelewing herdefinieer (Castells 2004:8).

Identiteit, wat begin as weerstandsidentiteit, mag aanleiding gee tot ʼn nuwe bestel wat dan self as nuwe instituut dominant raak in die samelewing en gevolglik lei tot legitimerende identiteitsformasie. Uit bogenoemde is dit duidelik dat identiteit nie ʼn essensie het nie en ook nie ʼn betekenis buite sy historiese konteks het nie. Wat belangrik is, is die voordeel wat elke identiteit het vir elke persoon wat daardeur gevorm is. In elke tyd of periode word identiteit gevorm. Die gemeente se identiteit was legitimerende identiteit. Gevolglik het dit sy dominansie laat geld en transformasie onderdruk of beveg (Castells 2004:8)

Elke identiteit gee aanleiding tot verskillende uitkomste in die samestelling van die samelewing. Legitimeerde Identiteitsvorming bring ʼn burgerlike samelewing na vore. Weerstand Identiteit lei tot die vorming van reaksionêre gemeenskappe. Dit kan een van die belangrikste identiteitsbouers in ons samelewing wees. Dit vorm ʼn gemeenskaplike weerstand teen onuithoudbare onderdrukking. Dit is gewoonlik identiteit wat duidelik deur die geskiedenis, geografie of biologie gedefinieer is, wat dit dan makliker maak om die grense van die weerstand te bepaal (Castells 2004:8).

In die konteks van die Koue Bokkeveld gemeenskap was daar altyd diegene wat die in beheer was en die samelewing gebou het – die legitimerende identiteitsvorming. Daar was altyd diegene wat nie wou saamwerk nie en wat in opstand was teen die persone wat al die besluite geneem het – weerstand identiteitsvorming. Hulle het ʼn passiewe aggressie ontwikkel maar kon nie die kultuur verander nie. Sommige idees is aanvaar maar op ʼn persoonlike vlak het mense emosioneel seergekry. Hierdie seerkry was op die vlak van grondeienaars teenoor mekaar, maar ook grondeienaars teenoor bestuur, en bestuur teenoor mekaar. Verhoudings het op verskeie vlakke in die gemeente daaronder gely.[48]

Die derde proses wat identiteit daarstel, Projek Identiteit bring subjekte na vore. Castells haal Alain Touraine aan:

---

[48] Die gemeente met wie ek werk, sluit nie werkers in nie. Die verhoudings is hoofsaaklik tussen lidmate wat bestuursposte bekleë of grondeienaars.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> I ... name subject the desire of being an individual, of creating a personal history, of giving meaning to the whole realm of experiences of individual life … The transformation of individuals into subjects results from the necessary combination of two affirmations: that of individuals against communities, and that of individuals against the market (Castells 2004:10).

Subjekte is nie individue nie, alhoewel hulle deur individue daargestel word. Subjekte is die kollektiewe sosiale akteurs deur wie individue holisties betekenis vorm vir die wêreld waarin hulle lewe. As dit die geval is, is die bou van identiteit ŉ projek wat ŉ alternatiewe lewe moontlik maak op die basis van bepaalde waardes. Die projek kan lei tot die transformasie van die samelewing. Die proses staan bekend as projek-identiteitsformasie. Lidmate wat geestelike groei beleef het, het stadig maar seker ŉ ander betekenis begin verleen aan die lewe. Die kerk, die koninkryk van God, is God se projek. Dit het ander waardes en ander uitkomste.

Hoe, en deur wie, verskillende identiteite gevorm is en watter uitkomste dit het, kan nie in algemeen abstrakte terme beskryf word nie. Dit is ŉ saak van sosiale konteks. Dus, die bespreking moet verwys na ŉ spesifieke konteks, die opkoms van die netwerksamelewing. Die dinamika van identiteit in hierdie konteks kan beter verstaan word deur dit te kontrasteer met Giddens se karakterisering van identiteit in laat moderniteit.

> Self-identity is not a distinctive trait possessed by the individual. It is the self as reflexively understood by the person in terms of her/his biography. Indeed, to be a human being is to know … both what one is doing and why one is doing it …. In the context of post-traditional order, the self becomes a reflexive project (Giddens 1991:53, 35, 32).

Watter invloed het laat-moderniteit op hierdie *reflexive project*?

> One of the distinctive features of modernity is an increasing interconnection between the two extremes of extensionality and intentionality: - globalising influences on the one hand and personal dispositions on the other … The more tradition loses its hold, and the more daily life is reconstituted in terms of the dialectical interplay of the local and the global, the more individuals are forced to negotiate lifestyle choices among a diversity of options …. Reflexively organized life-planning ... becomes a central feature of the structuring of self-identity (Giddens 1991:1,5).

Dit is opmerklik, oor die afgelope 20 jaar, dat mense die geleentheid het om hul eie lewe te bepaal, of die geleenthede het om self te besluit. Hulle kon byvoorbeeld vergaderings vir die kerk in die dag bygewoon het. Dit het begin verander. Alles word na ure gedoen. Die vraag is: Wanneer is na ure? Mense het al hoe minder tyd beskikbaar vir die kerk en naastediens indien hulle waardes deur die “rat race” gedomineer word. Hulle is uitgelewer aan die ekonomiese realiteite en druk van werksprogramme.

Castells (2004:11) sê die netwerksamelewing plaas vraagtekens oor die prosesse van die vorming van identiteit gedurende die periode van die laat-moderniteit en gee aanleiding tot sosiale verandering. Dit alles is die gevolg van die netwerksamelewing

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en sistemiese ontwrigting wat tussen die plaaslike en die globale vir meeste individue en sosiale groepe probleme veroorsaak. Gevolglik word lewensbeplanning onmoontlik sê hy, behalwe vir die elite (en baie ryk internasionale rolspelers) wat woon in die tydlose spasie van die vloei van globale netwerke en hul ondergeskikte plaaslike arbeiders. Die bou van intimiteit op die basis van vertroue vereis tyd en plek gebonde kommunikasie wat volledig bots met die netwerk logika van dominante institusies en organisasies. Onder sulke nuwe omstandighede krimp die burgerlike samelewing en val dit uitmekaar, aangesien daar nie langer enige kontinuïteit is tussen die logiese van mag in die globale netwerk, die logika van assosiasie, en die verteenwoordiging in spesifieke samelewings en kulture nie. Die soeke na identiteit vind dus plaas in ʼn rekonstruksie van verdedigings identiteit rondom gemeenskaplike beginsels. Die meeste sosiale aksies word georganiseer in die stryd tussen ongeïdentifiseerde bewegings en afgesonderde identiteite.

Castells werk met ʼn hipotese van die samestelling van subjek *(constitution of subjects*) wat die hart vorm van sosiale verandering. Dit verduidelik die proses wat lei tot projekidentiteitsvorming:

> Subjects, if and when constructed, are not built any longer on the basis of civil societies, in modernity (early or late) project identity was constituted from civil society, in the network society, project identity, if it develops at all, grows from communal resistance. This is the actual meaning of the new primacy of identity politics in the network society. The analysis of processes, conditions, and outcomes of the transformation of communal resistance into transformative subjects is the precise realm for a theory of social change in the information age (Castells 2004:11-12).

Die prosesse van die netwerksamelewing het die spelers wat legitimerend identiteit gevorm het, laat verdwyn. Die institute en organisasies van die burgerlike samelewing wat gekonstrueer is rondom die demokratiese staat en gebou is rondom die sosiale kontrak, kapitaal, en arbeid, het leeg geword (invloed verloor) en kan nie meer in verband gebring word met mense se lewens en waardes in die meeste samelewings nie.

> The dissolution of shared identities, which is tantamount to the dissolution of society as a meaningful social system, may well be the state of affairs in our time (Castells 2003:420).

Nuwe identiteite hoef nie noodwendig te ontwikkel nie. Nuwe sosiale bewegings sal die samelewing herskep en nuwe institute sal ontwikkel.

Met ʼn eerste kyk sien ons die na vore kom van ʼn wêreld wat gevorm word deur markte, netwerke, individue en strategiese organisasies wat regeer word deur die nuwe ekonomie. Daar is geen behoefte aan legitimerende identiteit in die nuwe wêreld nie. Instink, mag, self-gesentreerde strategiese berekeninge op ʼn makrovlak beheer die spel.

> ..the clear features of a barbarian nomadic, of a Dionysian element threatening to inundate all borders and rendering international political legal and civilization norms problematic (Castells 2004:420).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Castells sê gevolglik:

> We should then add another layer to the social dynamic of network society. Together with state apparatus, global networks, and self–centred individuals, there are also communes formed around resistance identity. However, all these elements do not glue together, their logic excludes each other, and their coexistence is unlikely to be peaceful (Castells 2004:421-422).

Die sleutel word nou die na-vore-kom van projek identiteit wat die potensiaal het om een of ander nuwe burgerlike samelewing te rekonstrueer waar almal nie eenders is nie en uiteindelik iets nuuts gaan vorm.

Nuwe projekidentiteit ontwikkel nie vanuit die vroeëre identiteit van die burgerlike samelewing van die industriële era nie, maar vanuit die huidige weerstands. identiteit. Die vraag is hoe projekidentiteite ontwikkel uit weerstandsidentiteite. Die feit dat ʼn gemeenskap gebou word rondom ʼn weerstandsidentiteit beteken nie dat dit noodwendig projekidentiteit sal ontwikkel nie. Dit kan net ʼn verdedigende/ beskermende gemeenskap bly. Alternatiewelik kan dit die mag van weerstand monster en ontwikkel in projekidentiteit wat ten doel het om die samelewing in geheel te transformeer ooreenkomstig nuwe waardes (Castells 2000:422-423).

Weerstandsgemeenskappe verdedig hul ruimte en hul plek teen die pleklose logika van die sosiale dominansie van die informasie era. Hulle eis hul historiese geheue en/of die bevestiging van hul waardes teenoor die ontbinding van geskiedenis in die tydlose tyd en die viering van die kortstondige in die kultuur van virtualiteit. Hulle gebruik informasie-tegnologie vir mense se horisontale kommunikasie terwyl die verafgoding van die tegnologie verwerp word. Hulle bewaar transendente waardes teen die de-konstruktiewe logika van selfgereguleerde rekenaar netwerke (Castells 2000:423).

Samevattend: die netwerksamelewing veroorsaak sy eie uitdagings in die vorm van gemeenskaplike weerstandsidentiteit, wat lei tot die ontwikkeling van projek identiteit. Hoe dit daar uitsien, is uniek en word bepaal deur omstandighede en prosesse wat spesifiek is tot elke institusionele en kulturele konteks. Hiermee is die historiese proses waardeur ʼn nuwe sosiale struktuur gekonstitueer sal word, beskryf (Castells 2000:424).

Hoe het hierdie vorming van identiteit hom in Suid-Afrika voltrek? Voor 1994 het die staat ʼn baie belangrike rol in die land vervul. Sedert 1948 met die apartheidsregering aan die bewind, het legitimerende identiteitsvorming van die staat uitgegaan en het dit mense se lewens- en wêreldbeskouing gevorm. Dit was soos ʼn proses van breinspoeling. Die weerstand hierteen het dit in 1994 in geheel verwerp. Die redes is soos volg: die tegnologie het tot die informasie-revolusie gelei en dit het die ekonomie en die vloei van geld, asook die definisie van mag, radikaal verander. Die staat kan dit nie meer legitimerend beheer nie. Die globale skuiwe roep weerstands-identiteitsvorming en projekidentiteitsvorming op wat tot ʼn nuwe lewens- en wêreldbeskouing lei.

Daar is aangetoon hoe identiteit gevorm is en hoe dit verander het. Die volgende vraag wat beantwoord moet word, is: Waar is die aard van mag (power) in die sosiale strukture? Mag word nie meer gekonsentreer in institute (staat), organisasies

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(kapitalistiese besighede) of in simboliese bewakers (media, kerke) nie. Dit is versprei in die globale netwerke van rykdom, mag, inligting en beelde, wat sirkuleer en verander / omsit in ʼn sisteem van verskillende meetkundige en vergeestelike geografieë. Mag en die strewe na beheer verdwyn nie. Dit beheer steeds die samelewing en vorm en domineer ons steeds, maar dit werk anders.

> The new power lies in the codes of information and in the images of representation in which societies organize their institutions and people build their lives, and decide their behaviour. The sites of the power are people's minds. (Castells 2004:425).

Dit verduidelik waarom mag in die informasie-era terselfdertyd herkenbaar en verspreid is. Ons weet wat dit is, ons kan dit egter nie vasvat nie, aangesien mag ʼn funksie is van ʼn eindelose geveg oor die kulturele kodes van die samelewing. Wie ook al die geveg om die beheer of ten minste instemming van mense se gedagtes wen, sal regeer. Magtige strukture kan nie meer opweeg teen gemobiliseerde denke en drome nie. Laasgenoemde bestaan in die buigbare en immer aanpassende alternatiewe netwerke. Oorwinnings kan kortstondig wees aangesien die vloei van informasie die kodes of aanvaarde waardes in ʼn konstante draaikolk sal hou.

Dit is waarom identiteit, hierdie voortdurende veranderde magstruktuur, so belangrik en so magtig is. Identiteit bou belangstelling, waardes en projekte rondom ervarings in ʼn spesifieke verbintenis met die natuur, geskiedenis, geografie en kultuur en weier om ontbind te word.

> Identities anchor power in some areas of the social structure, and build from there their resistance or their offensives in the informational struggle about the cultural codes constructing behaviour and, thus, new institutions (Castells 2004:425).

4.3.5 IDENTITEITSVORMING IN DIE KOUE BOKKEVELD

Hoe het hierdie identiteitsvorming afgespeel in die Koue Bokkeveld? Die gemeenskap van die Koue Bokkeveld is deur welmenende leiers gestig. Die legitimerende identiteitsvorming wat gegeld het, is deur die destydse stigters (dié met gevestigde belange) gevorm. Die identiteit is hoofsaaklik gekenmerk deur voorspoed en geld. Sake het goed verloop in die apartheidsperiode aangesien daar goeie kontakte op verskeie vlakke met die regering bestaan het. Dit het oorgespoel na die gemeente, waar die grondeienaars ʼn belangrike rol gespeel het.

In die verlede het die grondeienaars die identiteit bepaal. Mense is toe gevra om te gaan as hulle nie by die heersende kultuur wou inpas nie, hetsy in die gemeenskap of by die boerdery-eenhede. In sommige gevalle is voorgeskryf hoe mense moet optree: hoe die polisiediens hul werk moet doen, hoe die skool bestuur moet word, en hoe die kerk moet wees. Patriarge het gesê, "So word dit gedoen!" Die navorser het beleef dat prosesse in die gemeente tot op ʼn punt aan die gang gekom het, maar as die eienaars/kultuur dit nie goedgekeur het nie, het dit ʼn stille dood gesterf. Die navorser se ervaring was dikwels dat hy teen ʼn plafon werk - daar kom nie vordering nie. Die navorser het dit ook in 1993 ervaar met ʼn poging om die ontspanningsklub te bou. Na ʼn paar gesprekke met van die destydse grondeienaars, het dit duidelik geblyk dat van hulle besluit het dat die klub nie gebou sal word nie. Dus, die projek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het nie plaasgevind nie. Toe dit wel in 2009 gebou en voltooi is, was dit omdat die grondeienaars daarvoor verantwoordelikheid geneem het. Een van ons sendelinge wat deur die gemeente uitgestuur word, het op ʼn dag die opmerking gemaak: “Is hier nie ʼn bose mag aan die werk nie?” Niemand van ons het in daardie tyd die insig gehad om te verstaan hoe die globale veranderinge in ons gemeenskap afspeel nie.

Die klem vanuit die landbou was dat alles beplan en bestuur moet word. Dinge moet beheer word. Die kerk en die skool moet hierby aanpas. Die skoolkwartale moes aanpas by die boerdery. Alles moet hierby aanpas. Dit het ʼn manier van doen geword, ʼn kultuur. Almal moes by die boerdery aanpas, ook die kerk. Met die koms van die nuwe Suid-Afrika het al die boerdery-ondersteunende staatsnetwerke stadig maar seker verdwyn en is besighede uitgelewer aan die veranderde landbou-wetgewing wat ʼn groot impak op die boerdery gehad het. Naas dit het die druk van die buiteland toegeneem met vereistes stel waaraan die produkte moet voldoen. Plase moes aanpas om wins te kon maak. Alles moes nuut onderhandel word. Die instansies vir die legitimerende identiteitsvorming het hulle invloed begin verloor. Identiteit kon nie meer van bo bepaal word nie.

Op grondvlak was daar altyd die onderliggende spanning tussen grondeienaars en bestuur. Dit het na vore gekom in gesprekke en in gemeentelike verslae. Dit is nooit duidelik uitgespel nie, maar dat daar sprake was van dominansie en manipulasie, is nie te betwyfel nie. Dit is ʼn bekende feit dat bestuurders goeie salarisse en prestasie bonusse ontvang. In hoe ʼn mate die spanning deur geld versag is en of die nuwe geslag dit anders hanteer, is ʼn ope vraag, maar dat daar weerstandsidentiteitvormende prosesse in die Koue Bokkeveld teenwoordig is, is nie te betwyfel nie.

Op grondvlak het onder leiding van die Gees en die Woord skuiwe plaasgevind wat mense geestelik laat groei het. Dit was die stille meerderheid. Die gemeente is in ʼn proses waar projek identiteitsvorming plaasgevind het. Vir baie was die gemeente ʼn geestelike tuiste waarin hulle hulself kon vind en hulle lewens met ander waarde kon vul as wat hulle in wêreld aantref. Toe die legitimerende identiteitsvormers van bo verandering probeer forseer het deur die leraar “weg te werk” (onder andere deur hom ʼn pakket aan te bied) om weer in beheer te wees, het projekidentiteit uit die sluimerende weerstandsidentiteit ontwikkel. ʼn Nuwe identiteit het na vore gekom. Lidmate het weer op God en Sy koninkryk begin fokus. Die legitimerende gemeente kultuur het begin verander. Mense het ʼn nuwe identiteit gevind en neem eienaarskap vir die gemeente. Hulle het ervaar hulle kan teen die leiers opstaan - ons is gelyk. ʼn Nuwe identiteit het binne die gemeente ontwikkel. Die uitdaging is dus om lidmate hul nuwe identiteit in Christus te laat ervaar en te weet dat Hy deur die Gees ons denke wil bepaal.

Die navorsing wentel om die volgende vraag: Wat is die moeilikste hekkies in die missionale transformasie in die NG gemeente Op-die-Berg en hoe word dit oorbrug? Wat was die hekkies wat hier na vore gekom het?

Hekkie	Leierskap.(Outoritêre leierskap. Patriargale leierskap)
Hekkie	Verhoudingsvervlakking (Gevestig belange teenoor nie-gevestig belange)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4 MESOVLAK

In hierdie afdeling word gekyk na die onmiddellike omgewing of die meso-konteks. Dit is steeds deskriptief van aard en het ten doel om die Koue Bokkeveld en sy mense te verstaan. Ons wil Osmer se vraag beantwoord: Hoekom gebeur dit? Die vraag word geïnterpreteer teen die agtergrond van die navorsingsvraag: Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasie in die Nederduitse. Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg en hoe is dit ontsluit?

4.4.1 INLEIDENDE BESKRYWING

Die gemeente is geleë in die Koue Bokkeveld, ongeveer 997 meter bo seevlak. Dié streek strek vanaf Gydopas (naby Prince Alfred's Hamlet) tot teen die Middelbergpas (naby Citrusdal), d.w.s. ongeveer 90 Cm. Dit is geleë op die R303 roete tussen Ceres en Citrusdal. Die dorpie van die streek is Op-die-Berg wat ontstaan het as 'n kerkdorp met die stigting van die gemeente in 1961. Die dorp is deur die gemeente ontwikkel. Tot in die negentigerjare is belasting deur die Kerk gehef. Daarna is die dorp oorgedra aan die destydse Breërivier Distriksraad. Die dorpie kry sy naam van die gemeente, Op-die-Berg, na aanleiding van Genesis 22:14: "Op die berg van die Here word voorsien." Met die afstigting was daar groot twis of die gemeente se naam nie Koue Bokkeveld moet wees nie. Nadat daar die tweede keer gestem is, is die naam Op-die-Berg aanvaar.

> Reeds met die stigtingsvergadering was daar 'n verskil van opinie oor die naam vir die nuwe gemeente. Sommige lidmate wou dit Koue Bokkeveld hê en ander weer Op-die-Berg. Daar is met 'n meerderheid van stemme beslis dat die gemeente as Op-die-Berg bekend sou staan.
>
> Met die aanlê van die dorp was daar weer 'n verskil van mening oor die naam daarvan. By 'n gemeentelike vergadering is daar weereens gestem en die uitslag was dat die dorp ook as Op-die-Berg bekend sou staan.
>
> Fanie van der Merwe, wat een van die kampvegters vir die naam Koue Bokkeveld was, het egter die laaste sê gehad toe hy die poskantoor en die telefoonsentrale, wat hy self gebou het, die naam Koue Bokkeveld gegee het.
>
> So het dit dan gebeur dat die dorp en die poskantoor elkeen sy eie naam het (Van der Merwe 2011:1).

Op-die-Berg is 'n tipiese klein landelike dorpie. In 1998 het die dorpie meer as verdubbel met die bou van H.O.P.[49] huise. Dit het groot verandering tot gevolg gehad. Meer en meer plaaswerkers het op die dorp kom woon. Vir sommige mense was dit die eerste keer dat hulle die geleentheid gehad het om 'n eie huis te besit. Vir sommige was dit 'n bron van trots met 'n positiewe uitwerking op hul gedrag. Vir die meeste is dit egter 'n nagmerrie - ongekende vryheid, drank op elke hoek en baie sosiaal-maatskaplike probleme.

---

[49] Die regering het 'n Heropbou en Ontwikkelings Plan gehad vir die agtergeblewenes. Aan hulle is gratis huise gegee. In die omgang staan dit bekend as HOP huise.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die streek se reënval is baie hoog in die winter. Die Olifantsrivier ontspring in dié gebied, ʼn hoogland omring deur baie berge. Die suidelike Cederberge begin ook hier in die westekant. Dit sneeu elke winter bo-op die berge en gewoonlik een keer per jaar in die dorp. Die klimaat is uiters geskik vir die verbouing van vrugte en groente en is seker een van die vrugbaarste landboustreke in Suid-Afrika. Die opbrengs per hektaar is baie hoog. Baie damme is oor jare gebou om in die somer maande die water vir besproeiing te gebruik.

> Aanplanting vir die Koue Bokkeveldse kosmandjie is tans soos volg: 5200 ha. appels, 2500 ha. pere en 600 ha. steenvrugte. Die groentesegment het gegroei tot 2500 ha. uie en 1000 ha. aartappels. Uieproduksie is ongeveer 65 ton per hektaar (of dan 6500 sakkies van 10 kg) terwyl die produksie van aartappels in die omgewing van 50 ton per hektaar (5000 sakkies van 10 kg) is. Omtrent 12–15% van die uie word tans na die noordelike halfrond uitgevoer en 30% na Afrika lande.
>
> Daar is tans 10 000 hektaar deur die Departement van Waterwese gelys as oppervlakte onder besproeiing. Wanneer in ag geneem word dat ongeveer 75% van die beskikbare besproeiingsgrond onder produksie is, beteken dit dat bykans ʼn halfmiljoen ton vrugte en groente jaarliks teen Gydopas af vervoer word. Daar is boonop ʼn aansienlike veestapel wat groot hoeveelhede wol en vleis lewer. Die Koue Bokkeveld het inderdaad ontwikkel tot ʼn voedselspens vir Suid-Afrika (Van der Merwe 2011:18).

4.4.2 SAMESTELLING VAN DIE WERKERSKORPS

Dit is hoofsaaklik ʼn uitvoer gebied vir vrugte, daarom is die werk baie arbeidsintensief. Hier is baie werkers, veral Xhosas uit die Sterkspruit area en ook Sotho's uit Lesotho. Baie kleurling uitwerkers vanaf die Karoo kom ook hier werk. Die nuutste inligting van die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum verkry is:

> Die demografie het verander. In die 1980's was al die permanente werkers Bruin en Afrikaans en die seisoen waartydens Xhosa mense uit die Oos-Kaap kom werk het, was baie korter. Daar was ook Afrikaanse seisoenswerkers, hoofsaaklik afkomstig van sendingstasies. Sedertdien het die seisoen verleng tot amper voltyds. Die swart werkers is by verreweg die meerderheid en is ook vinnig besig om die meerderheid permanente werkers te word. Sotho werkers is volop, asook Zimbabwiese werkers. Daar is nie nuwe huise gebou nie, maar wel hostelle en woonstelle/kamers. Aanvanklik was vrouens nie permanent nie en het hulle ook korter ure elke dag gewerk. Nou is almal permanent, swart vrouens het toegeneem soos verpakking toegeneem het en gelykheid van inkomste en posbeskrywings is meer algemeen. In verhouding het wit mense minder geraak op die plase. Ouderdomme het ook verander. Die seisoenswerkers is gemiddeld baie jonk en elke jaar is meer jong mense in die spanne. Die lewensverwagting daal ook. Aan die ander kant is die kinders van permanente mense meer middelklas in hulle aspirasies en kom die wat nêrens anders ʼn bestaan kan maak nie, plaas toe. In die mees onlangse verlede het Lesotho en Zimbabwiese mense die doelpale geskuif. Hulle is skolasties net soveel beter as enige Suid-Afrikaners opgelei, het selfvertroue en trots, praat Engels en a.g.v. hulle desperate omstandighede tuis, werk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beide hard en slim. Met produksie as doelwit, bring hierdie mense tydelike verligting aan boere (Ongepubliseerde diktaat: Van Biljon, Koue Bokkeveld Opleiding Sentrum 2010).

4.4.3 SAMESTELLING VAN GEMEENTE

Die lidmaattal het oor die afgelope 20 jaar afgeneem. Verskeie faktore het hiertoe bygedra: ekonomiese toestande in die landbou en swart bemagtigingsprojekte wat plaasgevind het. In die verlede is net NG Kerk lidmate aangestel op plase. Die onderstaande grafiek toon aan hoe die gemeente se getalle sedert afstigting (1960) tot 2010 gegroei en gedaal het.



In terme van Mann se gemeente groottes[50] het die gemeente verander van 'n pastoraalgrootte na 'n programgrootte gemeente. Die verandering het eers in die neëntiger jare plaasgevind. Die gemeente het egter gegroei van 'n familiegrootte bediening aan die begin, na 'n pastoraalgrootte en later na programgrootte. Dit is nie deur almal verstaan nie, veral ten opsigte van die rol en taak van die leraar. Sommige wil hom sien as familievriend en ander as die een wat die gemeente moet toerus. Die patriarge wou hom sien as familievriend. Vandaar die klagtes dat hy nie oral sigbaar is nie. (Mann 1989:4-5).

Dit is duidelik dat die meso-konteks, net soos die makro-konteks verander het. Die gemeente het reageer op die verandering, hulle is nie verlam deur die uitdagings nie. Die reaksie van die gemeente word in die volgende afdeling bespreek.

---

[50] Die gewildste gemeentetipologie is die van gemeentegrootte. Die model werk met erediensbywoning en gaan uit van die veronderstelling dat die kultuur en struktuur van gemeentes wissel na aanleiding van die grootte daarvan. Die gemeentes kan in vier groottes gemeentes onderskei word: familie-, pastoraal-, program- en korporatiewegrootte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.4 GEMEENTE ANTWOORD OP UITDAGINGS

4.4.5 BYBELSKOOL

Die Kerkraad was deur die jare besorg oor die bearbeiding van die seisoen werkers. Destyds is onder die leiding van die Ring van Tulbagh en Worcester ŉ kommissie gestig wat verantwoordelik was vir die bearbeiding van die swart werkers. Na ŉ aantal evangeliste in die Koue Bokkeveld gewerk het, het ds. Thom van die destydse Ned. Geref. Kerk in Afrika die lidmate in die Koue Bokkeveld bedien. Hy het vanuit Worcester gewerk en het hoofsaaklik die Ned. Geref. Kerk in Afrika lidmate in die Koue Bokkeveld bedien. Die aksie is ontbind en die Ned. Geref. Kerk Op-die-Berg het eie inisiatief geneem om ŉ interkerklike bediening in die Koue Bokkeveld te begin. In 1985 is, as eerste leraar, ds. Bennie Fourie beroep, wat ŉ goeie fondament vir die bediening kom lê het. Dit het hoofsaaklik bestaan uit oggendbidure op die plase, besoek op die lande, elke tweede Sondag eredienste, die aanbied van kort kursusse, die skoling van leiers, asook Bybelverspreiding.

Ds. Fourie is in 2000 deur proponent D.X. Simon opgevolg, wat weer deur proponent Gideon Hanekom in 2003 opgevolg is. In 2009 is ds. Hennie Lombaard beroep. Sy vrou is ook betrokke by die Bybelskool, in die ondersteuning van die vroue. Hulle help ons weer opnuut verstaan dat die werk nie alleen gedoen kan word nie en dat die gemeente uitgedaag word om betrokke te raak by die nuwe bekeerlinge.

4.4.6 AMOSBEDIENING

ŉ Groep lidmate van die NG Kerk het onder leiding van die navorser begin met ŉ evangelisasie-aksie, EE 111.[51] Praktiese opleiding is gedoen onder die plaaswerkers in samewerking met die Verenigende Gereformeerde Kerk In Suider-Afrika. Die program het vir ongeveer twee jaar goed gewerk. Lidmate van sowel die NG Kerk as die VG Kerk was betrokke. Die leemte wat geïdentifiseer was, is leierskap. Ons het nie die kapasiteit gehad om nuwe bekeerlinge te versorg nie en daar was nie genoegsame leiers op die plase nie.

Die navorser het van die Amos[52] plaasbediening gehoor en het op die plase bekendstellings gereël saam met ds. Bennie Fourie (Bybelskool), ds. Cupido (VG Kerk) en ds. J.B. Wessels van Amos Wes-Kaap. Opleiding is begin, lidmate het betrokke geraak en is bemagtig om die opleiding te behartig. Die betrokkenheid van ons plaaseienaars blyk deur die jare ŉ probleem te wees. Hulle is positief om produkte te gee, maar geestelike betrokkenheid is skaars.

---

[51] EE III is ŉ Opleidingsprogram vir Persoonlike Evangelisasie. Dit is geskryf deur J. Kennedy in 1983. Kennedy is ŉ Amerikaner, wat die Groot Opdrag van die Bybel wil gehoorsaam en lidmate vir hulle dienswerk toerus. Hy het die indiensopleidingskursus ontwikkel. Die kursus is in 1983 in Afrikaans vertaal.

[52] Amos het begin as evangelisasieproses in die plaasgemeenskap van Memel onder leiding van Ds. Hennie Viljoen. Die projek heet Amos, na aanleiding van die boek Amos, die skaapboer uit Tekoa. Die bediening word landswyd aangebied.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.7 AKSIE BRAAMBOS: ALKOHOLPROJEK

As deel van ŉ gemeentelike aksie om gestuur te wees, is alkohol misbruik geïdentifiseer as die grootste nood in ons samelewing. Toe die nood aangespreek word, is iemand aangestel om die werk met die nodige verslaggewing te doen.

4.4.8 SAMEWERKING MET DIE PLAASLIKE VGK

Die samewerking tussen die twee gemeentes kom al voor afstigting.

> Die Ceres N.G. Kerk het verpligtinge teenoor die Ceres Sendinggemeente gehad en dit was dus ŉ logiese gevolg dat die nuutgestigte N.G. Gemeente van Op-die-Berg die verpligtinge ten opsigte van die nuwe Sendinggemeente Koue Bokkeveld sou oorneem. Teen hierdie agtergrond gesien, was dit waarom die N.G. Gemeente Op die Berg ŉ aandeel gehad het in die beroep van die eerste leraar vir die Sendinggemeente, asook om ŉ bydrae te maak tot sy vergoeding en huisvesting. In daardie stadium het die Sendinggemeente bestaan uit plaaswerkers en was hulle finansiële vermoëns beperk. Die N.G. Kerkraad van Op-die-Berg het hulle gewig ten volle ingegooi om die Sendinggemeente in alle opsigte te ondersteun. In 1964 het die Kerkraad van Op-die-Berg vir ds. Gerber ŉ pastorie op die dorp laat bou. Aangesien die Groepsgebiedewet toe nog van krag was, kon ds. Bantom nie die bestaande pastorie op die dorp betrek nie (ŉ blanke woongebied) en is ŉ woning op Remhoogte vir sy gebruik beskikbaar gestel. Die sendingpastorie op die dorp is toe verkoop (Van der Merwe 2011:43).
>
> In 1983 het die Kerkraad van Op-die-Berg besluit dat lidmate van die N.G. Sendingkerk welkom sou wees om eredienste in hulle kerk by te woon. Die Kerkraad van Op-die-Berg het die Belhar Belydenis in 2004 aanvaar (Van der Merwe 2011:44).

Die goeie samewerking het oor die jare bly gegroei. In hierdie stadium bestaan dit uit twee kanselruilings per jaar, vier gesamentlike dagbestuursvergaderings per jaar, waartydens verskillende gesamentlike projekte aangepak word asook een gesamentlike kerkraadsvergadering.

Een van die plaaslike projekte is die BADISA[53] tak. Die tak toon ongekende groei. Die vrywillige werkers bestaan uit baie meer V.G. Kerk lede as N.G. Kerk lede. Wat eredienste betref, het ons die volgende: in Februarie van elke jaar ŉ Gesamentlike Oesdankfees, en op Paassondag vier ons die opstanding met ŉ Nagmaalsdiens.

4.5 SAMEVATTING VAN MESOVLAK ANALISE

Dit is duidelik dat die mesovlak net soos die makrovlak verander het. Ons praat van ŉ totaal ander konteks waarin die gemeente haar bevind. Dit is duidelik dat die gemeente positief op die verandering reageer het. Hulle het ook soms pro-aktief opgetree. Die gemeente is nie verlam deur die uitdagings nie. Dit is ook bevestig met

---

[53] Christelike Barmhartigheid. ŉ Gesamentlike bedieningsaksie van die NG Kerk (Wes-en Suid-Kaap) en VGKSA (Kaapland).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die etnografiese navorsing. Die gemeente wil deur die aanpak van projekte ŉ verskil maak in haar konteks. Die gemeente is egter nog te veel betrokke deur middel van projekte en nie self besig om altyd persoonlik grense oor te steek nie alhoewel daar ŉ aantal lidmate is wat dit ken en verstaan.

4.6 GEVOLGTREKKING: MAKROVLAK EN MESOVLAK HEKKIES

Die navorsing wentel om die volgende vraag: Wat was die moeilikste hekkie in die missionale transformasie in die Nederduits Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg en hoe is dit ontsluit? Wat was dus die hekkies, asook die hekkie-oopmakers wat na vore gekom het.

Die hekkies wat na vore gekom het, is:

- Leierskap. (Patriargale leierskap)
- Rol verwagting van die leraar

Die hekkie-oopmakers wat na vore gekom het.

- Oorsteek van grense.
- Gedeelde leierskap

Dit is vanuit die hoofstuk duidelik dat die gemeente deur die netwerksamelewing beïnvloed is. Die gemeente is onbewustelik deur al die veranderinge beïnvloed maar het, soos die afdeling oor identiteitsvorming verduidelik het, daarteen reageer. Die hekkie wat onbewustelik ŉ groot faktor was, is die identiteitskuif rondom leierskap.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5 DIE IDENTITEIT VAN DIE KERK

5.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

In hierdie hoofstuk word die volgende vraag in terme van Osmer beantwoord: Wat behoort te gebeur? Dit is die *normatiewe taak*. Hierdie vraag word beantwoord vanuit ons denke oor die Triniteit, veral oor die implikasie wat dit het vir die ekklesiologie, met besondere verwysing na verhoudings in die gemeente. Dit word gevra teen die agtergrond van die navorsingsvraag: Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasieproses in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg en hoe is dit ontsluit? Dit is duidelik vanuit die hekkies se onderlinge wisselwerking dat verhoudingsdisintegrasie plaasgevind het. Dit is ook bevestig deur verskeie gemeente analises. Hierdie hoofstuk wil dit, onder andere, aanspreek.

Die uitgangspunt van die studie is dat die kerk se identiteit begrond word in die *missio Dei* van die trinitariese God. Hierdie uitgangspunt word nie in die studie in detail bespreek nie**,** maar wel, dat die verstaan van die trinitariese God implikasies het vir die verstaan van die kerk en gemeentewees. “For the *missiones ecclesia* the *missio Dei* has important consequences” (Bosch 2007:391).

5.2 GEMEENTELIKE DEELNAME AAN DIE TRINITEIT

Ons vertrekpunt is die verhouding tussen die Drie-eenheid. Ek lig dit toe deur te verwys na die volgende skrywers.

> Barth verkies om van die drie synswyses van God te praat i.p.v. om gebruik te maak van die term: drie persone. Soos Brunner sien hy in die gebruik daarvan die gevaar van triteïsme, veral omdat sedert die 19de eeu die kenmerke van selfbewussyn en individualiteit by persoonsbegrip betrek is. Tog verwerp Barth nie die persoonsbegrip nie, maar gebruik dit in ’n ander verband. Die Drieënige God is geen onpersoonlike mag of absolute gees nie, maar Hy is Persoon. Die een persoonlike God is nie wat Hy is op slegs een wyse nie, maar Hy is dit op die wyse van die Vader, op die wyse van die Seun en op die wyse van die Heilige Gees (Durand 1976:67).
>
> This presupposes that the divinity of the one God does not precede the divine persons, but rather exists concretely as three persons (Volf 1998:202).
>
> The unity of the triune God is grounded neither in the numerically identical substance nor in the accidental intentions of persons, but rather in their mutually interior being (Volf 1989:210).
>
> By the power of their eternal love, the divine persons exist so intimately with, for, and in one another that they themselves constitute themselves in their unique, incomparable and complete union (Moltmann soos aangehaal in Volf 1998:210).

As dit die geval is, dan is God se *wees* ’n gemeenskap van drie goddelike persone. Die eenheid van die drie synswyses van God moet ons in verband bring met die leer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die *perichorese*[54], waar volgens al drie sonder verlies of wedersydse opheffing van eie selfstandigheid mekaar onderling deurdring. Die Triniteit is nie net onafhanklik nie, maar is ook onderling in verbondenheid, soos wat Johannes voortdurend na verwys (vgl. Joh. 10:38; 14:10-11; 17:21). Hierdie onderlinge intieme saambestaan word die leer van die *perichorese* genoem. Dit bepaal die karakter van beide die goddelike persone asook hulle eenheid.

Met bogenoemde in gedagte kan ons sê dat die Triniteit ŉ perfekte gemeenskap is waar niks te kort kom nie.

> Precisely because God is the perfect community, God had no need to create anything else. God creates the universe for no other motive than God's own gratuitous and unfathomable love. It is as if the three Persons said to one another: Our life is so good; why don't we create a universe where we can invite others to share it (Barry 2004:44).

In die wêreld ontmoet ons die Drie-eenheid wat ons voortdurend roep tot vriendskap en gemeenskap. Ons bestaan danksy Hom. Hy begeer ŉ verhouding met ons.

As ons dus vra na wat die implikasies vir die geestelike deelname aan die Triniteit, is ons vertrekpunt die verhoudinge tussen die goddelike persone. Verhoudings binne die gemeente moet ooreenkomstig die verhouding in die Triniteit geleef sal word. Die mens is immers geskape na die beeld en gelykenis van God (Gen. 1:26-28). Aangesien elke plaaslike gemeente die konkrete voorsmaak is van die eskatologiese gemeenskap, is dit belangrik om te verstaan, wat dit beteken om hier en nou aan ŉ gemeente te behoort. Wat verstaan ons waar is die gemeente/ kerk? Hierin help Volf ons as hy sê:

> Every congregation that assembles around the one Jesus Christ as Savoir and Lord in order to profess faith in him publicly in pluriform fashion, including through baptism and the Lord's Supper, and which is open to all churches of God and to all human beings, is a church in the full sense of the word, since Christ promised to be present in it through his Spirit as the first fruit of the gathering of the whole people of God in the eschatological reign of God (Volf 1998:158).

Die implikasie is dus dat verhoudings in die gemeente ŉ weerspieëling is van die Trinitariese verhoudings moet wees omdat Christus deur Sy Gees daar teenwoordig is. Die wêreld moet dit aan ons verhoudings kan sien. Tereg se Scott Boren (2007:19):

> If the church today is to participate in the life of the Trinity, the people of God must learn to shift from a "come and observe" approach to a "go and demonstrate" approach.

---

[54] "perichoresis" (Griekse woord vir dans) is deur die ou Griekse Kerkvaders gebruik as metafoor vir die Triniteit. Dit verwys na die Vader, Seun en Gees wat so intiem verweef is dat dit voorgestel kan word as drie persone wat dans (Peterson 2008:44).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3 HOE WORD ONS IN GEMEENSKAP MET DIE TRINITEIT GEBRING?

Wanneer ons Jesus deur die Woord ontmoet, ontmoet ons die Een wat op gestaan het, wat van die Vader uit gegaan het. Hy is die unieke openbaring van wie God is. Ons glo ook dat ons in die gemeenskap van die Triniteit gebring word deur die Heilige Gees wat in ons harte woon. Die vraag is dus: Hoe word ons in gemeenskap met die Triniteit gebring? Hoe woon die Gees in ons harte?

O'Donnell help ons wanneer hy sê dat die Heilige Gees wat van die Vader en die Seun uitgaan, die volgende doen.

> In the church the Spirit unites the person of Christ to the person of each believer. At the same time the ground of unity among members of the Mystical Body is the same spirit (O' Donnell soos aangehaal in Barry 2004:46).

O'Donnell betoog dus vir 'n persoonlike inwoning van die Heilige Gees in elke gelowige. Ons neem dus op 'n misterieuse manier deel aan die gemeenskapslewe van God deurdat ons deelneem aan die Heilige Gees wat van die Vader en die Seun uitgaan. Ons neem deel in die verhouding van liefde wat die Vader en die Seun saam bind, die Gees van God. Mense kan in die drie-enige God wees, alleen in sover as die Seun in hulle is (Joh. 17:23 en 14:20) en as die Seun in hulle is, dan ook die liefde waarmee die Vader en die Seun lief het (Joh. 17:26). Aangesien die Seun in die mens woon, deur die Gees, word die eenheid van die kerk gegrond in die inwoning van die Gees - en met die Gees ook die inwoning van die ander goddelike persone. Die Heilige Gees is "*one person in many persons*".

> It is not the mutual perichoresis of human beings, but rather the indwelling of the Spirit common to everyone that makes the church into a communion corresponding to the Trinity, a communion in which personhood and sociality are equiprimal (Volf 1998:213).

Die kerk word dus deur die inwoning van die Heilige Gees in sy lede gekonstitueer. Op grond hiervan argumenteer O'Donnell dat die kerk nie soos 'n organisasie is wat mense kies om aan te behoort nie. Ons word gekies deur Christus en die bron van ons eenheid is "the person of the Holy Spirit dwelling both in Christ and in us" (O'Donnell soos aangehaal in Barry 2004:46).

Peterson onderstreep die belangrikheid van deel wees van die gemeenskap met die Triniteit (2005:226).

> There can be no maturity in the spiritual life, no obedience in following Jesus, no wholeness in the Christian life apart from an immersion and embrace of community. I am not myself by myself. Community, not the highly vaunted individualism of our culture, is the setting in which Christ plays.

Die vraag is: Hoe word ons in gemeenskap met die Triniteit gebring? Dit is slegs deur die werking van die Gees. Barry help ons om te verstaan dat hierdie deel aan die gemeenskap van die Triniteit, nie as vanselfsprekend aanvaar kan word nie.

> We can say, then, that we participate now in the inner life of the Triune God. But we are painfully aware that we are sinners living in a sinful world. The

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> community God intends seems more a pipe dream than reality (Barry 2004:46).
>
> Getting saved is easy; becoming a community is difficult-damnably difficult (Peterson 2005: 2005).

Ons moet verstaan dat hierdie gemeenskap nie vanselfsprekend is nie, dit begin op ŉ onmoontlike plek, die graf.

> Just as Jesus' birth launches us into the creation and Jesus' death launches us into history, Jesus resurrection launches us into living in community, the holy community - the community of the resurrection. Jesus' resurrection is the kerygmatic lift-off for living in the community of the Holy Spirit (Peterson 2005:230).

Peterson gebruik die woord "kerugmaties" om die belangrike momente in Jesus te identifiseer - geboorte, dood en opstanding. Hulle is kerugmaties omdat hulle ŉ aankondiging, ŉ proklamasie is van iets wat buite ons gebeur het, maar wat die teenswoordige realiteit waarin ons nou leef, moontlik maak. Dit is krities belangrik dat ons in die realiteit sal leef en dit ons eie maak en dat ons sal besef dat die opstanding plaasgevind het en nog steeds plaasvind.

> It happens, we do not make it happen. The more we get involved in what God is doing, the less we find ourselves running things; the more we participate in God's work as revealed in Jesus, the more is done to us and the more is done through us. The more we practice resurrection the less we are on our own or by ourselves, for we find that this resurrection that is so intensely and relationally personal in the Father, Son, and Spirit at the same time plunges us into relationships with brothers and sisters we never knew we had: we are in community whether we like it or not. We do not choose to be in this community; by virtue of the resurrection of Jesus, this is the company we keep (Peterson 2005:231).

In hierdie hoofstuk is sover gepoog om die volgende vrae te beantwoord: Wat behoort in die gemeente te gebeur? Dit is beantwoord teen die agtergrond van die vraag wat na die implikasie van die gemeentelike deelname aan die Triniteit. Hoe word ons in gemeenskap gebring met die Triniteit?

Dit is duidelik vanuit die hekkies dat die gemeente in terme van die gemeente Missie nie hulle oog op God gevestig het nie. Alhoewel die missie van die gemeente profeties was, het dit nie deel van die gemeente kultuur geword nie. Die gemeente het fokus op God verloor. Die gemeente kultuur was te sterk en integrasie met die missie, kon nie plaasvind nie. Dit word ook duidelik gereflekteer in die verhoudings disintegrasie wat plaasgevind het.

> Indeed, real religion is the celebration of communion, a celebration of the community that exists and a pointer and incentive toward the community yet to be (Barry 2004:52).

Dit is baie duidelik dat die gemeente aanvanklik nie hierin kon slaag nie. Die werking van die Gees is teengestaan. Die gees van die wêreld het in terme van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geweldige verandering in die konteks, ŉ legitimeerde identiteitsgreep oor die gemeente ontwikkel.

5.4 DIE IMPLIKASIE VIR ONS AMPSBESKOUING

Ek wil vervolgens aantoon, hoe die verstaan van die Triniteit ons verhoudings bepaal in terme van ons ampsbeskouing. Ek doen dit teen die agtergrond van die ampsbeskouing in die gemeente oor die rol van die leraar. Volf sê dat die Triniteit mekaar komplementeer:

> Father, Son, and Spirit are, as Wolfhart Pannenberg formulates it, not "different modes of being of the divine subject," but rather "living realizations of separate centres of action (Volf: 1998: 215).

Die Triniteit tree dus in onderlinge gemeenskap op, bewus van en in konsensus met mekaar. Die vraag is hoe verhoudings binne die Triniteit gestruktureer is.

> The structure of trinitarian relations is characterized neither by a pyramidal dominance of the one (so Ratzinger) nor by a hierarchical bipolarity between the one and the many (so Zizioulas), but rather by a polycentric and reciprocity of the many (Volf 1998:217).

As ons hierdie trinitariese model as ŉ basis gebruik, dan kan die gemeente nie deur een persoon regeer word nie of kan sy eenheid nie in die een persoon vind nie. Om konstant Trinitaries te dink oor die strukture van die gemeente, beteken nie net dat die ampte van die kerk nie, maar ook die hele gemeente daarvolgens bepaal sal word, ook die lidmate. Die hoë priesterlike gebed van Jesus bring almal wat in hom glo, in verhouding met trinitariese God (Joh. 17:20; 1 Joh. 1:3).

Paulus argumenteer ook vanuit ŉ trinitariese denkraamwerk wanneer hy die gemeente vermaan tot eenheid (1 Kor. 12:4-6; Ef. 4:3-6). Die verskeie gawes, dienste en aktiwiteite van alle Christene kom ooreen met funksionele verskille in die eenheid van die Triniteit. Dat hierdie gawes gegee word tot voordeel van almal, 1 Kor. 12:7 korrespondeer met die goddelik eenheid, dieselfde Gees, dieselfde Here en dieselfde Vader is aktief in al die verskillende gawes. Die simmetriese wederkerigheid van die verhouding van die trinitariese persone vind sy ooreenkoms in die beeld van die kerk waarin al die lede mekaar dien met hulle spesifieke gawes in navolging van die Here en deur die krag van die Vader. Soos die goddelike persone, staan hulle almal in relasie van gee en ontvang.

Volgens die Triniteit word die eenheid gekonstitueer deur perfekte liefde, wat die natuur van God is en deur wie die goddelik persone in mekaar bestaan. In die Nuwe Testament kom die eenheid tot stand deur die inwoning van die Gees in elke persoon. Elke persoon as draer van die Gees neem deel aan die konstituering van die eenheid van die kerk. In die heersende kultuur is dit baie duidelik dat daar ŉ oordrewe klem is op die leraar, as die een wat alleen die Gees besit en gevolglik oral teenwoordig moet wees. Die ander ampte word nie as so belangrik beskou nie.

Die gemeente se ampsbeskouing word deur die heersende kultuur bepaal. Die leraar is die belangrikste persoon. Hy is eintlik die *CEO* van die maatskappy. Die gemeente se transformasieproses moes breek met die kontekstuele CEO model van leierskap. Dit het tot konflik gelei, maar die konflik was nie te vermy nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.5 OPSOMMENDE OPMERKING

In hierdie hoofstuk het ons die vraag van Osmer beantwoord. Wat behoort te gebeur? Dit is die normatiewe taak. Die gemeente se Missie was profeties. Toe die gemeentelede nie meer op God gefokus nie, het die konflik toegeneem soos wat die invloede van die makro- en meso-kontekste ŉ toenemende invloed uitgeoefen het in die gemeentelike lewe. Die gemeente het nie vanuit die Triniteit gedink en geleef nie. Wat behoort te gebeur? Dat die gemeentelike verhoudings die weerspieëling sal wees van die liefde en samewerking wat in die Triniteit bestaan.

Die Trinitariese denke help ons om te verstaan dat daar nie ŉ hiërargie in die gemeente en tussen gelowiges aanwesig is nie. Dit gaan nie oor predikant, ouderling en diaken wat in ŉ rangorde van belangrikheid is nie. Ons is saam met die gemeente almal gelyk. In leierskap gaan dit dus oor ŉ gedeelde leierskap.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6 HOE GAAN DIE GEMEENTE VOORT?

6.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

In hierdie hoofstuk beantwoord ons die vierde vraag van Osmer: Hoe behoort ons te reageer? Dit is die pragmatiese taak. Hier gaan dit oor die strategieë en aksies wat die huidige situasie gaan beïnvloed. Dit sal ons ook in staat stel om die nuwe kultuur van ŉ Gestuurde gemeente wat ontstaan, te versterk. Hierdie vraag, asook die strategieë en aksies word ingeklee deur die hermeneutiese lens van die *missio Dei* en die Triniteit. Ons het in die vorige hoofstuk aangetoon dat ons deelneem aan die lewe van die *missio Dei* en die Triniteit. Die vraag van Osmer wil ons dus in staat stel om in samewerking met die ander drie vrae te onderskei wat God se wil in die situasie is. Hoe behoort die gemeente te reageer? Hendriks noem dit "a critical correlational hermeneutic" (Hendriks 2004: 24).

Die hermeneutiese lens van die *missio Dei* en die Triniteit help ons om die volgende vrae in die vorming van die nuwe kultuur te bly vra:

- Waar is die lewende God werksaam?
- Waar en hoe is die Drie-enige besig om Sy koninkryk te laat kom?
- Hoe gaan die gemeente medewerkers word van die koninkryk?
- Hoe gaan ons in God se ritme leef?
- Waar is tekens van ŉ nuwe gemeenskap?
- Waar word daar uitgereik na die wêreld?

Die belangrikste strategie en aksie is om die gemeente te begelei in die beoefening van geloofsonderskeiding. Die doel van die hoofstuk is om geloofonderskeiding deel van die gemeente kultuur te maak en om die struikelblokke (of hekkies) wat dit probeer verhoed te verstaan en te laat oopmaak.

Die navorsingsvraag maak ons telkens bewus van die struikelblokke en weerstand. Die hekkies is nog steeds daar wanneer ons kyk na die strategieë en aksies wat die gestuurde kultuur wil bevorder. Dit is belangrik dat die gemeente nie weer sal terugval in die ou patrone of in nuwe tendense wat die fokus van God na iets anders verskuif nie. Die vertroue is dat as ons op God bly fokus en in gehoorsaamheid aansluit by die *missio Dei,* ons op Sy weë sal bly. Dit is daarom belangrik om die hekkie-oopmakers in spel te bring aangesien hulle met die verloop van die tyd gefunksioneer het as veranderings-skakelaars. Die navorsingsvraag is: Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasieproses in die Nederduitse. Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg en hoe word dit oorbrug?

Ek gee ŉ samevatting van die hekkies. Eerstens is dit belangrik om te sê dat ŉ besigheidsmodel nie die vertrekpunt van die kerk is nie. Tweedens moet die leierskap van die gemeente begryp dat wesentlike aspekte van die werk van die Here nie wegbestuur of gedelegeer kan word nie. Christus se voorbeeld moet voor oë gehou word, dit gaan om dienende leierskap. Wanneer geloofsonderskeidend geleef word beteken dit juis dat wêreldse mag nie in die proses mag opereer nie. Alle mag behoort aan Hom. Die belangrikste wat egter as derde punt na vore gekom het, is dat verhoudingsvervlakking plaasgevind het. Dit is belangrik om dit in ag te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

neem wanneer ons praat oor geloofsonderskeiding en wanneer ons die uitdagings vorentoe wil aanspreek.

6.2 WAT IS GELOOFSONDERSKEIDING

> Geloofsonderskeiding is daarom ŉ geloofsgewoonte of ŉ manier van dink. Telkens wanneer ons oor sake nadink, die Woord lees met die doel om so weer op Christus se spoor te kom, kies ons om die kruis konkreet te maak in ons lewe (Marais 2007:35).

In terme van die eerste punt oor die samevatting van die hekkies, sal die strategieë en aksies moet wees om die gemeente se denke gedurig uit te daag, om in terme van die Gods-vrae op God se agenda, op God se spoor te bly. In terme van die tweede punt, moet die leierskap toegerus word om dienende leiers na die voorbeeld van Christus te wees.

Ek wil verder die klem plaas op die derde punt van die samevatting van die hekkies. Verhoudingsvervlakking en die implikasie wat dit het vir geloofsonderskeiding moet hanteer word juis omdat ons werkskonteks so gejaag is. *My erv*aring as navorser is dat verhoudings in ŉ klein gemeente baie kompleks is. Ons kan nie in ŉ klein gemeente sonder meer geloofsonderskeiding toepas nie. Ek wil graag hierdie aspek volledig bespreek aangesien dit ons kan help om geloofsonderskeiding, nie net as ŉ nuwe program te implementeer nie, maar te integreer as deel van die gemeentekultuur om sodoende die verandering volhoubaar te maak.

Ons sal moet nadink, oor hoe ŉ geloofsgemeenskap in die kerk tot stand kom. Die vrae waaroor nagedink behoort te word, is:

- Wat is die struikelblokke en weerstand wat ons ervaar teen God se bedoeling dat ons in geloofsgemeenskap moet lewe?
- Kan die geloofsgemeenskap net veronderstel word?
- Hoe word ŉ geloofsgemeenskap in stand gehou?
- Wat is die uitdaging vir die geloofsgemeenskap?
- Wat is die verskil tussen die geloofsgemeenskap en die samelewing waarbinne die gemeente haar bevind?

Hendriks (2004:30) se definisie in die verband is belangrik.

> Discernment is a proses in which the faith community depends on the Holy Spirit's initiative to lead the community to discover God's will in order to participate in God's missionale praxis.

Die definisie help ons om te verstaan dat die Heilige Gees ŉ geloofsgemeenskap lei. Die vraag is: Hoe word ŉ geloofsgemeenskap gevorm en watter impak het dit op die beoefening van geloofsonderskeiding? Hoe word die geloofsgemeenskap gelei deur die Gees? Ek wil dit vervolgens bespreek.

6.3 DIE PROBLEEM VAN ŉ GELOOFSGEMEENSKAP

In ŉ klein gemeente is die eerste vraag: Hoe leef lidmate saam? Hoe vorm hulle ŉ gemeenskap? Kan ons dit maar net aanvaar as ŉ gegewe? Macmurray (soos aangehaal in Barry 2004: 47vv) help ons om op ŉ dieper vlak hieroor te reflekteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek gaan vervolgens Barry se standpunte en sy bespreking van Macmurray se standpunte toepas vir die implementering van die strategieë en aksies asook hulle verstaan vir die totstandkoming van ʼn geloofsgemeenskap. Macmurray toon aan dat verhoudings nie ʼn saak van feite is nie, maar ʼn saak van intensie; dit is die aksie van die persoon betrokke. Hierdie aksies wat verhoudings konstitueer, is gemotiveer. Hy toon aan dat die oorspronklike menslike motivering ʼn positiewe en ʼn negatiewe pool het, wat hy as liefde en vrees identifiseer. Dit is persoonlike motiewe, aangesien die gedrag wat hulle motiveer, slegs beantwoord kan word deur die reaksie van ander persone. Liefde is vir die ander; dit beweeg jou om te sorg vir die ander. Vrees is vir die self; dit beweeg jou om die ander te forseer om op jou behoeftes te reageer.

Macmurray verduidelik dat menslike motivering van liefde en vrees vanuit die verhouding tussen ʼn baba en moeder ontwikkel. Barry sê dat die bipolêre motivering die grondslag vorm van alle persoonlike ontwikkeling. Hy sê: “Ideally fear is subordinated to love so that prevailing motivation of the person is heterocentric, love centered on the other” (Barry 2004:48).

Macmurray help ons om te verstaan dat mense mekaar nodig het om te bestaan en te ontwikkel. Ons het mekaar nodig om die persoon te wees wat ek kan wees. Hy help ons om te verstaan dat hierdie verhoudinge nie ʼn gegewe is nie. Dit word gemotiveer deur die persone wat betrokke is. As ons na die hekkies kyk, word die feit dat verhouding gemotiveerd is deur die individu, totaal geïgnoreer. Nêrens is sprake van konstruktiewe verhoudingsbou nie. Die enigste werklike verhoudingsbou het plaasgevind tydens kerkraadskampe. Daarom was die kampe deel van die hekkie-oopmakers. Lidmate het hier ʼn ander kultuur ervaar as in die gemeente. Die oorheersende kultuur in die gemeente was nie een van verhoudingsbou nie. In terme van die hekkie van verhoudingsvervlakking het kliekvorming plaasgevind; daar was en is kompetisie tussen mekaar. Verhoudings word as negatief beskryf. Lidmate maak nie oop teenoor mekaar nie. Hierdie is die redes hoekom vrees, eerder as liefde in die gemeente geld.

Vrees vir jouself kan so ʼn oorheersende motief word, sê Barry, (Barry 2004: 73) dat die gedrag wat gemotiveer word, oorheersend verdedigend en egoïsties is. Ek sien myself alleen in die wêreld en wil myself beskerm deur my eie denke. As my hart beheer word deur vrees vir myself, word ek gelei deur die illusie dat niemand my lief het en dat my verlossing van myself kom. Barry sê (2004:48) dat elkeen van ons vrese vir onsself huisves wat nie geïntegreerd is in ons positiewe motivering teenoor hulle vir wie ons lief is nie. As persone gekonstitueer word deur hulle wedersydse verhoudings kan enige bedreiging van daardie verhouding ʼn bedreiging wees vir die persoon se hele wese. Dit word versterk deur die werksituasie waar mense nou saamwerk maar in hiërargiese verbande. Barry toon aan dat as die verhouding bedreig word, kan die persoon deur al die fase van sterfproses gaan soos deur Kübler-Ross beskryf.[55] Dit is juis die ervaring dat lidmate mekaar baie seer maak en dat die emosie soos deur Kübler-Ross beskryf ervaar word. Hierdie emosies word gewoonlik nie hanteer nie. Dit word stil gehou, selfs oor geslagte heen. Die leraar

[55] Kübler-Ross skryf oor die verskillende fases wat ʼn persoon beleef as jy iemand aan die dood afstaan. Sy noem die volgende fases: First Stage: Denail and Isolation, Second Stage: Anger, Third Stage, Bargaining, Fourth Stage: Depression and the Fifth Stage: Acceptannce (Kübler- Ross 1973) Barry pas dit toe op verhoudings tussen mense.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word net ingeroep as dit nodig is. Vanweë die gemeente grote is hy slegs die Kapelaan.

Ons raak al hoe meer bewus daarvan dat ons as gemeente, nie as ʼn gemeenskap van gelowiges leef nie. Ons het net aanvaar ons is ʼn gemeenskap. Ons raak bewus van ons eie gebrokenheid en die invloed wat die hekkies op die gemeente uitoefen om nie as ʼn geloofsgemeenskap saam te leef nie. Dit is die probleem. Ons is tereg soos Barry sê: "... are pale images of God who, nonetheless, have the capacity to subordinate fear to love because of the Holy Spirit who dwells in our hearts" (Barry 2004:48).

Hoe help ons lidmate om uit liefde, eerder as vrees te leef? Vrees is die skuldige wat ons uit ritme haal aangesien vrees verdedigende denke en aksies motiveer. 1 Johannes help ons om te verstaan dat die volmaakte liefde die vrees verdryf. Ons vrede is daarin geleë dat ons strewe om die perfekte liefde te bereik - of in daardie rigting beweeg. Die vreugde van elke individu is om hom/haarself te belyn met die wil van God. "In the ideal order, then, my desire as a Christian is to have all my actions in tune with the one action of God that intends a world community of perfect love (Barry 2004:73).

Wat sal ons strategie wees om lidmate op persoonlike vlak te help om volgens God se ritme te leef? Om eerder die liefde as die vrees uit te leef? Ignatius help ons in die verband. In die eerste reël van onderskeiding, stel Ignatius in sy "Rules for Discerning the Spirits" in die Spiritual Exercises (soos aangehaal deur Barry 2004:77) ʼn metode voor wat ons motiewe en gevoelens in ritme kan bring met die een aksie van God. Hy gee ʼn raamwerk van die verskillende geeste wat ons beweeg, afhangende van die algemene rigting van ons lewe. Tot die mate wat ek uit ritme is met die een aksie van God sal ek myself ervaar as vyandig, ongelukkig en onbevredig. Ek sal nie my gevoel van onbehaaglikheid verstaan nie en sal dan moontlike verspeelde geleenthede blameer, die slegte wil van ander of selfs ʼn omgekrapte maag! Ek kan soek na verskillende pynstillende middels. Ek mag verligting soek in my werk, in verhoudings, in ʼn verbintenis tot ʼn groter doel, in alkohol, in middels. Nie een van bogenoemde sal my bevredig nie want wat ek regtig begeer is om in ʼn gemeenskap te lewe, sonder vrees. Hierdie onbehaaglike gevoel noem Ignatius die aksie van die "*good spirit*" en dit is die eerste reël van onderskeiding.

Dit verklaar hoekom mense onbehaaglik is. Die feit dat mense hulle lewe laat domineer deur die hekkies, is juis dat mense nie vry, gelukkig en vervuld is nie. Dit is so dat die druk op die landbou om oorlewing mense gejaagd maak. Die feit dat dit ʼn voorspoedige gemeenskap is, bevestig die klem op materialisme. Lidmate het fokus verloor. God word nie sentraal gestel nie. Wat maak dit alles aanleiding gee tot verhoudingsvervlakking en die daaropvolgende vrees.

> In the case of those who go from one mortal sin to another, the enemy is ordinarily accustomed to propose apparent pleasures. He fills their imagination with sensual delights and gratifications, the more readily to keep them in their vices and increase the number of their sin. With such persons the good spirit uses a method which is the reverse of the above. Making use of the light of reason, he will rouse the sting of conscience and fill them with remorse (Spiritual Exercise soos aangehaal in Barry 2004:77).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

As ek uit ritme is met die een aksie van God, wanneer ek uit vrees optree vir myself eerder as uit liefde vir ander, ervaar ek die aksie van God as ŉ rasper vir my siel. Godsdiens kan dan as baie negatief beleef word.

Die *tweede reël* in die onderskeiding van geeste in "Spiritual Exercises" praat van "of those who go on earnestly striving to cleanse their souls from sin and who seek to rise in the service of God our Lord to greater perfection" (*Spiritual Exercise* soos aangehaal in Barry 2004:78).

Om in ritme te wees met God se aksies is om vry gelukkig en vervuld te wees te midde van ŉ wêreld van hartseer en pyn. Om in ritme met God te wees beskryf Anne Morrow Lindbergh (soos aangehaal in Barry 2004: 79) as ŉ goeie verhouding tot ŉ dans. Hierdie beskrywing van ŉ goeie verhouding pas ons ervaring met God wanneer ons in ritme is met God se eie intensie, wanneer ons sover moontlik lewe as broers en susters in die Here. Die beskrywing van ŉ onhandige danser beskryf ons optrede wanneer ons nie in ritme is met God se bedoelings nie.

God wil ons nie vir sy eie doel gebruik nie.

> Rather, if we were able to be perfectly attuned to God's one action, we would be perfectly happy and would also be co-creators of this one action which intends a community of lovers. To the extent that we are in tune, to that extent we are happy and fulfilled and co-creators of that community (Barry 2004:80).

Barry help ons om te verstaan dat innerlike harmonie is noodsaaklik om God se wil te onderskei. Hoe kom lidmate tot innerlike harmonie? Barry (2004:81-82) help ons:

> Thus, the best criterion by which to discern God's action in one's life is the sense of developing inner and outer harmony, a growing sense of one's own self as distinct from and independent of, yet related to, important other people, one's world, one's God.

Barry help ons om te verstaan dat innerlike harmonie noodsaaklik is om God se wil te onderskei. Hoe kom lidmate tot innerlike harmonie? Lidmate sal begelei moet word in stilte. Lidmate sal toegerus moet om op persoonlik vlak geloofsonderskeidende vrae te vra. Waarmee is God tans besig in my lewe? Hoe werk God ook deur ontwrigting, veral ook ontwrigte verhoudings? Hoe help ons lidmate om deur die Gees, wat in hulle woon, te leef in God se ritme? Waar is God besig om my te rasper? Lidmate moet oop wees vir die werking van die Gees in hulle lewe. Hoe word sonde oorwin?

Die rol van die sigbaarheid van die leraar in die klein gemeentes is dus nie op sigbaarheid as sodanig nie, maar is om lidmate te begelei in geloofsonderskeidende vrae, wat ek Godsgesprekke noem. Ons moet lidmate begelei om ŉ ander ervaring van God te kry. Dus as lidmate uit liefde vir mekaar kan leef, eerder as vrees, sal die gemeenskap gebou word.

6.4 HOE LEEF ONS SAAM AS GELOOFSGEMEENSKAP

Die vorige bespreking was meer op persoonlike vlak, wat uit die aard van die saak ŉ invloed het op die gemeenskap van gelowiges. Die vraag help ons om dieper na te dink oor hoe leef ŉ gemeente saam as ŉ geloofsgemeenskap. Barry sê (Barry

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2004:51) dat dit nie saak maak wat mense se motivering is nie, mense het mekaar nodig om te bestaan en te ontwikkel. Mense moet dus maniere vind om saam te leef en te werk. As vrees die motivering is, moet mense maniere vind wat hulle beskerm teen die vrees. As die heersende gesindheid *onderdanigheid* is, sal die samelewing sonder om mense te dwing, maniere ontwikkel wat sê: goeie vorm, die manier hoe ons dinge doen, word die norm van ons gedrag. As die heersende gesindheid *aggressie* is, moet die gemeenskap maniere uitwerk wat die regte van almal beskerm, sodat mag nie uit beheer raak nie. Die wet is die manier en gehoorsaamheid aan die wet word die norm van die gedrag.

Macmurray (soos aangehaal in Barry 2004:51-52) noem hierdie twee vorme van assosiasie *samelewing.* Hy sê dat ʼn samelewing , wie se lede saam werk, sonder dat hulle vriendskappe vorm, kan alleen gekonstitueer word deur ʼn gemeenskaplike doel. Hulle werk saam, om ʼn gemeenskaplike doel te bereik, wat elkeen van hulle vir sy eie belang begeer om te bereik en wat alleen bereik kan word deur samewerking. Die verhouding van die lede is funksioneel, elkeen speel ʼn belangrike rol in die bereiking van die gemeenskaplike doel. Die gemeenskap is ʼn organisasie van funksies en elke lid is ʼn funksie van die groep.

Macmurray, soos aangehaal deur Barry, (Barry 2004:52) reserveer die woord *gemeenskap* waar die heersende gesindheid heterosentries is. Dit kan nie in funksionele terme, of in verhouding tot ʼn gemeenskaplike doel gedefinieer word nie. Dit kan nie gekonstitueer word of in stand gehou word deur ʼn organisasie nie, maar alleen deur die motiewe, wat die persoonlike verhouding van die lede volhoubaar laat wees. Dit word in stand gehou deur wedersydse liefde. Gemeenskap beteken dus vriendskap, die primêre verbinding is wedersydse liefde vir sy lede. Dit is die gemeenskap waarna almal smag, ons wil sonder vrees lewe, of dat ons vrees geïntegreer en ondergeskik is aan liefde.

Die fokus in die gemeente was juis dat die *samelewing* van die Koue Bokkeveld en dan bedoel ek die blanke samelewing, gelyk gestel is met die *gemeenskap* van die kerk. Die kultuur van die samelewing en dan bedoel ek die werkplek waar lidmate saam werk en woon, is ingedra in die kerk. Die een gemeenskaplike doel waarvoor gewerk word is produktiwiteit, met die uitsluitlike doel om groter wins te maak. Dit het materialisme bevorder. Wat duidelik aansluit by die hekkies van materialisme en onafhanklikheid. Dit is verder versterk deur die feit dat sterk leiers in die samelewing ook gesien is, as sterk leiers in die gemeenskap. Dit is ook een van die redes waarom die besigheidsmodel so belangrik was. Aan die begin jare van die navorser se bediening in die gemeente, is juis verwys na die feit, as daar nie veel grondeienaars in die leierskap is nie, is verwys na: O dit is ʼn “ ligte ” span. Soos wat die proses in die gemeente ontwikkel het, het dit onhoudbaar geword. Die leemte na geestelike leiers het al duideliker geword. Dit bevestig die hekkie: Gebrek aan geestelike leiers.

Barry (Barry 2004:55) sê dat die probleem is eerder dat ʼn groepering van Christene, nie ʼn voldoende gemeenskap is nie. Hulle tree op volgens energie dinamika en is uitgeput omdat vrees vir mekaar eerder as liefde vir mekaar heers. Die groep se interaksie word bepaal deur ooreenkoms, wet of beide. As dit per ooreenkoms is, is dit soos ʼn Engelse klub, “good form” is die norm. As dit die wet is, is die letter van die wet of wat mense van ons dink veel belangriker as ons besorgdheid oor ons

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

broer of suster in nood. As beide funksioneer maak dit energie los. Hulle beheer die vrees wat mense vir mekaar het en laat die funksionering glad verloop, sodat individue hulle werk kan doen. Die vraag kan met reg gevra word wat is die doel van die werk? As die individue in ŉ "gemeenskap" mekaar meer vrees as lief het, kan te reg gevra word of hulle nie juis in ŉ posisie is waar dit die geval is, dat die een blinde die ander blinde lei in hulle "apostoliese" werk?

Dit is so waar van die gemeentelike lewe. Mense verloor energie omdat hulle mekaar eerder vrees as liefhet. Dit is die een van die redes hoekom mense onttrek uit die gemeente. Hulle wil hulle " energie " terugkry. Dit is hoekom leiers moeg word, hulle verdwyn in baie gevalle. Lidmate tree ook gevolglik op volgens die regte manier. Alles word dan ook in styl aangepak. Hulle tree op volgens die goeie vorm. Dit is reg om so op te tree. Lidmate tree juis op wat ander van my dink. Wat is my aansien in die gemeente en gemeenskap. Die wet reël alles. Daar is nie sprake van ware gemeenskap nie. Tereg sê Barry

> "Indeed, an honest look at most of what passes for Christian "community" would force us to admit that, in Macmurray's terms, they are not communities, but societies, where "good form" or law rule behaviour. We need to bend every effort to create the conditions that make real community possible"(Barry 2004:56).

As ons na die hekkies kyk word dit duidelik, dat die aardse lewe problematies en beduiwel is deur die sonde en is ek nie van selfsprekend in ritme met God se aksie van liefde nie. Ek vind myself verskeur tussen vrees en liefde, tussen die begeerte vir eenheid en die verskrikking daarvan. Ons leef in ŉ wêreld van botsende begeertes, botsende groepe, van botsende aanspraak.

Ons wil juis in *gemeenskap* leef, maar ons kan dit nie op ons eie doen nie. Net godsdiens kan dit oplos.

> Christianity, for one, offers a solution: belief in a God who is the perfect community, who invites each of us into that community, and whose Spirit dwells in our hearts, enables us to cast out our fears and love one another. Because God wants and enables community, it can and does exist; the human desire for community is not chimerical, because God is love. Wherever real religion exists, the thrust towards community in Macmurray's sense also exists. Indeed, real religion is the celebration of communion, a celebration of the community that exists and a pointer and incentive towards the community yet to be (Barry 2004:52).

Vir die Christen gemeenskap, is hulle primêre motivering vir hulle saam wees, dus hulle vriendskap in die Here en hulle begeerte om daardie gemeenskap te vier. Natuurlik, omdat hulle mekaar liefhet en omdat hierdie liefde van ŉ uitgaande aard is, kan hulle besluit om uit te reik. Die gom wat hulle aan mekaar hou, is hulle sorg vir mekaar in die Here. En die gom is die inwonende Gees.

Barry se dat gemeenskappe het soos huwelike en vriendskappe aandag en werk nodig.

> Any community is an endangered species and, therefore. Needs. tending. The opportunities for celebration, sharing, and reconciliation strengthen the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> motivation of love and help exorcise fears and overcome resentment (Barry 2004:53).

As ons na die hekkie-oopmakers kyk, sien ons al reeds momente in die kultuur wat die gemeenskap uitbou. Die hekkie-oopmaker: Liturgiese vernuwing is al tot ŉ mate gevestig in die gemeente, met die klem op Lofprysing en Aanbiddingliedere. Die deel van Godstories. Die hekkie-oopmaker van Fasilitering, die hantering van konflik, is al ŉ begin om lidmate te help om konflik te hanteer). Die strategie sal dus wees om hierdie hekkie-oopmakers verder uit te bou, om ŉ omgewing te skep waarin die gemeenskap van gelowiges kan groei.

Die gevaar is egter, dat mense net vrede wil hê. Dat almal gelukkig moet wees. Die gevaar is dat jy na binne gerig leef. Die Triniteit is die beste manier om die ideaal van menslike gemeenskap te verstaan.

> The three Persons in God are perfectly happy with one another; they are the perfect community, where nothing but their mutual relations to one another distinguish them. Yet they freely decide to include in their interpersonal life a universe of creatures. Obviously, their love is not governed by energy dynamics. But that love is poured out into our hearts. So if that love subordinates our fears and enables community to be, it is, of its nature, inclusive, not exclusive. Where real community exists, we should expect to see it as outgoing, rather than narcissistic (Barry 2004:54 en 55).

Die hermeneutiese lens van die Triniteit sal dus die gemeenskap help om nie na binne te leef nie, maar gefokus te wees op God se sending na die wêreld. Die vraag is dus: Hoe kan die gemeente in ritme gebring word, met die een aksie van God? Hoe kan ons in gemeenskap met mekaar lewe? As die gemeente haar aksies en bedoelinge in ritme wil bring met God se een aksie en bedoeling, dan moet die gemeente haar dissiplineer om te hoor wat God se bedoeling is. Dit is die punt waar geloofsgewoontes ter sprake kom.

6.5 DIE BEOEFENING VAN DIE GELOOFSGEWOONTES

Die werklikheid van God, sy aktiewe deelname in hierdie wêreld as die trinitariese God, moet ernstig geneem word. Hy moet ons lewe en daarmee saam die gemeente se lewe kan transformeer.

> More and more people need to believe that the power of love, the drive towards making the one community of all people that God intends, is greater than the powers of this world that seem hell-bent on thwarting the action of God. Perhaps the greatest sin of our day is not to believe in God's power, the power of love, the power of the Holy Spirit who dwells in our hearts (Barry 2004:87).

> It must show how the ordinary individuals who make up the human race today become, through the grace of Christ, a love-filled, effective, and powerful community (Willard 1988:pix).

Die Heilige Gees wat in ons harte woon, sê Barry, is soos ŉ stemvurk wat die musiek instel op die musiek van God se ritme. Ons kan in die ritme kom van die een aksie van God, deur meer en meer bewus te word van die ritme wat deur die Heilige Gees

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in ons harte gespeel word. Individueel kan ons, ons aksies op die toonhoogte bring en deur ons ervarings met mekaar te deel, kan ons meer en meer in ritme kom met die musiek van die een aksie van God. Deur ons ervarings met mekaar te deel, word ons kerk in die beste sin van die woord, ŉ teken van die teenwoordigheid van die Drie-enige God in ons midde.

In stemming met God kom nie maklik nie, individueel sowel as gemeenskaplik. Die geloofsgewoontes is absoluut belangrik. Die wanklanke in die wêreld is so hard en luid dat dit die musiek van God in ons harte wil versmoor. Geloofsgewoontes wil vir ons aantoon dat daar ŉ weg van geestelike transformasie is wat toeganklik is vir elke mens en dat dit in die hedendaagse wêreld werk. Die gees van die gewoontes, is die weg van Jesus, wat hierdie pad voor ons geloop het en ons uitnooi om Hom te volg. Die pad begin ongeag waar ons is en net soos ons is. Ons kry insig in hoe en waarom ons hierdie pad loop en ontvang krag vêr bo onsself soos ons die eenvoudige stap neem om te lewe vir die koninkryk.

Politieke en sosiale transformasie, sê Willard(1988 viii) het nie daarin geslaag om die donkerte van die mens se hart te transformeer nie. Te midde van ŉ menigte tegnieke van self-vervulling is daar ŉ epidemie van depressie, selfmoord, persoonlike leegheid, ŉ verslaafdheid aan middels, kultiese obsessie, verbruikersmentaliteit, seks en geweld - en dit word gekombineer met ŉ onvermoë om diep en blywende persoonlike verhoudinge in stand te hou. Dit kom ooreen met wat ons op mikrovlak ervaar. Lidmate het ŉ onvermoë, om diep en blywende persoonlike verhoudings in stand te hou. Dit was reeds duidelik tydens die voorafgaande bespreking. Die probleem waarmee ons sit is ŉ geestelike probleem en ons moet dit ook so hanteer, sê Willard.

As die oplossing geestelik is, waar pas moderne Christendom in die antwoord in? Nie baie goed nie, sê Willard(1988:xiii) aangesien dit blyk dat daar Christene is wat vasgevang is in die epidemie waarna ons so pas verwys het. Die hekkies herinner ons juis op mikrovlak aan die gebrokenheid waarin ons lewe en dat ons vasgevang is. Dit is juis een van klagtes wat mens hoor van buitestanders of vorige lidmate: “Hulle leef nie geloofwaardig nie.” Hierdie feit is so prominent dat moderne denke tot die gevolgtrekking gekom het dat Christelike geloof kragteloos is, selfs verouderd en self irrelevant. Dallas Willard(1988:ix) noem dat die Christendom kan slegs slaag as ŉ gids vir die mens as dit twee ding doen. Eerstens moet die behoefte vir menslike transformasie ernstig geneem word soos die moderne revolusionêre bewegings dit doen. Die moderne negatiewe kritiek teen die Christendom kom in die eerste plek omdat die kerk nie getrou was aan sy eie boodskap nie - die kerk het nie daarin geslaag om menslike transformasie ernstig te neem as ŉ werklike praktiese saak, waarmee in realistiese terme gedeel word nie. Tweedens sal die kerk duidelike en realistiese metodes vir menslike transformasie daarstel.

Ons kan soos Christus word deur een ding te doen en dit is deur hom te volg - deur Hom te volg in die lewenstyl wat Hy vir homself gekies het. As ons geloof in die Here het, moet ons glo dat hy geweet het hoe om te lewe. Ons kan deur geloof en genade, soos Christus word, deur deel te neem aan die aktiwiteite waarin Hy betrokke was, deur ons lewe in te rig rondom die aktiwiteite wat Hy self beoefen het, ten einde in voortdurende gemeenskap met die Vader te wees. Watter aktiwiteite het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jesus beoefen? Afsondering en stilte, gebed, eenvoudige lewe, ŉ intense studie en meditasie van die Woord en ŉ diens aan ander (Willard1988: ix).

Om die doel van dissiplines vir ons geestelike lewe te verstaan, is dit belangrik om daarop te let dat Jesus die meester was van die geestelike lewe.

> He showed us that spiritual strength is not manifested by great and extensive practice of the spiritual disciplines, but by little need to practice them and still maintain full spiritual life. To have misunderstood this point was the fundamental and devastating error of Christian asceticism in the Western church from the desert fathers up to the Reformation (Willard 1988:137-138).

Wanneer ons op Jesus fokus, verloor ons nie perspektief op die belangrike saak dat die gewoontes nie waarde in hulleself het nie. Die doel is eerder die volle ervaring van God se liefde en menslikheid in die daaglikse lewe waar ons geplaas is. Die geestelik volwasse persoon is nie betrokke in ŉ klomp dissiplines nie. Mense wat dink hulle is geestelik meerderwaardig, omdat hulle geestelike dissiplines beoefen, mis die punt

> The need for extensive practice of a given discipline is an indication of our weakness, not our strength. We can even lay it down as a rule of thumb that if it is easy for us to engage in a certain discipline, we probably don't need to practice it. The disciplines we need to practice are precisely the ones we are *not* "good at" and hence do not enjoy (Willard 1988:138).

Wanneer ons verstaan dat genade (*charis*) ŉ gawe (*charisma)* is, verstaan ons dat om in genade te groei is om te groei in wat God vir ons gegee het. Dissiplines is spesifiek belangrik vir die genade en die gawes. Dissiplines is aktiwiteite wat ons in staat stel om meer van Sy lewe en krag te ontvang, sonder om onsself en ander te beseer(Willard 1988:156)

6.6 OPSOMMENDE OPMERKINGS

Die feit dat ons strategieë en aksies beplan deur die hermeneutiese lens van die Triniteit en die *missio Dei* maak ons eerstens daarvan bewus dat om God se wil te ontdek vir die gemeente ŉ immer onafgehandelde saak is. Dit is die fokus op God en nie ons prosesse wat ons in staat stel om onderskeidend te leef. Dit moet die kultuur in die gemeente bepaal in die wete dat die hekkies, oud en nuut, altyd daar sal wees.

Die belangrikste wat in die hoofstuk na vore gekom het, is dat geloofsonderskeiding nie kan gebeur as daar nie konstruktief aandag gegee word aan die bou van gemeenskap op individuele, sowel as op gemeentelike vlak nie. Die onderskeid tussen samelewing en gemeenskap is in die verband wesenlik.

Lidmate en gemeente moet leer om in God se ritme te leef, onder beheer van die Gees. Die beoefening van geloofsgewoontes in die verband is belangrik. Die gewoontes help ons om God se stem te hoor, sodat ons kan aansluit by die *missio Dei.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7 SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk beantwoord ek die navorsingsvraag opsommend. Wat was die moeilikste hekkies in die missionale transformasieproses in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Op-die-Berg en hoe is dit ontsluit? Die vraag is geformuleer nadat daar spanning is die gemeente ontstaan het oor die rol en taak van die leraar. Dit het sover gegaan dat van die grondeienaars vir die leraar ŉ pakket wou aanbied. Toe hierdie aksie rugbaar word, was die gemeentelede, die met nie-gevestigde belange, ontsteld. Die konflik het toegeneem maar kon deur fasilitering opgelos word.

Die doel van die studie was om die gemeente uit te daag om nie institusioneel en selfgerig te bly fokus nie, maar om ŉ onderskeidingsproses te inisieer wat vra na God se wil en agenda (*missio Dei).* Die navorsing wou kyk hoe mense dit beleef. As mense dit beter kan verstaan, kan jy dit ook beter bestuur. As jy dit beter verstaan, kan jy die konflik wat in die toekoms weer mag ontstaan, beter hanteer. Die navorsing het daarom juis gebruik gemaak van Osmer se praktiese teologies werkswyse. Die vrae help om die gemeente te begelei in hulle reaksie op die situasie.

In Hoofstuk 2 en 3 is aandag gegee aan die deskriptiewe-empiriese taak van Osmer. Die volgende vraag is beantwoord: Wat is aan die gebeur? Die vraag is beantwoord deur ŉ studie te maak van die identiteit en kultuur van die gemeente. Deur na die beskrywing van die gemeente te luister, kon die hekkies wat in die gemeente ontstaan, duidelik afgelei word. Dit het al hoe meer duidelik geword dat die gemeente se konteks en storie haar geloofslewe beïnvloed het. Dit is getrianguleer met etnografiese navorsing. Die onderskeie hekkies, maar veral die hekkie-oopmaker is bevestig deur die navorsing.

Dit is baie duidelik in die hoofstukke dat hier eintlik ŉ stryd besig is om af te speel. Die stryd gaan oor die uitdaging wat gerig word tot lidmate se kerkbegrip. Die gemeente se kerkbegrip is aan die een kant bepaal deur die Christendom tyd. Die herder-kudde wat deel is van die Christendom tyd, is geïnterpreteer deur die lens van die besigheidsmodel wat aan die orde van die dag is. Die finansiële voorspoed het juis die denke in stand gehou asook ŉ bepaalde leierskapstyl, (van ons laat dit gebeur).

Die stryd is gekompliseer deur pogings om die gemeente te beïnvloed om charismaties te word. Die besluit deur die kerkraad in 1999 dat die gemeente binne die Gereformeerde beginsels sal transformeer het die veld begin gelykmaak. Enkele lidmate het hulle onttrek. Dit het egter opgevlam, in 2008, toe vyf gesinne bedank het en aangesluit het by Shofar kerk in Ceres. Dit het daartoe gelei dat lidmate opnuut eienaarskap vir die gemeente aanvaar het.

Aan die ander kant is daar die hekkie-oopmakers wat stelselmatig hekkies oopgemaak het. Die oopmakers het telkens die Missie van die gemeente gekonkretiseer. Terugskouend is dit ongelooflik hoe dat die Heilige Gees in beheer was van die proses; hoe die Gees sekere sake bevestig het en ook die gemeente deur ontwrigting laat groei het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Konflik was dus onafwendbaar. Gegewe die insidente van konflik wat ontstaan het met die STB proses waartydens sommige kommissielede van ander fasilitering gebruik wou maak, die gesprekke met die lidmate wat die gemeente wou druk, met sprekers uit ŉ charismatiese rigting, gegewe die navorser se gesprek met die kerkraad in 1996, moes die konflik op een of ander stadium in die oë gekyk word, veral oor die druk wat opgebou het oor die hekkie-oopmakers.

Die grondeienaars (patriarge) se ingrepe was bedoel om die saak af te handel soos dit in die besigheid gedoen word. Die gemeente moes reggeruk word. Hulle wou egter binne dieselfde paradigma bly vernuwe. Sommige het gesê dat die leraar te lank hier is. Verandering kom deur die persoon te vervang.

Wat het gebeur? Die konflik wat ontstaan het, is vir die eerste keer in die oë gekyk en ons kon oor ŉ tafel met as kinders van die Here mekaar gepraat. Die Gees het die gemeente weer op God laat fokus en toe het dinge verander.

In Hoofstuk 4 is aandag gegee aan die interpreterende taak. Die navorsing wil verduidelik waarom die spesifieke patroon en dinamika na vore kom. Die volgende vraag is beantwoord: Hoekom gebeur dit? Dit is baie duidelik dat die impak van ekonomie ŉ geweldige rol gespeel het in etos van die gemeente. Dit is verder geneem deur die invloed van globalisasie. Die Koue Bokkeveld is getransformeer van ŉ klein voorspoedige plattelandse omgewing, na ŉ speler in die globale wêreld. Dit is inderdaad ŉ pluimpie vir die leierskap van die omgewing.

Die invloed wat globalisasie op identiteitsvorming het, is nie mee rekening gehou in die Koue Bokkeveld nie. Dit was asof dit sluimerend teenwoordig was. Dit het gewag om ontsluit te word. Die opmerking van Castells dat die sosiale samestelling van identiteit altyd plaasvind binne ŉ konteks wat gekenmerk word deur magsverhoudings, is uiters relevant vir die gemeente. Die mag het geskuif weg van die patriarge na die gewone lidmate (leierskap identiteitsskuif). Dit het tot gevolg gehad dat lidmate anders oor hulleself begin dink het. Dit was eintlik ŉ paleis revolusie wat hom hier afgespeel het met die vorming van projekidentiteit. Die basis van leierskap het geskuif, weg van wie geld het na eienaarskap vir die gemeente. Die leierskapstyl wat opnuut gebore was, was die van gedeelde leierskap. Die leiers is saam met die leraar verantwoordelik vir die gemeente. Mag is nie meer geleë in geld nie, maar in Sy koninkryk aan wie alle mag behoort.

In Hoofstuk 5 is aandag gegee aan die normatiewe taak. Die situasie is geïnterpreteer deur die hermeneuties lens van die *missio Dei* en die Triniteit. Die volgende vraag is beantwoord: Wat behoort te gebeur? In hierdie hoofstuk is gekyk na verhoudings in die gemeente. Hoe kan die verhoudings herstel word. Die hekkie van verhoudingsvervlakking loop soos ŉ goue draad deur die navorsing. Vanuit ons Trinitariese denke is aangetoon dat die onderlinge verhoudings in die gemeente ŉ weerspieëling moet wees van die Trinitariese verhouding. Wat behoort dus te gebeur? Die Gemeente moet haar missie op nuut uitleef en op God fokus. Daar is aangetoon dat tydens die konflik, die gemeente weer opnuut op God begin fokus het met die gevolg dat lidmate anders na mekaar begin kyk het.

Die trinitariese denke beïnvloed ook ons manier van dink oor die ampte. Daar is nie sprake van ŉ hiërargiese model nie. Almal is op ŉ gelyke vlak. Die een kan nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sonder die ander nie. Die leierskap is juis die van medeverantwoordelik wees. Dit sal uitgebou moet word in die gemeente aangesien dit in stryd is met die huidige kultuur.

In Hoofstuk 6 is aandag gegee aan die pragmatiese taak. In die hoofstuk het ons gekyk wat sal die beste strategie wees wat die situasie positief sal beïnvloed om oop en reflekterende gesprekke moontlik te maak. Die volgende vraag is beantwoord in die hoofstuk: Hoe behoort ons daarop te reageer? Die gemeente sal op ŉ geloofsonderskeidende reis moet gaan. Om geloofsonderskeiding deel van die gemeente kultuur te maak, is bespreek. Daar sal veral gebruik gemaak word die hekkie-oopmakers om die gemeenskap tussen gelowiges nie net in stand te hou nie, maar ook uit te bou. Duidelike onderskeid sal tussen die samelewing en die gemeenskap van gelowiges, gehandhaaf word.

Ons sal voortdurend in gedagte moet hou dat geloofsonderskeiding binne ons konteks, uiters gekompliseerd is. Om die kultuur en evangelie hier in gesprek te hou op ŉ wyse dat die een nie die ander domineer of manipuleer nie, is ŉ groot uitdaging. Dit is hierdie stryd wat voortdurend besig is om hom af te speel in die gemeente. Deur voortdurend met die vier vrae van Osmer besig te wees, deur soms terug te beweeg met die beantwoording van die vrae en dan weer vorentoe, sal help om geloofsonderskeidend te lewe.

Deur die beoefening van die geloofsgewoontes sal die gemeente ingestel bly deur die werking van die Gees, om op God te fokus en om op God se ritme te beweeg in die wêreld, om sodoende ŉ lig vir die wêreld te wees, om sout vir die omgewing te wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE

Agenda van Algemene Sinode 2010

Ammerman, N.T, Carrol, J.W, Dudley,C.S, Eiesland,N.L, C.S, McKinney, W, Schreiter,R.L,Thumma, S.L,Warner, R. S,1998. *Studying Congregations. A New Handbook.*Nashville: Abingdon

Barry, W.A. 2004. *Spiritual Direction and the Encounter with God: A Theological Inquiry. Revised Edition.* New Jersey: Paulist Press.

Barret, L,Y, Hobbs, C, Guder, D.L, Hunsberger, G.R, Stutzman,L.L,Van Kooten,J, Ziemer,D.A 2004 *Treasure in Clay Jars: Patterns in Missional Faithfulness: The Gospel and Our Culture Network.*Grand Rapids,Michigan:William B Eerdmans

Bosch,D.J 2004 (19). *Transforming Missions: Paradigm Shifts in Theology of Missions.* New York: Orbis

Boren, M.S. 2007. *The Relational Way: From small group structures to holistic life Connections.*Houston Texas U.S.A *:*Touch Publications.

Burger,C. 1999. *Gemeentes in die Kragveld van die Gees: oor die unieke identiteit, Taak en bediening van die kerk van Christus: Gemeente en Bediening 4.* Stellenbosch, BUVTON :in samewerking met Lux Verbi.

Burger,C.1991. *Die Dinamika van ’n Christelike geloofsgemeenskap: Nuut Gedink oor Gemeentes*. Kaapstad:Lux Verbi.

Castells,M 2004. *The Power of Identity: The information age: Economy,Society and Culture Volume 2.* Cornwall: MPG Books Ltd.

Cohen,R & Kennedy,P 2000. *Global Sociology.* Washinton Square: New York University Press.

Durand, J.J.F 1976.*Die Lewende God: Wegwysers in die Dogmatiek.* Pretoria: N.G.Kerkboekhandel

Guder,D.L. 2000.*The Continuing Conversion of the Church: the Gospel and Our Culture Series.* Grand Rapids. Michigan:William B. Eerdmans Publishing Company.

Giddens, A. 2000. *The consequences of Modernity.* Cambridge: Polity Press

Harvey,D 1989.*The Condition of Modernity. An Enquiry into the Origins of Culture Change.* Cambridge, Massachusettes: Blackwell Publishers.

Held,D & McGrew,A. 2000. “The Great Globalisation Debate: An Introduction” in Held,D,& McGrew, A. (eds) *The Global Transformations Reader: An introduction to the Globalisation Debate.* Cambridge*: Polity Press.*

Hendriks,H.J. 2004. *Studying Congregations in Africa.* Wellington: Lux Verbi. BM.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hendriks, H.J. 1992. *Strategiese Beplanning in die Gemeente: Die Beginsels & Praktyk Van Gemeentevernuwing.*Wellington: Hugenote- Uitgewers.

Hopewell, J.F. 1989. *Congregation Stories and Structures* Phildelphia FortressPress

Keifert, P. **2009.** *Ons is nou hier. 'n Nuwe era van gestuur-wees.*Wellington:Bybel Media

Kübler-Ross,E. 1996. *On Death and Dying* Great. Britain:Fletcher &Son Ltd,Norwich.

Mann,A. 1998. *The In – Between Church: Navigating Size Transitions in Congregations:*Alban Institute

Marais, F. 2007. *God praat- leef luisterryk vir vergaderings*: Wellington: Bybelkor.

Marais, F & Taylor Ellison,P 2007. Push through the pain: The Spirit transforming Churches across the world. Unpublished Article.

Niemandt, N.2007. *Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede: Geloofsgemeenskappe in Pas met 'n Postmoderne Wêreld* Wellington:Lux Verbi. B.M.

Osmer,R.R. 2008. *Practical Theology: An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans*

Peterson, E. H.2005. *Christ Plays In Ten Thousand Places:A Conversation in Spiritual Theology.*Cambridge: William B Eerdmans Publishing

Robinson,A,B. 2003. *Transforming Congregational Culture.* Grand Rapids, Michigan: William B.Eerdmans Publishing Company.

Robinson,A,B. 2008.*Changing The Conversation. a third way for congregations.* Grand Rapids, Michigan:William B. Eerdmans Publishing Company.

SAVGG. 2008.SAVGG Gemeentereisgids- Fase 1: Ontdekking Welkom Uitgawe 2: Ongepubliseerd

Van Biljon,J. 2010.*Koue Bokkeveld Opleiding Sentrum.* Ongepubliseerd.

Van der Merwe,G.J.2011. *Koue Bokkeveld: Die storie van Op-die-Berg:* Montague Gardens: CED Print and Finishing.

Volf,M. 1998. *After Our Likeness: The Church as the Image of the Trinity.*William B Grand Rapids, Michigan:William B Eerdmans.

Walls, A,F. 2007. *The Cross- Cultural Process In Christian History.*Maryknoll. New York. U.S.A. Orbis Books.

Willard D. 1998.*The Spirit of The Disciplines*:*understanding how God changes Lives.*New York: HaperCollines Paperback Edition Published

Ware,C. 1995. *Discover your spritual type: A Guide to Indiwidual and Congregational Growth.* Alban Institute

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ONGEPUBLISEERDE GEMEENTE BUNDELS

Van der Merwe, D *Op-die-Berg Kwartteeu-Fees.*

Op-die-Berg 10 N.G. gemeente 10 jaar oud.

KERKRAADSNOTULES.

Notule van Kerkraadsvergadering wat gehou is op 22 Oktober 2008 om 19h00 in die Gemeentesaal NG Kerk Op-die-Berg

Notule van spesiale Kerkraadsvergadering wat gehou is op 22 April 1990 na die erediens.

Notule van Kerkraadsvergadering soos gehou op Woensdag 28 Augustus 1996 om 19h00 in die Gemeentesaal NG Kerk Op-die Berg

Notule van Kerkraadsvergadering wat gehou is op Woensdag 22 Oktober 2008 om 19h00 te N.G. Kerk Op-die-Berg

Notule van die Kerkraadsvergadering wat gehou is op Woensdag 24 Junie 2009 om 19h00 te N.G. Kerk Op-die-Berg

Notule van die Kerkraadsvergadering wat gehou is op Woensdag 9 September 2009 om 19:00 te N.G. Kerk Op-die-Berg

Notule van die Kerkraadsvergadering wat gehou is op Woensdag 11 November 2009 te N.G. Kerk Op-die-Berg

Notule van die Kerkraadsvergadering wat gehou was op Woensdag 10 Maart 2010 om 19:30 te N.G. Kerk. Op-Die-Berg

NOTULE VAN DAGBESTUURSVERGADERINGS.

Notule van Dagbestuursvergadering 23 Februarie 1994

Notule van Dagbestuursvergadering 25 April 1994

Notule van Dagbestuursvergadering 28 Augustus 1995

Notule van Dagbestuursvergadering 19 Junie 1996

Notule van Dagbestuursvergadering 20 Januarie 1997

Notule van Dagbestuursvergadering 14 April 1997

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Notule van Dagbestuursvergadering 22 Mei 1997

Notule van Dagbestuursvergadering 15 Oktober 1997

Notule van Dagbestuursvergadering 22 Januarie 1998

Notule van Dagbestuursvergadering 23 Februarie 1998

Notule van Dagbestuursvergadering 31 Augustus 1998

Notule van Dagbestuursvergadering 19 Oktober 1998

Notule van spesiale Dagbestuursvergadering 14 September 1998

Notule van Dagbestuursvergadering 21 September 1998

Notule van Dagbestuursvergadering 21 Januarie 1999

Notule van Dagbestuursvergadering 11 Maart 1999

Notule van Dagbestuursvergadering 19 April 1999

Notule van Dagbestuursvergadering 15 Junie 1999

Notule van Dagbestuursvergadering 2 Augustus 1999

Notule van Dagbestuursvergadering 29 November 1999

Notule van Dagbestuursvergadering 20 Januarie 2000

Notule van Dagbestuursvergadering 22 Mei 2000

Notule van Dagbestuursvergadering 3 Augustus 2000

Notule van Dagbestuursvergadering 1November 2000

Notule van Dagbestuursvergadering 1 Februarie 2001

Notule van Dagbestuursvergadering 23 Mei 2002

Notule van Dagbestuursvergadering 23 September 2002

Notule van Dagbestuursvergadering 12 November 2002

Notule van Dagbestuursvergadering 29 Januarie2003

Notule van Dagbestuursvergadering 6 Maart 2003

Notule van Dagbestuursvergadering 26 Mei 2003

Notule van Dagbestuursvergadering 22 September 2003

Notule van Dagbestuursvergadering 3 Desember 2003

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Notule van Dagbestuursvergadering 20 Januarie 2004

Notule van Dagbestuursvergadering 18 Maart 2004

Notule van Dagbestuursvergadering 13 Mei 2004

Notule van Dagbestuursvergadering 22 November 2004

Notule van Dagbestuursvergadering 23 Februarie 2005

Notule van Dagbestuursvergadering 12 September 2005

Notule van Dagbestuursvergadering 17 Oktober 2005

Notule van Dagbestuursvergadering 24 April 2006

Notule van Dagbestuursvergadering 22 Mei 2006

Notule van Dagbestuursvergadering 27 Augustus 2006

Notule van Dagbestuursvergadering 10 Oktober 2006

Notule van Dagbestuursvergadering 20 November 2006

Notule van Vroue Sendingbond: Notules van Algemene Vergaderings. April 1972 tot September 1981.